

Wil ons 'n Ou Testament sonder Christus hê?

1.0 Spasiëring

63 Bladsye

'n Voorlegging in verband met die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling wat in 2016 of later gaan verskyn

- Hierdie voorlegging is eerstens in konsepvorm aan die Bybelgenootskap en vertalers van die nuwe (2016) Bybelvertaling beskikbaar gestel. Nadat die terugvoeringstydperk verloop het, en terugvoerings oorweeg is, is die voorlegging in boekvorm gepubliseer en beskikbaar op die Internet.
- Ons verklaar dat niks in hierdie voorlegging teen enige persoon, of groep persone, of instansie gemik is nie.
- Teksverwysings wat hierin voorkom, is uit die 1953-Vertaling geneem, tensy anders vermeld.
- Hierdie dokument kan met vrymoedigheid gereproduseer word.
- **Vir navrae:** kontak Danie Haasbroek
Tel/Faks: (012) 345 2753
Sel: 076 689 3079
E-Pos: daniehaasbroek@gmail.com.

Hierdie dokument, getitel: *Wil ons 'n Ou Testament sonder Christus hê?* is een van die dokumente wat in Afrikaans en Engels verskyn op die webblad www.2016vertaling.co.za

Inhoudsopgawe

'n Woord vooraf	3
1. Voorstelle	4
2. 'n Probleem wat vinnig uitbrei	5
3. Voorbeelde van hoe Christus reeds wegvertaal is	6
4. Waar kom die probleem vandaan?	6
5. Die opdrag aan die Bybelvertalers	9
6. Die huidige standpunt van die Bybelvertalers	9
7. Argumente waarvolgens Christus uit die Ou Testament wegvertaal word	11
8. Die besluit van die sinode van 1987	19
9. Nou: 'n nie-konfessionele vertaling?	22
10. Moontlike interpretasies wat aan die gebruik van kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament geheg kan word.	25
11. Gevolgtrekkings – ten opsigte van die gebruik van kleinletters	26
12. Die regte vertrekpunte vir die vertaalproses	29
13. Wat is 'n Christofanie?	34
14. Die BoodsAPPER van God in die Ou Testament	37
15. Wat van die sogenaamde “oudste manuskripte”?	41
16. 'n Saak van geloof	41
17. Bybelvertalings met die regte tendense	41
18. Aanbevelings – en die korrekte rigting in Bybelvertaling	42
19. Versoeke aan die uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika	43
20. Kom ons bly getrou by die waarheid staan	44
BYLAAG 1	45
BYLAAG 2	51
BYLAAG 3	55
BYLAAG 4	60
Bronnelys	61

'n Woord vooraf

Die saak wat in hierdie voorlegging bespreek word, is van die grootste belang. Christus het aan Sy dissipels, en aan ons, die Groot Opdrag gegee om die Evangelie te verkondig (Matt 28:18-20) en te behou.

Bybelvertaling speel hierin 'n belangrike rol. Dat die Bybel suiwer en reg vertaal moet wees, is vir 'n Christengelowige ononderhandelbaar. Bybelvertalings beïnvloed teologie.

Daar kom vandag twee strominge voor in Bybelvertalings, naamlik:

Eerstens is daar die vertalings waarin die Name van Christus in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament behou word. Hiervan kan die meeste van die Engelstalige Bybelvertalings as voorbeelde genoem word (byvoorbeeld die New King James Version en die Amplified Bible). Dit is ook die rigting wat in hierdie voorlegging aanbeveel word.

Tweedens is daar die rigting wat Christus se Name in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament weglaat. Hiervan is die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983-uitgawe) 'n voorbeeld. Hierin kom Christus se Name in die Ou Testament (byvoorbeeld *God, Here, Koning, Messias* en *Seun van God*) nie in die Messiaanse profesieë (behalwe Jesaja 9:5) en ook nie in die Messiaanse psalms voor nie.

Ons beskou laasgenoemde teologie as verkeerd.

Die vraag kom nou na vore: Wat gaan gebeur in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling wat beplan word om in 2016 of later te verskyn?

Ons het rede om bekommerd te wees oor die **soort teologie** wat deesdae in baie kringe beoefen word, veral wat betref die onderwerp van Christus se posisie in die Ou Testament.

In hierdie omstandighede is 'n getuienis in verband met Christus se ereposisie in die Ou Testament van besondere belang. Dit word in hierdie voorlegging aan die vertalers uiteengesit, maar tegelyk ook as 'n getuienis teenoor alle Christene.

Hierdie voorlegging is suiwer op die Skrif gebaseer.

Ons hartewens is dat die Here se eer weer in Sy Woord herstel sal word!

Prof PW Hoek
Ds Danie Haasbroek

Pretoria
28 Julie 2008

VOORLEGGING

Aan: Die Bybelgenootskap en al die medewerkers aan die vertaling van die nuwe Bybel in Afrikaans (wat in 2016 of later gaan verskyn).

Sedert dit bekend geword het dat die Bybel opnuut in Afrikaans vertaal gaan word, het die volgende vraag na vore gekom: Gaan Christus se Name weer uit die Messiaanse profesieë in die Ou Testament verwyder word soos dit in die 1983-Vertaling gebeur het?

Een van ons (Danie Haasbroek) het telefoniese gesprekke gehad met pastoor Manie van den Heever wat op daardie stadium die Hoof: Vertaling en Teksversorging, van die Bybelgenootskap in Kaapstad was, asook met prof Bernard Combrink, die voorsitter van die *Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans*. Van hulle is verneem dat die volgende reeds besluit is: In die beplande Afrikaanse Bybel wat tans vertaal word, sal weer kleinletters gebruik word in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament.

Die implikasie hiervan is dat byvoorbeeld die woorde *Hy* en *Hom* in Jesaja 53, asook die Name van Christus in die Ou Testament (byvoorbeeld: *God, Here, Koning, Priester, Profeet, Seun van God*, en *Gesalfde*) met kleinletters geskryf sal word.

Voorts is genoem dat indien persone uit die publiek veranderinge wil voorstel, dit skriftelik voorgelê moet word.

In reaksie hierop dien ons graag die volgende voorstelle in:

1. Voorstelle

- 1.1 Ten opsigte van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (die ABV-projek) versoek ons dat in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament, Christus ten volle geëer sal word deurdat al Sy Name en die betrokke voornaamwoorde met hoofletters geskryf sal word.
- 1.2 Verder versoek ons dat hoofletters in meer Messiaanse gedeeltes gebruik sal word as selfs in die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling. Kyk byvoorbeeld na die volgende woorde wat na Christus verwys en in sommige Bybelvertalings met hoofletters geskryf is:
 - * die woorde *Saad, Hy* en *Hom* in Genesis 3:15 (vergelyk onder andere die New King James Version en die Amplified Bible),
 - * die woorde *Dawid, Herder, Kneg* (of *Dienaar*) en *Koning* in byvoorbeeld Esegïel 34:23; 37:22-25 en Hosea 3:5 (vergelyk die Amplified Bible), en
 - * die term *Leraar van Geregtigheid* in Joël 2:23 (vergelyk The Scriptures – dit is ’n Bybelvertaling van die Messiaanse Jode).

(Vergelyk ook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, 2008-uitgawe, bladsy 78-79, 107, 165, 167, 231 punt 6, 260.)

Motivering

Dit is teologies korrek dat Christus die ereplek in die Ou Testament beklee, net soos in die Nuwe Testament. Hy was nog altyd ’n Goddelike Persoon. Hy het van alle ewigheid af aktief as God, Here, Koning, Priester, Profeet, Gesalfde (Messias) en Seun van God bestaan en funksioneer.

Die grootste enkele punt van kritiek wat deur die loop van jare teen die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983-uitgawe) ingebring is, was juis die gebruik van kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament en die teologie wat daaragter sit. Die kritiek word verder daarin weerspieël dat 'n aantal Afrikaanse Kerke verkies om die 1953-Vertaling te gebruik. Daar sal ook teen die nuwe vertaling waaraan u werk, noodwendig geregverdigde weerstand wees indien u Christus uit Sy eie Woord sou wegvertaal.

2 'n Probleem wat vinnig uitbrei

Baie hedendaagse publikasies bevat beskrywings wat Christus se ereposisie in die Ou Testament weerspreek. Dit gee ons rede om bekommerd te wees oor wat nou gaan gebeur.

Kyk na die volgende voorbeelde:

- 2.1 In die Nuwe Afrikaanse Bybel (1983-uitgawe) is die bogenoemde Name van Christus op al die plekke, behalwe Jesaja 9:5, uit die Messiaanse profesieë in die Ou Testament verwyder. Die uitwerking hiervan kom byvoorbeeld duidelik na vore in Jesaja 53 waar kleinletters “hy” en “hom” gebruik word. Dit kan aandui dat Christus nie meer as 'n Goddelike Persoon vir ons sondes sou sterf nie. Dit kan andersyds aandui dat dit nie *Hy* is wat vir ons sondes sou sterf nie, maar iemand anders. Sommige teoloë van vandag sê dat Jesaja 53 na die volk Israel in ballingskap, of Moses, of selfs Kores verwys!
Hierdie teoloë se argument is dat Jesaja nog nie vir Christus geken het nie en dus nog nie Hom in gedagte kon hê toe hy die profesie neergeskryf het nie. Volgens hulle het Jesaja waarskynlik 'n aardse koning wat 'n tydgenoot van hom was, of 'n bekende persoon soos Moses, in gedagte gehad toe hy die profesie neergeskryf het.
- 2.2 In Verklarende Bybels in Afrikaans wat die 1983-Vertaling as basis gebruik, word Christus tot 'n groot mate uit die Ou Testament wegredeneer.
- 2.3 Net so is Christus se Name in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament ook wegvertaal uit nie-amptelike Bybelvertalings wat sedertdien verskyn het. Voorbeelde hiervan is: Die Boodskap, en Die Bybel: Nuwe Lewende Vertaling.
Vergelyk byvoorbeeld hoe hierin Christus se Name (naamlik: *God, Here, Seun van God, Koning, Priester, Profeet en Messias*) telkens met kleinletters vervang is in Psalm 2:1-12; Psalm 45:7-8 en Psalm 110:1, 4. Vergelyk dit dan met die 1953-Vertaling.
- 2.4 Die Name van Christus is ook uit Psalm 2, 45 en 110 in die nuwe psalmberyming van TT Cloete verwyder. (Die boek: *Is Jesus in Psalms?* handel hieroor.)
- 2.5 Kan ons verwag dat in nuwe psalmberymings in Afrika-tale die Name van Christus ook daaruit verwyder sal word?
- 2.6 Die vraag kan gestel word tot watter mate die proses al gevorder het om Christus se Name in die Ou Testament ook uit nuwe Bybelvertalings in Afrika-tale in Suid-Afrika te begin wegvertaal.
- 2.7 Kan ons ooit bereken wat die verwarrende invloed is wat vanuit die Afrikaanse teologie na hierdie land en ook na ander lande en volke uitgaan? (Hou ook in gedagte dat baie buitelandse studente vir teologiese kursusse by Suid-Afrikaanse universiteite ingeskryf is.) Dit kan daarop neerkom dat op die lang duur talle mense, wat ewigheidsake aanbetref, hierdeur mislei kan word en verlore kan gaan.

3. Voorbeelde van hoe Christus reeds wegvertaal is

Om te illustreer hoe Christus, reeds in die 1983-Vertaling, uit die Messiaanse profesieë in die Ou Testament wegvertaal is, word hier 'n paar voorbeelde gegee:

	1953-Vertaling	1983-Vertaling
Deuteronomium 18:15-19	'n (groot) Profeet	'n (groot) profeet
Psalm 2:2, 6-7, 12	Gesalfde, Koning, Seun	gesalfde, koning, seun
Psalm 45:2, 7-8	Koning, God	koning, verhewe wese
Psalm 110:1	my Here	my koning
Jesaja 53:11	my Kneg, die Regverdige	my dienaar, die regverdige
Jeremia 23:5	Spruit, Koning	spruit, koning
Jeremia 23:6	DIE HERE ONS GEREGTIGHEID (dit is 'n eienaam van Christus)	Die Here regeer regverdig oor ons (dit dui nie 'n unieke eienaam van Christus aan nie)
Daniël 7:13	Seun van 'n mens	iemand soos 'n menslike wese
Daniël 9:25-26	Gesalfde (=Messias), Vors	'n regeerder wat uitverkies is
Sagaria 9:9	Koning	koning

In die 1983-Vertaling is die Name van Christus in die Ou Testament in slegs twee Messiaanse profesieë behou en met hoofletters geskryf (en dus direk-Messiaans vertaal) naamlik Jesaja 9:5 en Maleagi 3:1. In die 1953-Vertaling word 23 Skrifgedeeltes in die Ou Testament deur middel van die gebruik van hoofletters as direk-Messiaans aangedui.

Ten opsigte van die Heilige Gees

Uit die volgende tabel blyk hoe sommige Bybelvertalings afwyk van die waarheid ten opsigte van die Heilige Gees se posisie in die Ou Testament, deurdat Sy Naam met kleinletters geskryf word. (Die volgende voorbeelde is geneem uit The Layman's Parallel Bible, 1973 uitgawe):

	Genesis 1:2	Psalm 51:13	Jesaja 63:11
King James Version	spirit	holy spirit	holy spirit
Revised Standard Version	Spirit	holy Spirit	holy Spirit
New English Bible	like a mighty wind	holy spirit	holy spirit

Hierteenoor word in die 1953 en die 1983 Afrikaanse vertalings, in al drie gevalle die Heilige Gees se Naam met hoofletters geskryf. MAAR: dit is kommerwekkend dat in die eerste proefuitgawe van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (wat in 2008 verskyn het) die woord *Gees* met 'n kleinletter geskryf is in Genesis 1:2, wat soos volg lees: *En die gees van God was aan die sweef oor die water.*

4. Waar kom die probleem vandaan?

Die vraag kom na vore: Wat sit agter die aanslag wat Christus uit die Ou Testament wil verdring? Hier kan in besonder die invloed vanuit die Rooms Katolieke Kerk genoem word.

Die invloed van tradisie

Deur die eeue was daar aanvanklik min Bybels beskikbaar. Die boekdrukkuns is eers in omstreeks 1450 nC uitgevind. Bybels was ook in min tale vertaal, wel onder andere in Latyn deur die

kerkvader Hieronimus, in 390-405 nC. (Die Engelse het byvoorbeeld eers in 1611 die King James Version beskikbaar gekry.) Die Latynse Bybel was hoofsaaklik in kloosters en katedrale beskikbaar en ontoeganklik vir gewone lesers. Die kerklike publiek kon dus nie vanuit die Skrif leerdwalinge in die Roomse kerk korrigeer nie.

Nadat keiser Konstantyn in 313 nC vryheid van godsdiens aan die Christene verleen het, het baie mense by die kerk aangesluit weens die status daaraan verbonde. Daarmee saam het baie leerdwalinge ingesluit. Legendes het naderhand kerklike leerstellings geword, byvoorbeeld ten opsigte van die sondeloosheid en middelaarskap van Maria. Vandag nog is dit 'n tipies Rooms Katolieke denkwysie om byvoorbeeld die verhale in die Ou Testament te beskou as mites (godeverhale), sages (verhale van helde), legendes en fabels, wat aanvanklik in omloop was en toe saamgevoeg is, en dat dit nou die Bybel is.

Voor 1965 was die Roomse kerk nie by Bybelvertaling en Bybelverspreiding betrokke nie. Intendeel, deur die eeue is duisende mense deur die Roomse kerk om die lewe gebring juis omdat hulle Bybels besit het. Tydens *Vatican II* (die Tweede Vatikaanse Konsilie) wat vanaf 1962 tot 1965 gehou is, is egter besluit om voortaan aan Bybelvertaling en Bybelverspreiding deel te neem. Daarna het Rooms Katolieke geleerdes wêreldwyd by Bybelvertalingsprojekte betrokke geraak. Die Roomse denkwysie het daardeur sy invloed laat geld.

So het talle Protestantse geleerdes byvoorbeeld vir die tipies Rooms Katolieke idee geval dat die Ou Testamentiese mense (wat die legendes vertel het) nog nie vir Christus geken het nie, en dus nie van Hom kon skryf nie, en dat daarom ook niks van Christus in die Ou Testament te lees is nie. Die gevolg is dat Christus nou wegvertaal word uit die Ou Testament, en dat kleinletters in die Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament gebruik word. Dit gebeur nie net in die Nuwe Afrikaanse Bybelvertalings nie, maar het reeds in talle Bybelvertalings in veral Westerse tale so neerslag gevind.

In selfs die King James Version en die Revised Standard Version word 'n aantal Name van Christus in die Ou Testament met kleinletters geskryf. Selfs word die Naam *Heilige Gees* nou in byvoorbeeld die New English Bible as *holy spirit* (met kleinletters) in die Ou Testament geskryf.

Inligting wat verskyn op die webblad www.biblesociety.ie

'n Publikasie getitel: *Working together for the Word*, (Subtitel:) *Celebrating 40 years of fruitful co-operation*, het in 2005 verskyn. Dit is deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (of WBG) ook bekend as die United Bible Societies (of UBS) uitgegee. Hierin verskyn onder andere die volgende gegewens:

Die WBG het in 1946 tot stand gekom. Aanvanklik was daar nie samewerking tussen die WBG en die Rooms Katolieke Kerk nie. In 1965 egter het die Katolieke Kerk, by die *Vatican II* Konsilie, die *Dei Verbum*-dokument uitgereik. Hiervolgens sou die Katolieke Kerk voortaan met die WBG saamwerk en die WBG het dit so aanvaar.

Sedertdien het die Katolieke Kerk verteenwoordiging op nasionale rade van Bybelgenootskappe wêreldwyd en is hulle ook betrokke by gesamentlike Bybelvertalingsprojekte en Bybelverspreiding. Dit blyk dat hulle by Bybelvertaling besondere klem lê op die interkonnessionele benadering. (Die term “interkonnessioneel” beteken dat die vertaling beide die Katolieke en Protestantse kerkgroepe se belydenis moet akkommodeer.)

In 1968 is 'n belangrike dokument gesamentlik deur die WBG en die Katolieke Kerk uitgereik. Dit was getitel: *Guiding Principles for Interconfessional Co-operation in Translating the Bible*. Dit het 'n model vir interkonfessionele vertalingswerk voorsien. Onder andere sou apokriewe boeke ook voortaan, waar nodig, in Bybels ingebind word. Feitlik onmiddelik hierna het prof Carlo Maria Martini by Bybelvertaling betrokke geraak. (Hy het later kardinaal geword.) Talle ander Rooms Katolieke teoloë sou volg.

In 1969 is die *World Catholic Federation for the Biblical Apostolate* (WCFBA) gestig. Hieruit het die *Catholic Biblical Federation* ontstaan wat vandag nog wêreldwyd by Bybelvertalingsprojekte betrokke is. Die Vatikaan het die werk van die WCFBA beskou as 'n belangrike deel van die *Secretariat for Promoting Christian Unity* se taak.

Na aanleiding van bogenoemde wil ons 'n paar opmerkings maak, naamlik:

- By die Rooms Katolieke Kerk bestaan daar 'n klem op die verkryging van die ewige lewe deur middel van goeie werke. Die saligheid kan verkry word deurdat die mens self sy saligheid verdien. 'n Vertaling saam met die Rooms Katolieke Kerk loop gevaar om daardie teologie in die Afrikaanse Protestantse Bybel in te dra. Die gebruik van kleinletters “hy” en “hom” in Jesaja 53, in die 1983-Vertaling, dui tog daarop dat gewone mense vir hulself, en vir ander, verlossing bewerk.
 - Waarom word Christus se Name, naamlik *God, Here, Seun, Koning, Priester, Profeet* en *Messias (Gesalfde)* uit die Messiaanse profesieë verwyder? Moet Hy dalk onttron word? Ten gunste van wie?
 - Dink u nie dat, weens die Rooms Katolieke Kerk se baie nie-Protestantse leerstellings en praktyke, dit beter is om nie 'n eenheid met hulle te vorm en saam met hulle 'n Bybel te vertaal nie?
 - As ons werklik met die Katolieke Kerk 'n geloofseenheid sou vorm, wat sal die inhoud van hierdie geloof dan wees?
 - Is die Katolieke Kerk se doel nie dalk om die Protestantse kerke op 'n vreedsame “ekumeniese” wyse in te trek met die oog op wêreldwye kerkeenheid nie?
 - Word met sulke gesamentlike Bybelvertalings – soos die nuwe (2016) Vertaling – nie gepoog om alle gelowe te akkommodeer, en dus die intergeloof-beweging en *New Age* te bevorder nie?
 - Is die doel hiermee nie om die wêreld tot 'n Nuwe Wêreldorde te lei nie – soos deur Pous Johannes Paulus II op 1 Januarie 2004 op wêreldwye TV verkondig is om te implementeer? Dit kom daarop neer dat die wêreld tot 'n eenwêreldkerk onder die Vatikaan gelei kan word. Ons kan aanvaar dat die strewe na 'n eenwêreldregering en 'n eenwêrelddeksonomie deel van hierdie begrip uitmaak.
- Vorm die strewe na globalisering, wat deesdae dikwels van gehoor word, nie ook deel van hierdie ideaal nie?

Opsommend:

Voor 1965 was die Rooms Katolieke Kerk nie by Bybelvertalingswerk betrokke nie.

Sedertdien het daar 'n invloed in Afrikaanse Bybelvertalingswerk ingekom wat 'n swaai weg van Christus af (by name in die Ou Testament) meegebring het.

Verder het liberale teologiese tendense vanaf verskeie oorsese universiteite hierheen oorgespoel. Die invloed vanuit die bogenoemde instansies het ook Suid-Afrikaanse teologiese fakulteite binnegedring, met ernstige gevolge. Christus word nou deur verskeie teoloë uit die Ou Testament wegredeneer.

U sal begrip daarvoor hê dat die Bybelgenootskap en die WBG 'n uiters belangrike funksie het om te vervul. Ook is terugkeer na suiwer teologiebeoefening aan al ons teologiese fakulteite van die uiterste belang. Dit is juis weens die belangrikheid hiervan dat foute en probleme blootgelê en reggestel moet word.

In die lig van hierdie vereiste kom die volgende vrae na vore:

- Is die onderrig tans aan Afrikaanse teologiese fakulteite volgens dit wat die Bybel en die Belydenisskrifte in werklikheid sê?
- Tot watter mate sal Protestantse Afrikaanse kerke in die komende jare nog inspraak hê by die aanstelling van teologiese professore aan Suid-Afrikaanse universiteite? Watter invloed gaan dit mettertyd op Bybelvertaling hê?

5. Die opdrag aan die Bybelvertalers

Die vraag is: Kan ons verwag dat die vertaling van die nuwe (2016) Afrikaanse Bybel tans reg verloop? Daar is aanduidings wat op die teendeel dui. Vir 'n meer volledige oorsig van die onderwerp moet ons egter eers van die volgende kennis neem:

Die opdrag van die Bybelgenootskap aan die meer as 100 medewerkers aan die Afrikaanse Bybelvertalings-projek (die ABV-projek, vir die 2016-Bybel) lees soos volg:

“Skep 'n goed verstaanbare bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Die opdrag word verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte wees en verklarende notas moet gebruik word om inligting te voorsien wat nie in die vertaling self voor die hand liggend is nie. Vir kerke wat daarvan gebruik wil maak, sal die deuterokanonieke boeke (dit is sommige apokriewe boeke) ook vertaal word. Die aanvangsdatum vir die nuwe vertaling is 2006 en die werk sal bykans 10 jaar duur teen 'n beraamde koste van R650,000 per jaar. Die vertaling sal vir die volgende 30 tot 40 jaar die Afrikaanssprekende gemeenskap bedien.” (Vergelyk: Die Hervormer, uitgawe van 1 Mei 2006.)

Hieruit blyk dat die vertaling bronteks-georiënteerd sal wees. Dit sal dus nie meer volgens die dinamies-ekwivalente vertaalmetode (wat toegepas is by die 1983-Vertaling) vertaal word nie.

Daar is egter denkrigtings wat 'n gevaarlike invloed op die vertaalproses kan uitoefen. Dit is ons plig om dit onder u aandag te bring.

6. Die huidige standpunt van die Bybelvertalers

Hierdie standpunt word uiteengesit in 'n inligtingstuk wat die Bybelgenootskap in Junie 2008 uitgestuur het aan die sentrale kerkkantore van al die kerke wat aan hierdie vertaling meewerk. Sommige van hierdie meewerkende kerke het dit reeds aan leraars uitgestuur.

Weens die belangrikheid van hierdie inligtingstuk word dit hier volledig aangehaal – met goedkeuring van die Bybelgenootskap en die voorsitter van die Bybelvertalers. Die vetgedrukte letters word hierin behou soos dit in die oorspronklike dokument voorkom:

AFRIKAANSE BYBELVERTALINGS-PROJEK

**INLIGTINGSTUK: DIE AANDUIDING VAN GEDEELTES IN DIE
OU TESTAMENT WAT IN DIE NUWE TESTAMENT
CHRISTOLOGIES GEÏNTERPRETEER WORD**

Die Begeleidingskomitee van die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek gee graag, soos die vertaalprojek vorder, van tyd tot tyd inligting wat van belang is deur aan die meewerkende kerke. Een van die vrae waarmee die samestellers van die werkboek vooraf geworstel het, was hoe om teksgedeeltes in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament vertolk word as verwysings na Christus, aan te dui en nog steeds getrou te bly aan die bronteks en die integriteit van die teks te handhaaf.

Die versoek wat die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) namens die kerke en denominasies wat Afrikaans as voertaal gebruik tot die Bybelgenootskap gerig het, word in die vertaalopdrag soos volg saamgevat:

Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

Die bedoeling is dat die beplande vertaling **so na moontlik aan die bronteks sal hou** en dat dit ook in goeie, vloeiende, helder Afrikaans sal wees. Die implikasies van die vertaalopdrag is duidelik: **Getrouheid aan die bronteks is van die allergrootste belang.** Dit hou onder andere in dat dogmatiese besinning oor die teks, uit watter oord ook al, **nie** in die vertaling opgeneem word nie. Die Hebreeuse, Aramese en Griekse tekste van die Ou en Nuwe Testament moet self aan die woord kom in die vertaling en nie die interpretasie van daardie tekste deur dogmatici of soos dit neerslag gevind het in kerklike leerstukke en geloofsdokumente nie.

Die persone wat die werkboek saamgestel het, sowel as die lede van die Begeleidingskomitee is deeglik bewus daarvan dat bepaalde tekste in die Ou Testament reeds in die Nuwe Testament herinterpreteer word, en wel op so 'n wyse dat dit 'n nuwe betekenis kry. Dit is duidelik dat die skrywers van die Nuwe Testament 'n dieper, verborge betekenis vind in sommige woorde en selfs vertellings van die Ou Testament en dat dit vertolk word as van toepassing op Jesus die Christus se lewe en werk. Die vraag is dan nou hoe om daardie woorde en dele in die Ou Testament aan te dui en nog steeds getrou te bly aan die bronteks.

Die besondere aard van die vertaling waarmee die vertaalspanne tans besig is, is duidelik: Die tekste moet vertaal word soos wat die eerste lesers en hoorders dit waarskynlik sou verstaan. Die betekenis soos wat dit vir die eerste lesers en hoorders bedoel was, moet dus gehandhaaf word. Dit beteken onder andere dat die verborge verwysings na Christus wat die Nuwe-Testamentiese skrywers in die Ou Testament gevind het, nie in 'n vertaling neerslag moet vind deur byvoorbeeld hoofletters te gebruik nie. Die medewerkers aan die vertaling is egter van mening dat die Nuwe-Testamentiese skrywers se interpretasie en toepassing van bepaalde teksgedeeltes in die Ou Testament gerespekteer moet word, en daarom is die werkwyse om by wyse van **voetnote** in die vertaling van die Ou Testament telkens aan te dui waar 'n bepaalde woord of sin of langer eenheid in die Nuwe Testament vertolk is as 'n verwysing na Jesus Christus. Hierdie werkwyse is goedgekeur op 'n vergadering van die Kerklike Advieskomitee waarop al die meewerkende kerke en denominasies verteenwoordig is. Die gebruik van voetnote blyk dus die mees verantwoordelike manier te wees om bogenoemde saak mee aan te dui.

Ons antwoord hierop soos volg:

Die bogenoemde inligtingstuk bevat geen aanduiding wat die oortuiging weerspieël ...

- dat Christus self in die Ou Testament funksioneer nie, en
- dat die Ou Testament 'n direkte boodskap in verband met Christus bevat nie.

Kyk ook na die volgende:

- In die inligtingstuk word verklaar dat die gebruik van hoofletters verkeerdelik 'n bepaalde dogma ('n bepaalde boodskap) sou deurgee, en dat die gebruik van kleinletters geen dogma sou deurgee nie.
Wat ons betref bied beide 'n aanduiding van dogma en gee kleinletters die teenoorgestelde dogma deur as hoofletters.
Die Hebreeuse teks gebruik nie hoof- of kleinletters nie. Dit is dus verkeerd om te beweer dat juis die gebruik van kleinletters in ooreenstemming met die bronteks sou wees.
- Ook word in die inligtingstuk verklaar dat daar ook geen dogma in die Nuwe Testament (in die vertaling van die Griekse teks) mag wees nie.
Wat ons betref, as Christus se Name in die Ou Testament met kleinletters geskryf moet word, moet ons konsekwent wees en Sy Name in die Nuwe Testament ook mos met kleinletters skryf!

Wat is die korrekte uitgangspunt? Ons moet na die Gewer van die Ou (en Nuwe) Testament, naamlik Christus, self luister. Volgens Johannes 5:39 het Hy verklaar: *“Dit is juis die Skrif (die Ou Testament) wat oor My getuig”* (1983-Vertaling). Uit hierdie uitspraak van Christus is dit duidelik wat die inhoud en boodskap van die bronteks werklik is. Dit word egter direk deur die gebruik van kleinletters weerspreek. Om dus aan die bronteks getrou te bly, moet hoofletters gebruik word.

Die hele Bybel, ook die Ou Testament, wil 'n bepaalde boodskap tuisbring. Dit is hierdie bepaalde boodskap, naamlik die Evangelie van Jesus Christus (wat in beide Testamente voorkom) wat uit die hele vertaling duidelik moet wees.

Die rigting wat die Bybelvertalers en die Bybelgenootskap tans inslaan, is nie 'n nuwe rigting nie. Hierdie denkwyse het veral oor die afgelope meer as 40 jaar in die Afrikaanse teologie ingang gevind.

Almal moet dít egter weet: Die reine waarheid oor Christus in die Ou Testament is oneindig heerliker as enige afwyking daarvan. Dit is 'n hemelse vreugde om Christus reg te ken – en om Hom reg te leer ken uit 'n Bybel wat reg vertaal is.

Vir die verdere beoordeling van die bogenoemde inligtingstuk kan u die punt lees wat hierna volg.

7. Argumente waarvolgens Christus uit die Ou Testament wegvertaal word

Die voorstanders van die gebruik van kleinletters redeneer Christus se Name uit die Ou Testament weg en Hy word daarin deur gewone mense verplaas. Verder beweer die voorstanders van die gebruik van kleinletters dat, volgens die Messiaanse profesieë in die Ou Testament, dit nie Christus is wat vir ons sondes sou ly nie, maar wel die volk Israel in ballingskap, of Moses, of selfs Kores ('n heidense Persiese koning). Eers in die Nuwe Testament word hierdie profesieë op Christus van toepassing gemaak.

Dit is belangrik om te weet hoe voorstanders van so 'n vertolking redeneer en wat die argumente is wat hulle gebruik. Dít doen hulle, terwyl hulle blykbaar buite rekening laat dat Christus talle kere uit Ou Testamentiese profesieë oor Homself aangehaal het.

Die volgende argumente word as redes aangevoer waarom Christus uit die Ou Testament wegvertaal word. (Hierdie argumente kom byvoorbeeld voor in die bronne wat die gebruik van kleinletters voorstaan – soos dit aan die einde van punt 7 verskyn):

7.1 *Argument:* Ons moet die *historiese konteks* waarin die Ou Testamentiese mense geleef het in gedagte hou, naamlik dat hulle nog nie vir Christus geken het nie en dus nog nie van Hom kon praat nie.

Ons antwoord hierop soos volg:

Die werklike historiese konteks waarin die Ou Testamentiese mense geleef het, was veral die werklikheid dat Christus deurgaans aktief opgetree het om God te openbaar en boodskappe van God aan mense oor te dra (Gen 3:8, 15; Eks 14:19). In die uitvoering van hierdie taak het Christus oor baie lande heen bekend geword.

In Christus was daar lewe en hierdie lewe was die lig van die Ou Testamentiese mense (Joh 1:4). Hy was dus baie goed bekend aan die Ou Testamentiese mense.

7.2 *Argument:* Die profete het nog nie vir Christus geken nie en het dus nie geweet dat hulle van Christus skryf nie. Die profete het bekende persone in hul eie leeftyd (byvoorbeeld aardse konings) in gedagte gehad toe hulle hierdie profesieë neergeskryf het.

Ons antwoord hierop soos volg:

Die Ou Testamentiese profete het wel vir Christus baie goed geken. Hy het byvoorbeeld self in visioene aan die profete verskyn wanneer Hy profesieë aan hulle gegee het. Tereg sê Numeri 12:6: (God sê:) *As julle profete van die HERE is, sal Ek deur 'n gesig My aan hom bekend maak, deur 'n droom sal Ek met hom spreek.* In die New King James Version lees hierdie teksvers soos volg: *If there is a prophet among you, I, the LORD, make Myself known to him in a vision; I speak to him in a dream.* (Vergelyk ook Jes 6:1; Eseg 1:1; Hos 12:11.)

Uit hierdie teksvers kan ons twee afleidings maak: Eerstens is dit duidelik dat die profete vir Christus, die Spreker en Openbaarmaker van God, baie goed geken het. Tweedens kan ons aflei dat daar honderde, selfs duisende, Christofanieë (Christusverskynings) in die Ou Testamentiese tyd plaasgevind het.

Wanneer Christus boodskappe van God aan Moses gebring het, het Christus so duidelik aan hom verskyn dat Moses die verskyning van die Here (*the form of the LORD* – New King James Version) kon sien (Num 12:7-8).

Die profesieë is dus telkens so duidelik gegee dat ons kan aanneem dat die profete in elke geval die boodskap duidelik verstaan het. Slegs by uitsondering het die profete nie die vervulling verstaan nie (byvoorbeeld die tyd van vervulling, vergelyk Daniël 12:8-9).

7.3 *Argument:* In die Bybel vind ons die samevoeging van volksverhale wat van geslag tot geslag mondelings oorgelewer is. So het bepaalde tradisies ontstaan wat op stadiums neergeskryf is. Die datums van neerskrywe kan baie later wees as die gebeurtenisse wat beskryf word.

Die Ou Testament bevat verskillende literatuursoorte, selfs mites (godeverhale), legendes (verhale oor helde), fabels en sages.

Ons antwoord hierop soos volg:

Hierdie redenasie kom daarop neer dat die Bybel uit mense ontstaan het en nie deur God gegee is nie. Daarteenoor leer die Bybel self vir ons dat God deur Sy Gees die profete gedrywe, of meegevoer, het (2 Pet 1:20-21). God het self, deur Christus en die Heilige Gees, die wet met Sy *vinger* neergeskryf (Eks 31:18; 32:15-16; 34:27-28; Deut 9:10; vergelyk ook Eks 24:12). Christus, as die Spreker van God, het vanuit die Allerheiligste van die tabernakel met Moses gepraat (Eks 25:22; Lev 1:1; Num 7:89). Christus het ook aan Moses in visioene

verskyn en *van aangesig tot aangesig* (Eks 33:11; Deut 34:10 – 1953-Vertaling) en *van mond tot mond* (Num 12:8 – 1953-Vertaling) met hom gepraat. Moses moes die woorde van die wet, of verbond, neerskryf (Eks 34:1-2, 27-28; Deut 31:9, 24) en ook van die Israeliete se geskiedenis (Eks 17:14; Num 33:2). Christus het self gesê dat Moses van Hom geskryf het (Joh 5:46; vergelyk ook Deut 18:15-19). Die naam *Moses* het 'n uitdrukking geword wat die eerste vyf Boeke van die Bybel aandui (Luk 24:27, 44).

Die Skrifopenbaring handel nie oor wat mense uitgedink het nie, maar oor wat God geopenbaar het.

- 7.4 *Argument:* Al die Messiaanse profesieë het al 'n ryke aantal vervullings (of *voorafskaduwings*) gehad voordat Christus op aarde gebore is. In die Ou Testament moet die klem dus op die voorafskaduwings geplaas word.

Ons antwoord hierop soos volg:

Christus het self die voorkoms van voorafskaduwings in die Ou Testament erken (Jona 1:17; Matt 12:39-40; vergelyk ook Rom 5:14; Kol 2:16-17; Heb 10:1). Ons moet egter daarteen waak dat die oorbeklemtoning van voorafskaduwings nie Christus uit die Ou Testament verdring nie. Dink byvoorbeeld daaraan dat Jesaja 53 op niemand anders as Christus kan dui nie, want as dit op gewone mense sou dui, sou niemand gered kon word nie. Geen gewone mens kan 'n ander regverdig maak nie.

- 7.5 *Argument:* Die Ou Testamentiese mense het verlossing van sonde ontvang deurdat die-volk-Israel-in-ballingskap vir hulle sou ly en sterf. (Dit is hierdie verklaring van Jesaja 53 wat byvoorbeeld in Die Bybellennium Eenvolumekommentaar gepropageer word.)

Ons antwoord hierop soos volg:

Dit is bekend dat die Jode tradisioneel Jesaja 53 beskou het as 'n beskrywing van die lyding wat die Israeliete (Jode) tydens die ballingskap moes deurmaak. Hulle het hulle egter misgis – en deur hierdie verkeerde geloof is geen Israeliet/Jood ooit gered nie, maar het baie verlore gegaan. Die vraag is of ons dieselfde fout as hulle moet maak. Laat ons liever volstaan daarmee dat Jesaja 53 nie 'n geskiedenisbeskrywing is nie, maar 'n Messiaanse profesie. Selfs die Ou Testamentiese mense moes hieruit die Messias leer ken, naamlik dat Hy 'n Goddelike Persoon is. Dit kon hulle sien uit minstens drie feite, naamlik: Hy is die volmaak *Regverdige*, wat self *nooit gesondig het nie*, en wat in staat is *om ander regverdig te maak* (Jes 53:9, 11). Hierdie hele hoofstuk handel duidelik oor 'n individu wat ook vir die Ou Testamentiese mense se sonde sou ly en sterf (vergelyk: “*ons* smarte – die het Hy gedra...” ens, Jes 53:4-6).

Teksverse uit Jesaja 53 word 18 keer in die Nuwe Testament aangehaal en elke keer dui dit sonder uitsondering op Christus alleen.

- 7.6 *Argument:* Die vraag moet gestel word hoe die oorspronklike lesers die profesieë verstaan het en wat dit vir hulle in hul eie situasie beteken het.

Ons antwoord hierop soos volg:

Om te vra hoe die eerste lesers die profesieë sou verstaan het, is die verkeerde uitgangspunt. Die vraag moet wees: “Wat het God geopenbaar?” Die Skrif is tog God se Woord. Dit is wat aan die Ou Testamentiese mense verkondig moes word en wat hulle moes glo – en ons net so. As hierdie orde omgedraai word, lei dit tot wanbegrip van wat God se openbaring werklik behels.

Die meerderheid van die eerste lesers het die openbaring verkeerd verstaan. Kyk na die volgende:

Die Israeliete was 'n baie sondige volk. Die hele volk (behalwe Moses en Josua) het om die goue kalf gedans en dit aanbid (Eks 32:1-6). Net 7000 uit meer as 'n miljoen Israeliete het

nie die knie voor Baäl gebuig nie (1 Kon 19:18). Die uiterste sondigheid van die ou verbondsvolk is 'n deurlopende tema in die Ou Testament. Christus het self gesê dat die godsdienstige leiers van die Jode 'n klomp huigelaars was (Mark 7:6). Die kerkleiers van destyds het die Ou Testament verkeerd verstaan. Daarom het hulle Christus verwerp en Hom gekruisig.

Wat die huidige kleinlettertjie-teologie eintlik wil sê, is dat ons die meerderheid van die Israëliete en Jode (dus die ongelowige groep) se geloofsoortuigings as ons eie moet aanvaar. Maar: Wat die Skrif wil tuisbring, is dit wat God gesê het – en nie wat die ongelowiges, die meerderheidsgroep van destyds, van die openbaring sou gedink het nie.

As ons vandag ons teologie volgens hierdie meerderheidsgroep se geloofsoortuigings wil inrig, sal ons teologie net so verkeerd soos hulle s'n wees.

- 7.7 *Argument:* Die Ou Testamentiese mense het nie 'n Nuwe Testamentiese perspektief gehad nie.

Ons antwoord hierop soos volg:

Die Ou Testamentiese gelowiges het wel perspektief op die Nuwe Testament gehad. Die Heilige Gees se doel was juis om deur middel van veral die Messiaanse profesieë, aan die Ou Testamentiese mense perspektief op die Nuwe Testamentiese tyd te gee.

Christus het self die Ou Testament direk-Messiaans interpreteer (vergelyk Luk 4:18, 21; 24:25-27, 44-46).

Volgens 1 Petrus 1:10-11 het die *Gees van Christus* wat in die profete was, vooruit verkondig dat die Christus moes ly (vergelyk Jes 53:1-10) en daarna verheerlik sal word (vergelyk Jes 53:10-12).

Daarby moet genoem word dat die Ou Testamentiese mense wel vir Christus moes geken het. Hulle moes tog geweet het in wie om te glo ten einde van sondes verlos te kon word (vergelyk Joh 14:6). Hy het dikwels in visioene en manifestasies aan mense verskyn en hierdeur het hulle Hom leer ken. Hulle het dus reeds Sy heerlikheid beleef. Verder kon hulle uit die Messiaanse profesieë van Sy Godheid leer. Hulle het dus wel perspektief op Christus gehad.

- 7.8 *Argument:* In die Nuwe Testament kry die Ou Testament nie 'n *ander* betekenis nie, maar 'n *veranderde* betekenis.

Ons antwoord hierop soos volg:

Ou Testamentiese aanhalings kry in die Nuwe Testament nie 'n veranderde betekenis nie, maar 'n vervulde betekenis. Die vervulling impliseer nie dat die betekenis verander het nie.

Wat God geopenbaar het, bly altyd dieselfde. Daarom het die inhoud van die Ou Testament nie verander in die Nuwe Testament nie. Die Ou en Nuwe Testament bevat dieselfde openbaring en dieselfde Evangelie (Heb 4:2, 6). Beide is deur dieselfde Outeur gegee. Enige vertaling wat impliseer dat God Sy openbaring verander het, impliseer ook dat God Homself weerspreek in die Ou en Nuwe Testament. Die korrekte uitgangspunt is om te aanvaar dat Christus se Name (naamlik: *God, Here, Seun van God, Koning, Priester, Profeet en Messias*) reeds ten volle geopenbaar was in die Ou Testament. Geen verandering het hieraan plaasgevind nie – en ook nie aan die openbaring dat verlossing alleen deur die Messias verkry kon word nie (vergelyk Jesaja 53).

Die probleem met die voorstanders van kleinletters is dat hulle die Ou Testament los van die Nuwe Testament sien.

- 7.9 *Argument:* Dit is eers in die Nuwe Testament dat dit duidelik word dat al die verwagsbeelde – hoe teenstrydig hulle ook al mag lyk – in Jesus Christus verenig is. (Sommige gedeeltes praat van 'n oorwinnende Dawidskoning, ander van 'n lydende Kneg, sommige profete verwag dat Hy soos 'n Elia-profeet sal wees, ensovoorts).

Ons antwoord hierop soos volg:

Christus is met verskillende Name en beskrywings aan die Ou Testamentiese mense geopenbaar. Hy is byvoorbeeld as *Koning, Priester* en *Profeet* beskryf. Hierdie verskillende verwagsbeelde het nie by die gelowiges verwarring geskep nie. Dit het hulle eerder oortuig dat Hy verskillende ampte beklee en 'n verskeidenheid take het. Deur die verskillende verwagsbeelde is juis op Sy grootheid gewys en dat Hy alles is wat Sy volk (kinders) nodig kan hê. Hierby sluit die *Ek is* – uitsprake in die Johannes-Evangelie pragtig aan.

- 7.10 *Argument:* Dit is anachronisties om vanuit die (latere) kennis van die Nuwe Testament nou dinge in die Ou Testament terug te lees wat toe nog nie gesê is nie.

Ons antwoord hierop soos volg:

Die hele Skrif is deur God geïnspireer (2 Tim 3:16). Met die gee van die Skrifopenbaring het God 'n bepaalde bedoeling gehad, naamlik om Homself te openbaar asook die enigste moontlikheid van versoening met Hom, naamlik deur Sy Seun. Die vraag wat as uitgangspunt moet dien in die verstaan (en dus die vertaling) van die Bybel, is die vraag na God se bedoeling. Van die begin af was God se bedoeling nog altyd dieselfde, want Hy is ewig en onveranderlik. Daar was dus nie verandering aan openbaringswaarhede nie, maar wel verheldering van wat oorspronklik gegee was, byvoorbeeld in Genesis 1:1 en 3:15. Die temas van die werklikheid van die bestaan van God, van die stryd tussen lig en duisternis en van die verlossing van sonde deur Christus alleen, loop deur tot op die laaste bladsy van die Bybel.

Die punt is nou: Wat geopenbaar is, is in volle waarheid geopenbaar van die begin af. Van die begin af het God Sy bedoeling pertinent gestel. Hieruit volg twee sake: Eerstens mag ons nie die Bybel vertaal asof God Sy bedoeling nie pertinent gestel het nie; en tweedens: die openbaring was openbaring van al die heilswaarhede, byvoorbeeld Christus se maagdelike geboorte, lyding, kruisiging, fisiese opstanding, hemelvaart, wederkoms, uitstorting van die Heilige Gees, die regverdigmaking deur geloof alleen, ensovoorts. Die stelling: “om dinge in die Ou Testament terug te lees wat toe nog nie gesê is nie”, is dus nie waar nie, omdat die heilsopenbaring wel onherroeplik gegee is – vergelyk byvoorbeeld hoe helder Christus se lyding in Psalm 22 en Jesaja 53 beskryf word.

- 7.11 *Argument:* Die feit dat teksverse uit die Messiaanse profesieë in die Ou Testament aangehaal word in die Nuwe Testament, is slegs 'n latere interpretasie wat die skrywers van die Nuwe Testament daaraan geheg het. In die Ou Testament self word hierdie heilsfeite nog nie geleer nie. (Hierdie argument kom byvoorbeeld na vore in die opskrif van die inligtingstuk wat in punt 6 verskyn.)

Ons antwoord hierop soos volg:

Die bogenoemde argument ontken die bonatuurlike inhoud van die profesie – en dit wil blykbaar sê dat die Evangelie nie in die Ou Testament voorkom nie. Die werklikheid is egter die volgende: Volgens Hebreërs 4:2, 6 is die Evangelie aan die Ou Testamentiese mense verkondig net soos aan die Nuwe Testamentiese mense.

As die Woord van God (Joh 1:1) het Christus self die Ou Testament geopenbaar, net soos die Nuwe Testament. Hy weet dus presies wat Hy self in die Ou Testament gesê het. Dit het Hy in die Nuwe Testament presies reg verklaar.

Hou ook die volgende in gedagte:

Die toets vir 'n ware profeet was die vraag of sy profesie noukeurig vervul sou word (Deut 18:21-22). As dit wat hy profeties gesien het agterna gebeur het, is hy as korrek bewys. Waarom mag die profesie wat 'n profeet uitgespreek het, en dit wat later gebeur het (die vervulling daarvan) nie “saam gelees” word nie?

- 7.12 *Argument:* Christus het later die Ou Testament gebruik om sekere teksgedeeltes op Homself van toepassing te maak.
Ons antwoord hierop soos volg:
 Hierdie argument kom daarop neer dat Christus die Ou Testament verkeerd gebruik het, en dat die Ou Testament dus iets anders wil sê as wat Christus daaraan toegeskryf het. Die waarheid is egter:
 Christus was die inhoud en boodskap van die profesie van die begin af. Ons moet Christus se uitsprake erken. Hy het self gesê dat Moses (Luk 24:44) en Dawid (Matt 22:43-45; Mark 12:35-37) van Hom getuig het.
 Hou ook die volgende in gedagte: Die Ou Testamentiese mense moes Christus as die inhoud en boodskap van die Messiaanse profesieë aanvaar om gered te kon word. Net diegene wat in Hom geglo het, is gered en is nou in die hemel (vergelyk Joh 14:6).
 Christus was dus presies reg. Die Heilige Gees (as die *Gees van Christus*, 1 Pet 1:11) het nog altyd van Hom getuig – en dus het Christus nie later net sekere teksverse uit die Ou Testament “gebruik” nie.
 As iemand wil impliseer dat Christus die inhoud van die Ou Testament verkeerd interpreteer het en dus leuens vertel het, kom dit op niks anders as laster neer nie.
 Dit bring ons by die volgende gevolgtrekkings:
- Waarom kan die vertaling van byvoorbeeld Psalm 110, soos dit deur Christus self in die Nuwe Testament gebruik word, nie gevolg word nie? (Vergelyk Ps 110:1 met Matt 22:41-45.) Is die vertalers, wat die betekenis van die Ou Testament betref, beter toegerus as Christus om die Ou Testament te vertaal?
 - Die (nie-Messiaanse) Jode wil nie Christus in die Ou Testament raak lees nie. Waarom sou die vertalers die Christengelowiges wou dwing om die Bybel te lees asof hulle (nie-Messiaanse) Jode is?
- 7.13 *Argument:* Daar kan met voetnotas onderaan bladsye in die Ou Testament aangedui word dat betrokke teksverse in die Nuwe Testament aangehaal word en op Christus toegepas word.
Ons antwoord hierop soos volg:
 Hierdie argument wil sê dat die Ou Testamentiese profete nie deur die Heilige Gees gelei was om van die Messias te getuig en van Hom te profeteer nie. Dit staan byvoorbeeld teenoor die direkte uitspraak van Jesus Christus dat die Heilige Gees vir Dawid gelei het toe hy die profesie van Psalm 110 neergeskryf het (vergelyk Matt 22:43-45).
 Voetnotas aan die einde wil nie noodwendig sê dat die Ou Testament self werklik die Woord van God is nie – Christus kan dan net later daarin “ingelees” word.
 Wie voetnotas wil voorstaan in die Ou Testament – en dan kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament gebruik – sal, wat ons betref, daardeur impliseer dat die Messiaanse profesieë nie self profetiese inhoud gehad het nie, en dus nie werklik profesieë was nie.
- 7.14 *Argument:* Deur die gebruik van kleinletters in die Ou Testament word die nuutheid van die openbaring in die Nuwe Testament beklemtoon.
Ons antwoord hierop soos volg:
 Hoe God Homself in die Ou Testament geopenbaar het, bly altyd geldig en nuut. Mense sal altyd daaruit God reg kan leer ken. Die openbaring van wie God is, soos in die Ou (en Nuwe) Testament gegee, kan nie verouder nie.
 Die hele Bybel is verkondiging van God – dus ook van Christus se Godheid en verlossing van sonde deur Hom alleen. Om hierdie boodskap eers in die Nuwe Testament te beklemtoon, beteken dat ’n mens dan die Ou Testament iets anders laat sê as wat dit werklik sê – en so word Christus verduister.

Die Ou Testamentiese profete het 'n tydlose boodskap in verband met God en Sy verlossingsplan verkondig. Hierdie boodskap was van die begin af aan alle mense oor alle tye gerig.

Die Ou (en Nuwe) Testament bly altyd nuut, vars, lewend en sprankelend. Dit is so, want God bly getrou aan al Sy beloftes, ook aan dié in die Ou Testament. Daarom het die Ou Testament steeds volle gesag. Onthou: “nie meer nuut nie” impliseer: “het nie meer gesag nie”.

7.15 *Argument:* Die Nuwe Testament interpreteer die Ou Testament allegories.

Ons antwoord hierop soos volg:

Hierdie argument hou nie rekening met die heerlike werklikheid dat die Ou (en Nuwe) Testament openbaring van God is nie. Die Skrif is deur die Heilige Gees gegee (2 Tim 3:16) en is daarom onfeilbaar (as dit reg vertaal is).

Verder kom hierdie uitgangspunt, net soos die voriges, daarop neer dat die Ou Testament los van die Nuwe Testament verstaan moet word. Die Ou Testament het daarvolgens sy eie betekenis en boodskap – en die skrywers van die Nuwe Testament het die Ou Testament allegories gebruik soos dit hulle gepas het.

Dit werp twyfel oor Christus se funksionering in die Ou Testament en die Ou Testamentiese profesieë wat deur Hom in die Nuwe Testament vervul is. Verder open dit die weg dat daar enige iets in die Ou Testament ingelees kan word. Die gevolg is dat die twee Testamente se boodskap nie noodwendig ooreenkom nie en dat albei dan as gesagloos beskou kan word.

7.16 *Argument:* Die vraag moet gedurig gestel word: “Wat staan daar in die Hebreeuse teks (die bronteks) geskryf?” Ons moet dus by die teks as taalkundige gegewendheid hou.

(Hierdie argument kom prominent na vore in die inligtingstuk wat in punt 6 verskyn.)

Ons antwoord hierop soos volg:

Die geskrewe teks is die weergawe (teboekstelling) van die openbaring wat gegee is. Die teks is gegee juis met die doel om Christus te openbaar. Hieruit kan ons die volgende gevolgtrekking maak: Ons doen die teks geen geweld aan as ons dit so vertaal dat (byvoorbeeld deur die gebruik van hoofletters) dit vir die hedendaagse lesers duidelik gestel word hoe Christus daarin na vore kom nie. Intendeel, ons gee dan net weer wat die Heilige Gees deur middel van die teks sê.

7.17 *Argument:* In die oorspronklike tale word nie hoof- of kleinletters gebruik nie.

Ons antwoord hierop soos volg:

Hierdie argument kan nie gebruik word om die gebruik van kleinletters te regverdig nie. Om kleinletters in die Afrikaanse vertaling te gebruik, is die resultaat van verkeerde teologie. Dit kan dus nie aan die oorspronklike tale (Hebreeus, Aramees en Grieks) se skryfvorm toegedig word nie. Die taal (vertaling) moet ingespan word om die boodskap van die Bybel duidelik aan die lesers oor te dra.

7.18 *Argument:* Ons moet onderskei tussen die *vertaling* en die *verklaring* van die Ou Testament. Die vertaling moet net die taal weergee, maar die verklaring moet die teologiese inhoud weergee. (Hierdie argument kom ook voor in punte 8.4 en 8.7.)

Ons antwoord hierop soos volg:

Vertaling en verklaring mag nie strydig met mekaar wees nie. Beide die vertaling en die verklaring moet die korrekte weergawe van die openbaring van God aanbied. Die vertaling moet die openbaring korrek weerspieël, anders vertel die vertaling 'n leuen en lei dit die Bybellesers van die regte verklaring af weg.

Die openbaring van die Name van Christus in die Ou Testament is 'n besondere hoogtepunt in

die Bybel. Om hierdie Name in die vertaling te ontken, is 'n verregaande vergryp en kan nie deur verklaring goedgemaak word nie.

Die 1983-Vertaling is 'n voorbeeld van 'n vertaling wat Christus se uitleg van Sy eie Woord nie navolg nie, en dus die vertaling iets anders laat sê as wat die verklaring moet wees. So byvoorbeeld is in die 1983-Vertaling, Christus se Name, naamlik *Gesalfde (Messias), Koning, Seun, God en Here*, vervang met die woorde *gesalfde, koning, seun en verhewe wese* – in Psalm 2, 45 en 110. So 'n vertaling is Bybels-wetenskaplik verkeerd.

Dit blyk dus dat die vertaling nie so moet wees dat dit die korrekte verklaring weerspreek nie. Dan lei die vertaling tot verkeerde verklaring.

Ons kan dit ook so stel: Is verkeerde vertaling nie 'n produk van verkeerde verklaring as gevolg van verkeerde teologie nie?

7.19 *Argument:* Die vertaling moet interkonnessioneel wees. (Hierdie argument kom ook voor in die nota onder punt 9.10.).

Ons antwoord hierop soos volg:

'n Interkonnessionele vertaling is eintlik in teenspraak met homself. So byvoorbeeld kan 'n Rooms Katolieke Bybelvertaler en 'n Calvinistiese Bybelvertaler nie dieselfde oor Maria dink nie.

Eintlik bestaan daar nie so iets soos 'n “interkonnessionele vertaling” nie. In wese is 'n vertaling óf konnessioneel (dus volgens kerklike belydenisskrifte) óf a-Christelik. Die term *a-Christelik* kom neer op hoe byvoorbeeld die meerderheid Jode (die nie-Messiaanse Jode) of Moslems die Hebreeuse woorde sal verstaan.

7.20 *Argument:* Die Ou Testament verkondig nie 'n bepaalde Messias wat na die aarde toe sou kom nie.

In die Ou Testamentiese tyd is verskillende messiasse verwag.

Ons antwoord hierop soos volg:

Die Ou Testament verkondig wel net een bepaalde Messias wat sou kom. (Hierdie argument word in BYLAAG 3, punt 6, beredeneer.)

Slotsom: Dit is duidelik dat een belangrike uitgangspunt ontbreek in die *Argumente* hierbo – en dit is dat die inspirasie van die Heilige Gees blykbaar nêrens in aanmerking geneem word nie. Ons sien dit daaruit dat die boodskap in verband met Christus in die Ou Testament verduister word. Ook word die getuienis van die Nuwe Testament in verband hiermee nie genoegsaam aanvaar nie.

Bronne:

Die standpunt wat voorkom in die *Argumente* hierbo (en dus die gebruik van kleinletters ondersteun), word genoem en voorgestaan in byvoorbeeld die volgende:

- Deist FE en Vorster WS: *Woorde wat ver kom.*
- Die Sinode van Noord-Transvaal se antwoord op die beswaarskrif hieronder, genoem onder punt 8.
- Die Wes-Kaapse sinode se besluit ten opsigte van ds Smuts se beswaarskrif (vergelyk BYLAAG 1).
- *In die Skriflig.* Navorsingsartikel deur JL Helberg.
- Prof APB Breytenbach se standpunt (vergelyk BYLAAG 3).
- Verklarende Bybels soos *Die Bybel in Praktyk, Die Bybellenium Eenvolumekommentaar, Die Bybel A-Z, Leefstyl-Bybel vir Vroue en 24/7 Bybel vir die Lewe.* (Om dit na te gaan, kan u telkens kyk na die verklarings wat hierin voorkom van byvoorbeeld Psalm 2, 45 en 110, en van Jesaja 53.)

Die standpunt wat gestel word in die *antwoorde* hierbo (en dus die gebruik van hoofletters ondersteun) word voorgestaan in byvoorbeeld die volgende publikasies:

- Borland, James A: *Christ in the Old Testament*.
- *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge. Deel 2.* Job tot Maleagi. (Dit is op die 1953- Vertaling gebaseer en het in 1958 verskyn.)
- Grosheide, dr FW: *De Psalmen.* Deel 1 en 2.
- Haasbroek, Danie: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament.*
- Lockyer, Herbert: *All the Messianic prophecies of the Bible.*
- Ridderbos, dr J: *De Profeet Jesaja.* Deel 1 en 2.
- Young, Edward J: *The Book of Isaiah.* Vol 1 – 3.
- Young, Edward J: *The Prophecy of Daniel.*

Nota: Prof PW Hoek assosieer homself ten volle met die *antwoorde* in punt 7 gegee, maar nie met die *Argumente* nie omdat hulle nie teenoor hom uitgespreek is nie; ook nie met al die *bronne* aan die einde van punt 7 nie, omdat hy nie almal volledig gelees het nie. Deur sy leeftyd het hy wel al honderde teologiese boeke gelees. Hy het Skrifstudie een van sy lewenstemas gemaak.

(Vir nog 'n uiteensetting van die argumente waarvolgens Christus uit die Ou Testament wegvertaal word, en die weerlegging daarvan, kan u die boek: *Is Jesus in Psalms?* lees; veral hoofstuk 3.)

8. Die besluit van die sinode van 1987

Voor die Sinode van Noord-Transvaal van die Ned. Geref. Kerk, in sitting gedurende 1987, het 'n beswaarskrif van ds Danie Haasbroek (een van die mede-opstellers van hierdie voorlegging) gedien. In die beswaarskrif is die sinode versoek om toe te sien dat Christus weer in Sy ereplek in die Ou Testament herstel sal word in ons Bybelvertalings.

In die beswaarskrif is verwys na Genesis 3:15; Job 16:19 – 17:3; Psalm 45:7-8; Psalm 110:1 en Daniël 7:13. Die versoek is gerig dat hierin weer hoofletters gebruik sal word, en dat Christus se Name (byvoorbeeld *God* en *Here*) weer hierin moet verskyn soos dit wel in die 1953-Vertaling voorkom.

Die sinode het hierteen besluit. (Sien *Agenda* bladsy 456-458, en *Handelinge* bladsy 618-619.)

Die volgende is uittreksels uit die sinode se motivering vir sy besluit:

8.1 *Die sinode se stelling:* “Die menings in die beskrywingspunt word deur haas geen Ou Testamentikus in Suid-Afrika onderskryf nie.”

Ons antwoord hierop soos volg:

As feitlik geen Ou Testamentikus in Suid-Afrika vandag meer vir Christus direk in die Messiaanse profesieë (soos byvoorbeeld in die teksverse in die beskrywingspunt, of beswaarskrif, genoem) kan raaksien nie, wys dit op watter laagtepunt die Afrikaanse teologie hom al vir 'n geruime tyd bevind.

8.2 *Die sinode se stelling:* “Byna geen kommentaar van aansien steun die eksegetiese uitleg in die beskrywingspunt nie.”

Ons antwoord hierop soos volg:

As die sinode sou dink dat geen kommentaar van aansien Christus se Godheid in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament behou nie, dan openbaar dit 'n gebrek aan kennis by die sinodegangers. In die meeste Engelstalige Bybelvertalings word die Goddelike Name

van Christus in die Messiaanse profesieë behou.

Ons kan tereg vra: Sou Totius en die ander vertalers van die Ou Testament in die 1933/53-Vertaling, asook die duisende teoloë wat deur eeue heen aan Engelstalige Bybelvertalings gewerk het, dan net swak kommentare gebruik het?

- 8.3 *Die sinode se stelling:* “Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983-Vertaling) is in lyn met die meeste moderne vertalings wat die dinamies-ekwivalente metode volg, van die beste grond-tekste gebruik maak, taalkundige maatstawwe toepas en in die moderne, verstaanbare idioom vertaal. (Daar moet in ag geneem word dat die NAB nie die Ou Afrikaanse Bybelvertaling (OAB) – wat ’n letterlike vertaling is – vervang nie, maar bedoel is om daarnaas gebruik te word.)”

Ons antwoord hierop soos volg:

Die Name van Christus kom in elk geval in alle Ou Testamentiese manuskripte voor. Die vertaling hiervan, soos dit in die Messiaanse profesieë in byvoorbeeld die 1983-Vertaling voorkom, is egter verkeerd.

Die feit is dat daar moderne vertalings is wat die dinamies-ekwivalente metode volg en tog wel die Name van Christus in Messiaanse profesieë in die Ou Testament behou (vergelyk byvoorbeeld die Living Bible).

Daarby wil ons sê: Onthou asseblief, “lekker lees” is nie die hoogste norm wat vir ’n Bybelvertaling geld nie. Ons wil al die geestelike rykdomme in die Skrif in die vertaling hê.

- 8.4 *Die sinode se stelling:* “Die voorgestelde veranderinge in die beskrywingspunt berus nie op taalkundige gronde nie. Indien daar toegelaat word dat vertalings gemaak word op gronde anders as bloot taalkundige gronde word die deur geopen vir ’n babelse verwarring van allerlei soorte Skrifbeskouings, dogmatiese beklemtonings, ideologiese beskouings en les-bes ook politieke voorkeure. Daarby kan ’n vertaling nie allerlei problematiese sake aansny of probeer oplos asof dit ’n kommentaar is nie, maar moet dié soorte sake aan die verklaarder oorgelaat word. ’n Vertaling is ’n taalkundige onderneming en moet volgens die reëls van die taalkundige en vertaalkunde gedoen word.”

Ons antwoord hierop soos volg:

Om Christus se Name in die Messiaanse profesieë te behou, berus inderdaad ook op taalkundige gronde. Hier volg twee voorbeelde:

- In Psalm 45:7-8 word twee Goddelike Persone besing. In die 1953-Vertaling lees hierdie teksverse soos volg:

U troon, o God (Christus) is vir ewig en altyd... Daarom het, o God (Christus), u God (die Vader) U (Christus) gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.

Die 1983-Vertaling lees egter soos volg:

U troon, verhewe wese, staan vir altyd vas... want, verhewe wese, onder groot vreugde het u God u bo u tydgenote tot koning gesalf.

Dit is duidelik dat in die 1953-Vertaling twee Persone (beide die Vader en die Seun) as *God* aangedui word. In die 1983-Vertaling word een Persoon as *God* en die ander as *verhewe wese* aangedui.

Wat staan egter in die oorspronklike (Hebreeuse) teks? Daar word albei Persone as *Elohim* (God) aangedui. Dit is tog taalkundig korrek om in ’n Bybelvertaling albei Persone as *God* aan te dui. (In Genesis 1:1 word die woord *Elohim* ook met die woord *God* vertaal.)

Die sinode gaan egter so ver om te sê (ten opsigte van Psalm 45:7-8): “Die Hebreeuse woord ‘elohim’ (:7) dui nie op God nie, laat staan nog op Christus.” Die sinode dui dít as rede aan om Christus uit Psalm 45:7-8 weg te vertaal! Ons beskou dit as lasterlik.

Die volgende opmerking kan tereg aan die sinode gestel word: Dit blyk dat julle die Godheid van die Eerste Persoon ook wegvertaal wil hê, en dat julle dus konsekwent is ten opsigte van die rigting waarin julle beweeg!

(Die woord *elohim* kan ook op afgode en hooggeplaasde persone soos konings dui. Die betekenis van die woord moet dus telkens uit die verband afgelei word.)

Hierdie twee teksverse word in Hebreërs 1:8-9 aangehaal en daarin word albei Persone as *God* aangedui.

Opsommend: Uit Psalm 45 leer ons die volgende ryk waarhede: Die Vader het die Seun gesalf (met die Heilige Gees) tot Koning aan Sy regterhand. Christus het reeds van alle ewigheid af as God en Koning oor die heelal geheers – en so heers Hy ook nou en vir altyd. Dit is ’n ewige waarheid. Dit is ’n belangriker werklikheid as die bestaan van die heelal. Daarin vind die skepping sy ware betekenis, krag en verantwoordelikheid.

In hierdie psalm word die Ou Testamentiese mense, en ook die hele mensdom, opgeroep om Christus te dien, Sy bruid te wees en gereed te wees om eendag voor Hom te verskyn.

- ’n Ander voorbeeld is die volgende:
Die vertalers gebruik kleinletters in die Ou Testament, maar hoofletters in die aangehaalde teksverse in die Nuwe Testament (vergelyk byvoorbeeld Jesaja 61:1-2 met Lukas 4:18-19, in die 1983-Vertaling). Dit is mos nie korrekte toepassing van taalkundige reëls nie! Of anders gestel: dan word die Ou Testament mos verkeerd aangehaal in die Nuwe Testament!

Ons gevolgtrekking is dus: Die rede waarom Christus se Name uit die Ou Testament verwyder word, is nie weens taalkundige reëls nie maar weens swak teologie.

8.5 *Die sinode se stelling:* “In Psalm 110:1 kan die tweede “...Here” van die OAB (Ou Afrikaanse Bybel) nie behou word nie.”

Ons antwoord hierop soos volg:

Psalm 110:1 sê: “Die HERE het tot my Here gespreek: ‘Sit aan my regterhand...’ ” (1953-Vertaling). Dit beteken dat God die Vader vir Christus gesê het: “Sit aan My regterhand.”

(In hierdie teksvers is die term *my Here* in die Hebreuse teks: *Adoni*.)

Hierdie is ’n kernbelangrike teksvers in die Ou Testament. Hierin word aangedui wat Christus se ereposisie in die Ou Testamentiese tyd was, en ook nou is.

Die sinode het hierdie waarheid wegredeneer. Die sinode het die 1983-Vertaling nagevolg wat so lees: “Die Here het vir my koning gesê: ‘Kom sit aan my regterhand’.” Die Godheid van Christus is ook hier weggelaat, en Christus is Sy ereplek in die Ou Testament ontnem.

Die sinode het ook nie rekening gehou met die feit dat Christus self verklaar het dat hierdie woorde in Psalm 110:1 na Hom verwys nie, en dat dit deur drie Evangelieskrywers aangehaal word (Matt 22:43-45; Mark 12:35-37; Luk 20:41-44; vergelyk ook Hand 2:34-36). Die werklikheid is dat Psalm 110:1, of gedeeltes van vers 1, dertien keer in die Nuwe Testament aangehaal word en elke keer dui dit sonder enige twyfel op Christus alleen.

Ons behoort tog vir Christus na te volg in hoe Hy Psalm 110:1 aangehaal het!

Die feit is: Christus het, as die Spreker van God, die hele Ou en Nuwe Testamentiese openbaring gegee. Hy weet presies wat Hy self in die Ou Testament gesê het. Dit het Hy in die Nuwe Testament korrek verklaar.

Om die Bybel te vertaal in stryd met wat Christus gesê het, is sonde.

8.6 *Die sinode se stelling:* “...die beskrywingspunt kom neer op ’n devaluering van die Ou Testament wat hom ontnem van sy eie selfstandige gesag en boodskap.”

Ons antwoord hierop soos volg:

Dit is ’n verregaande en sinlose stelling van die sinode. Die sinode was van oordeel dat die behoud van Christus se ereplek in die Ou Testament neerkom “op ’n devaluering van die Ou Testament wat hom ontnem van sy eie selfstandige gesag en boodskap.” Die teenoorgestelde van die sinode se stelling is juis waar, naamlik: Christus se teenwoordigheid in die Ou Testament (saam met God die Vader en die Heilige Gees) is die inhoud, waarheid, roem en heerlikheid van die Ou Testament, net soos van die Nuwe Testament.

Die sinode was dus verkeerd in sy oordeel dat die Ou Testament ’n “eie selfstandige gesag en boodskap” het sonder dat Christus daarin teenwoordig is.

8.7 *Die sinode se stelling:* “Die vertalers het getrou gebly aan die teks as taalkundige gegewenheid waaruit die Kerk self die dogmatiese gegewendhede moet abstraher en formuleer.”

Ons antwoord hierop soos volg:

Die taalkunde mag nie ten koste van dogmatiese waarhede voorrang kry nie. Albei moet saam dien om die suiwer openbaringswaarhede bloot te lê en deur te gee. Soos dit in die 1983-Vertaling aangewend is, lei die klem wat sogenaamd op die taalkunde geplaas word, tot besliste verwarring as dit by die abstrahering van dogmatiese waarhede kom. Wie is byvoorbeeld die *nageslag* van wie Genesis 3:15 praat? Wie is die *verhewe wese* van Psalm 45:7-8? Wie is die *iemand soos ’n menslike wese* van Daniël 7:13? Wie is die persone na wie die ander Messiaanse profesieë verwys?

Word die teoloë en Bybel-lesende publiek nie in die duister gelaat nie? Dien dit nie om verwarring te skep nie? Word Christus se eer nie aangeraak nie?

Nota: Ds Mike Smuts, snr, het in dieselfde verband, wat ons betref ’n onaanvegbare, beswaarskrif ingedien voor die Wes-Kaapse sinode wat in Oktober 1987 in Kaapstad gehou is. Die beswaarskrif het gehandel oor die gebruik van kleinletters in Jesaja 53 en die ander Messiaanse profesieë, in die 1983- Vertaling. (Vergelyk: **BYLAAG 1.**)

9. Nou: ’n nie-konfessionele vertaling?

Wat kan tans as ’n belangrike uitgangspunt vir die beplande nuwe (2016) vertaling geneem word?

Prof APB Breytenbach is ’n Ou Testamentikus en emeritus-professor van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria. Hy is tans die ondervoorsitter van die *Begeleidingskomitee: Die Bybel in Afrikaans* wat die vertaalwerk koördineer. In Die Hervormer (die amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) se uitgawe van 1 September 2004 sê prof Breytenbach, in ’n onderhoud met die redakteur, die volgende:

“Aan die een kant is daar diegene vir wie Bybels-Reformatories beteken dat die Reformatoriese belydenisskrifte die bril is waarmee die Bybel gelees moet word, omdat (soos dit genoem word) die tydlose waarhede van God in die belydenisskrifte saamgevat is. Aan die ander kant is daar die standpunt dat, terwyl erken word dat die essensie van die Bybelse boodskap (naamlik dat ons uit genade alleen verlos word) skering en inslag is van die belydenisskrifte, ons nie die Bybel moet lees deur die bril van die belydenisskrifte nie. Laasgenoemde is immers die neerslag van die geloofsworsteling van gelowiges in ’n bepaalde tyd en onder bepaalde omstandighede. Die huidige lewens- en geloofsvrae kan nie deur polemiese geskrifte van soveel eeue gelede beantwoord word nie.

My eie standpunt sluit by laasgenoemde aan.” (Tot sover prof Breytenbach.)

Nota: Vir ons is die Belydenisskrifte 'n konfessie (belydenis), maar let op wat prof Breytenbach hier sê, naamlik:

- dat hy nie 'n voorstander daarvan is om die Bybel te lees deur die bril van die Belydenisskrifte nie, en
- dat die Belydenisskrifte nie in staat is om ons huidige lewens- en geloofsvrae te beantwoord nie.

(Vir die verdere beoordeling van prof Breytenbach se standpunt, kan u **BYLAAG 2** punt 4 lees, asook **BYLAAG 3**.)

Die opmerkings wat hierna volg, handel nie oor prof Breytenbach se standpunte nie, maar oor die nie-konfessionele benadering in die algemeen.

Hoe moet ons die nie-konfessionele benadering beoordeel?

9.1 Die term “nie-konfessioneel” beteken: Nie vanuit (of volgens) die Belydenisskrifte (of konfessies) nie. Die voorneme kan dus wees om die Bybel te vertaal sonder om leringe wat in kerklike belydenisskrifte voorkom, in die vertaling in aanmerking te neem. Die Bybelvertaling sal dan net 'n vertaalde weergawe wees van die tale waarin die Bybel oorspronklik geskryf is. Die Bybellesers sal self hieruit afleidings moet maak.

9.2 Die nie-konfessionele benadering kom op die volgende neer:
Tydens die vertaalproses moet vertalers nie teologie in die Bybel indra nie, want dan word dit 'n konfessionele vertaling. Vertalers moet slegs die taalkundige gegewens weergee. Dit is daarna die Bybellesers se taak om die teologie uit die vertaling te vertolk.
Dit kom daarop neer dat die tradisioneel Protestantse kerke se teologie geïgnoreer word.

9.3 Die term “nie-konfessioneel” beteken dat die volgende as uitgangspunte geneem word, naamlik:

- dat die Ou Testament nie 'n bepaalde boodskap het nie,
- dat die Ou Testament nie 'n bepaalde verlossingsweg aandui nie,
- dat die Ou Testament nie 'n bepaalde Godsbegrip het nie, en moontlik 'n God verkondig wat nie 'n Seun het nie.

In die 1983-Vertaling is die Naam *Seun* van God, op vier plekke in die Ou Testament wegvertaal, naamlik Psalm 2:7, 12; 9:1 en Spreuke 30:4, maar in Jesaja 9:5 behou. Vergelyk egter Johannes 3:36: *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.*

9.4 Die implikasie van 'n nie-konfessionele benadering is dat dit nie 'n bepaalde Goddelike Persoon hoef te wees...

- wat in die Ou Testamentiese tyd as die BoodsAPPER (of Engel, of Woord) van God opgetree het om boodskappe van God aan mense oor te dra nie (vergelyk egter Eks 3:1-6; 14:19-20; Joh 1:14),
- wat as die Messias verwag is nie (vergelyk egter Ps 2:2; Dan 9:25-26 – 1953-Vertaling),
- wat as mens gebore sou word nie (vergelyk egter Jes 9:5; Mal 3:1-4),
- wat vir ons sondes sou sterf nie (vergelyk egter Jesaja 53),
- wat op die wolke van die hemel sal kom vir die eindoordeel nie (vergelyk egter Dan 7:13 in die 1953-Vertaling).

- 9.5 In die geval van 'n nie-konfessionele vertaling sal die gebruik van kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament na vore kom. So byvoorbeeld sal die woorde *Hy* en *Hom* in byvoorbeeld Jesaja 53 met kleinletters geskryf word en sal Christus se Name uit die Ou Testament wegvertaal word deurdat dit met kleinletters geskryf word. Kyk byvoorbeeld na wat die uitwerking hiervan kan wees: Volgens die 1953-Vertaling sal dit *die Seun van 'n mens* ('n Goddelike Persoon) wees wat op die wolke van die hemel sal kom vir die eindoordeel (Dan 7:13). Volgens die 1983-Vertaling sal dit egter *iemand soos 'n menslike wese* wees. Wat kan ons nou verwag?
- 9.6 Gaan die vertalers 'n Bybel voortbring wat Christus as die enigste Verlosser aan die wêreld voorstel, of dalk nie?
- 9.7 Dit is wonderlik om te weet wat die belydenis (konfessie) is wat wel direk in die Ou Testament aanwesig is. Kyk na die volgende voorbeeld:
Ons weet uit Jesaja 53 self dat hierdie hoofstuk na 'n Goddelike Persoon verwys, want:
- Hy is volmaak *die Regverdige* (Jes 53:11; Hand 7:52),
 - Hy het nooit gesondig nie (Jes 53:9),
 - Hy besit die vermoë om ander regverdig te kan maak (Jes 53:11) en dit beteken: om mense wat oppad is om vir ewig verlore te gaan, te red en aan hulle die ewige lewe te skenk.
- Uit die vier *Kneg van die HERE* – profesieë in die boek Jesaja (Jes 42:1-7; 49:1-13; 50:4-10 en 52:13 – 53:12) is dit duidelik dat hierdie gedeeltes oor 'n Goddelike Persoon handel. Dít is die konfessie van die Ou Testament!
(Vergelyk hiervoor die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 253-256.)
- 9.8 In die geval van 'n nie-konfessionele vertaling sal die gevolgtrekkings waartoe duisende deur eeuelange Skrifstudie gekom het, in verband met wat God ons in Sy Woord leer, opsy geskuif word. Die Bybellesers moet dan van nuuts af 'n godsdiens uit die Bybel probeer aflei – 'n proses waarin hulle mislei word deurdat kleinletters gebruik word.
- 9.9 Die noodwendige gevolg van so 'n vertaling sal wees dat talle Bybellesers tot verkeerde gevolgtrekkings gaan kom. Talle mense kan moontlik hulle hoop op 'n ander messias stel wat vir hulle sondes sou (of sal) sterf en wat op die wolke sal kom. Dit baan dus die weg vir die intergeloof, naamlik dat enige iemand die Verlosser kan wees. Deur nie reg te glo nie, kan talle mense verlore gaan.
- 9.10 Ons kan ons nie indink dat meer as 140 Bybelvertalers die belydenis waarin ons Protestantse kerke glo opsy sal skuif, om 'n Bybelvertaling daar te stel waarin Christus nie in die Ou Testament voorkom nie, en waarin van Hom af weggekram is, of plaasvervangers in Christus se plek invertaal is. So iets sou ook 'n oop deur skep vir die intergeloof en *New Age* om in te beweeg en te floreer.
Hou ook die volgende in gedagte: 'n Vertaling is altyd 'n weergawe van 'n belydenis. 'n Nie-konfessionele vertaling kan 'n belydenis wees dat die verkeerde nagevolg is.

Nota: In 'n skrywe, gedateer 27 November 2006, wat Danie Haasbroek aan die Bybelgenootskap se hoofkantoor in Kaapstad gerig het, is navraag oor die beplande 2016-Vertaling gedoen. Pastoor Manie van den Heever, die destydse Hoof: Vertaling en Teksversorging, van die Bybelgenootskap, het onder andere die volgende teruggeskryf (brief gedateer 6 Desember 2006):

“Die medewerkers aan die Afrikaanse vertaling verteenwoordig 'n breë spektrum van kerkgenootskappe wat Afrikaans in prediking en pastoraat gebruik. Dit is dus 'n interkonfessionele vertaling.”

(*Ons nota:* Hierdeur beweer ons nie dat pastoor Manie Van den Heever 'n voorstander van interkonfessionele vertaling is nie.)

10. Moontlike interpretasies wat aan die gebruik van kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament geheg kan word

Ons beskou dit as teologies verkeerd om kleinletters te gebruik. Hier volg 'n aantal argumente wat u in gedagte kan hou:

Deur die gebruik van kleinletters kan aangedui word:

- dat die Goddelike Name van Christus in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament, van so min betekenis is dat hierdie Name net sowel daaruit weggelaat kan word,
- dat Christus nie 'n Goddelike Persoon was in die Ou Testamentiese tyd nie,
- dat Christus nie in die Ou Testamentiese tyd aktief was nie, en dus ook nie aktief opgetree het om die openbaring van God aan mense te gee nie (dit word weerspreek deur Joh 1:1-5),
- dat Christus nie die Boodskap van die Ou Testament (en Nuwe Testament) is nie, of anders gestel: dat die Ou Testament nie Christus verkondig nie,
- dat Christus nog nie die Verlosser en Messias in die Ou Testamentiese tyd was nie (dit word weerspreek deur Jes 43:11; 53:4-6; Joh 14:6; 17:2; Hand 4:12; 10:43),
- dat Christus nie as 'n Goddelike Persoon vir die Ou Testamentiese mense se sondes (en ook ons sondes) sou sterf nie (dit word weerspreek deur byvoorbeeld Jes 53:9, 12; Rom 5:18 – vergelyk ook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 144-147),
- dat die genade van God verwerp word en verlossing van sonde verkry word ook deur menslike verdienste (dit word weerspreek deur byvoorbeeld Jesaja 53 en Gal 2:16),
- dat God, en dus ook die betekenis van Christus se kruisdood, deur tyd beperk word – en nie op die Ou Testamentiese mense van toepassing sou wees nie (dit word weerspreek deur Jes 43:11; 53:4-6; Joh 14:6; 17:2; Rom 5:18),
- dat die Evangelie nog nie bekend was in die Ou Testamentiese tyd nie (dit word weerspreek deur Joh 5:39; Heb 4:2, 6).
- dat die historiese konteks van destyds, vir die Ou Testamentiese mense behels het dat hulle Christus nog nie geken het nie en dat die profete nog nie van Hom kon praat en skryf nie (dit word weerspreek deur byvoorbeeld Eksodus 14:19 waar Christus as die Engel van God, of Boodskapper van God, aangedui word wat die volk 40 jaar lank deur die woestyn gelei het en waardeur hulle Hom goed leer ken het – vergelyk ook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 188-191, en 216 punt 1),
- dat Christus nie self in visioene aan die profete verskyn het wanneer Hy profesieë aan hulle gegee het nie (dit word weerspreek deur Num 12:6-8; Eseg 1:1; Hos 12:11),
- dat daar nie Christusverskynings (of Christofanieë) in die Ou Testamentiese tyd plaasgevind het nie – en dat Christus dus nie verskyn het om boodskappe van God aan mense oor te dra nie (dit word weerspreek deur byvoorbeeld Gen 18:1-3, 10, 22-23 en Eks 14:19),
- dat Christus nie God self aan die Ou Testamentiese mense geopenbaar het nie (dit word byvoorbeeld weerspreek deur Sy Naam *Engel van sy aangesig*, in Jes 63:9),
- dat die Bybel vertaal moet word volgens die onkunde en ongeloof wat by die meerderheid van die Ou Testamentiese mense aanwesig was (vergeelyk egter die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 217, punt 3),
- dat die Ou Testament volgens die Joodse uitlegmetodes van destyds verklaar moet word, naamlik soos die Fariseërs en skrifgeleerdes dit geïnterpreteer het,
- dat die getuienis van die Nuwe Testament buite rekening gelaat kan word,

- dat die Ou Testament los van die Nuwe Testament gesien kan word,
- dat die getuigenis van die Heilige Gees nie ter sake is nie,
- dat die Bybel nie die nodige gesag het om homself te kan verklaar nie, want met die gebruik van kleinletters in die Ou Testament maar hoofletters in die Nuwe Testament, korreleer die profesie en vervulling nie meer soos dit moet nie,
- dat daar nie spesifieke vervullings vir spesifieke beloftes hoef te wees nie, en dat die geboorte van Christus op aarde ook nie 'n besondere vervulling van spesifieke beloftes in die Ou Testament was nie,
- dat die voorkoms van voorafskaduings in die Ou Testament belangriker geag word as die teenwoordigheid en optrede van Christus self in die Ou Testament, en van die vervulling deur Homself,
- dat die Evangelie vanuit die Nuwe Testament slegs terugwerkend (retrospektief) in die Ou Testament teruggelees kan word (dit bots met byvoorbeeld Jesaja 53 en Heb 4:2, 6),
- dat taalkundige reëls oortree kan word, naamlik dat kleinletters in die Ou Testament gebruik word, maar hoofletters waar dieselfde teksverse in die Nuwe Testament voorkom,
- dat die geloof in God se openbaring vervang kan word met ongeloof wat in die vorm van afbrekende menslike redenasies na vore mag kom,
- dat Christus nie in die Ou Testamentiese profesieë deur menige Bybellesers raakgesien word nie en dat die werklike betekenis van die Messiaanse profesieë uit hulle lewens verdwyn, en
- dat die *gesag van die Skrif* ondermyn mag word (soos dit uit al die punte onder punt 10 blyk).

Samevatting:

Weer kan ons ons nie indink dat die Bybelvertalers van die nuwe (2016) Bybel...

- sal nalaat om Christus as die enigste Verlosser aan hedendaagse Bybellesers bekend te stel nie,
- 'n ander Jesus as die Bybelse Jesus aan Bybellesers sal voorhou nie (vergelyk 2 Kor 11:4; Gal 1:7-9),
- so “mondig” en selfgenoegsaam sal wees dat hulle Christus nie meer nodig het nie, en
- alle gelowe sal wil akkomodeer – dit wil sê: om daarvoor die Godheid van Christus te ondermyn deur kleinletters te gebruik.

11. Gevolgtrekkings – ten opsigte van die gebruik van kleinletters

- 11.1 Deurdat Christus in die Ou Testament verduister word, word God die Vader en die Heilige Gees ook verduister. Christus is die enigste Weg na God (Joh 14:6). In die mate wat die Weg verduister of verheerlik word, word die Vader en die Heilige Gees ook verduister of verheerlik.
- 11.2 Die leer oor die Goddelike Drie-eenheid kan in gedrang kom. As Christus se Godheid in die Ou Testament in gedrang kom, beteken dit dat die bestaan van die Drie-enige God in die Ou Testamentiese tyd bevestig word. (Vergelyk egter die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 215.)
Dink aan die volgende: Christus, as die Engel van die Here (Eks 3:2), het hierdie besondere Naam, naamlik: *Ek is wat Ek is* (Eks 3:14-15). Dit bevestig dat Hy ewig is wie Hy is, saam met God die Vader en die Heilige Gees. Dit bly 'n vasstaande werklikheid – selfs ten spyte van die aanslag van afwykende Bybelvertalings.
- 11.3 Die Heilige Gees het nog altyd van Christus en van die verlossing van sonde deur Hom alleen getuig. Daarom was die Messiasverwachting geweldig sterk in die Ou Testamentiese tyd. Om 'n Bybel te vertaal asof die Messiasverwachting nie sterk was nie, of dat die volle

fokus nie op Christus was nie, beteken dat 'n mens 'n mosie van wantroue uitspreek ten opsigte van die getuienis van die Heilige Gees in die Ou Testamentiese tyd.

- 11.4 'n Gepaste term wat die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament uitdruk, is die term: *belofte-vervulling*. Wat in hierdie uitdrukking na vore kom, is dat die beloftes in die Ou Testament wel ryk aan inhoud was en werklikhede in verband met Christus verkondig het. Daarteenoor dra die gebruik van kleinletters die begrip oor dat die beloftes minder belangrik en sonder werklike inhoud was. Hierdie profesieë in die Ou Testament het dan nie meer die nodige gesag nie.
- 11.5 Die indruk word geskep dat die Nuwe Testament die Ou Testament verkeerd interpreteer. Dit bring die gedagte na vore dat die gesag van die Nuwe Testament ondermyn word.
- 11.6 Die gebruik van kleinletters is 'n weerspreking van hoe Christus self die Ou Testament gesien het. Hoe het Hy dit gesien? Hy het dit beskou as Goddelike openbaring en nie van menslike spiritualiteit en vroomheid nie (Joh 3:34; 5:19, 30; 7:16). Volgens Hom bevat die Ou Testament 'n bepaalde boodskap in verband met 'n bepaalde Messias, wat 'n Goddelike Persoon is (Joh 4:25-26; 5:23, 39; asook Luk 20:41-44; vergelyk Ps 110:1 – 1953-Vertaling).
- 11.7 Deur die gebruik van kleinletters word die kontinuïteit van God se verbond met Sy gelowiges in die Ou en Nuwe Testament nie erken nie. Hierdie verbond staan nog altyd vas op Christus se Middelaarswerk en -verdienste.
- 11.8 Die gebruik van kleinletters skep die indruk dat die Ou Testamentiese mense nie vir Christus nodig gehad het nie. Dit impliseer verder dat hulle uit die Ou Testament geleer het dat hulle na aardse konings, priesters en profete – in plaas van na Christus – vir verlossing moes opsien. (Dit bots direk met die Skrif – vergelyk Jes 43:11; Joh 14:6.)
- 11.9 Die gebruik van kleinletters stel 'n wanbegrip voor van hoe die Ou Testamentiese mense gered is en van die historiese konteks waarin die hulle geleef het. Die werklikheid is dat Christus nog altyd as die BoodsAPPER en BoodsKAP van God *aktief funksioneer het*. Dit was die werklike historiese konteks waarin die Ou Testamentiese mense geleef het!
- 11.10 'n Beledigende oordeel word oor die Israeliete se intellek uitgespreek as ons hulle daarvan sou beskuldig dat hulle nie met Christus bekend was nie, al het Hy 40 jaar lank dag en nag in 'n visioen in die wolk- en vuurkolom voor hulle uit getrek en selfs met die hele volk gepraat (Eks 14:19-24; 20:18-20; Rig 2:1-4).
- 11.11 Die gelowiges onder die oorspronklike lesers het stellig tot die oortuiging gekom dat in die Messiaanse profesieë na die Messias as *God* verwys word (Ps 45:7, 8; Jes 9:5). Die gebruik van kleinletters lei die hedendaagse lesers weg van die konklusie waartoe die gelowige oorspronklike lesers stellig gekom het, en dui deur die gebruik van kleinletters vir die hedendaagse lesers aan dat in hierdie gedeeltes nie na God (Christus) verwys word nie.

- 11.12 Die Bybelgenootskap se opdrag aan die vertalingskommissie was dat die beplande nuwe vertaling 'n “bronteks-georiënteerde” vertaling moet wees. Die voorneme om 'n bronteks-georiënteerde vertaling te hê, is egter misleidend indien kleinletters gebruik sou word. In die bronteks van die Ou Testament word nie hoof- of kleinletters gebruik nie. Deur egter kleinletters in die Messiaanse profesieë te gebruik, word die boodskap en bedoeling in die bronteks presies weerspreek.
- 11.13 Die invloed van die Rooms Katolieke Kerk se teologie is wel merkbaar wanneer kleinletters gebruik word. In hulle teologie en godsdienstige praktyke word klem gelê op die verlossing van sondes deur middel van die mens se eie verdienste. Die gebruik van kleinletters in byvoorbeeld Jesaja 53, dui aan dat Christus se verdienste aan die kruis nie meer uit genade aan ons geskenk word nie, maar dat die mens self sy verlossing verdien.
- 11.14 Die kern van gereformeerde kan saamgevat word in vier “sola’s”, naamlik: *sola Scriptura* (die Skrif alleen), *solus Christus* (Christus alleen), *sola gratia* (genade alleen) en *sola fide* (geloof alleen). Die kleinlettertjie-teologie wil die teenoorgestelde sê, naamlik: nie die Skrif nie maar menslike denke, nie Christus nie maar menslike grootheid, nie genade nie maar eie verdienste, en nie geloof nie maar selfverheffing.
- 11.15 'n Geloofsoortuiging word gekweek dat ons net sowel na ander naas Christus vir ons verlossing kan opsien.
Dink aan die volgende: In die tyd van die Hervorming was die stryd oor hoe 'n mens die saligheid kan verkry. Die destydse dwaling was: deur geloof plus werke. Die suiwer leer is toe verkondig: die saligheid word deur die geloof in Christus alleen verkry.
In die tyd waarin ons tans leef, groei 'n teologie in die Westerse wêreld wat wil leer dat die saligheid deur Christus plus mense verkry word (dit geld vir hulle wat wil leer dat byvoorbeeld Jesaja 53 op meer as net een Christus dui). Steeds bly die suiwer leer egter dat die saligheid deur geloof in Christus alleen verkry word.
Soos dit met 'n dwaling gaan waar 'n plus by Christus gevoeg word, die plus die klem ontvang en nie Christus nie, so is dit inderdaad ook hier die geval. Die kleinletters “hy” en “hom” in byvoorbeeld Jesaja 53, plaas die klem op die *plus mense* en nie op Christus nie. As dit op Christus gedui het, sou dit hoofletters wees, want Hy is God.
- 11.16 Die ontkenning van Christus in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament strek verder as net die verwydering van Sy Name. Dit deursuur ook ander aspekte. 'n Voorbeeld hiervan is die vertaling van Esegël 47:1. Die altaar word bepaald in hierdie teksvers vermeld – en dit beklemtoon sy funksie in hierdie profesie. Uit die 1953-Vertaling, en ander vertalings, kan ons tereg aflei dat die altaar (wat die heenwysing na Christus se kruisdood is) die bron was vanwaar die heilige waters onder die tempel se drumpel uit gevloei het. Volgens die 1983-Vertaling egter het die heilige waters langs die altaar *verby* gevloei.
Ons moet dít weet: Nêrens leer die Bybel dat die strome van seën langs die kruis van Christus verby vloei nie. Dit vloei *vanuit* Christus se kruisdood.
- 11.17 Die boodskap wat die gebruik van kleinletters oordra, lei Bybellesers weg van Jesus Christus, oppad na die ewige verlorenheid. (Hou Hebreërs 10:29-31 in gedagte.) Die gebruik van kleinletters kweek nie geloof nie, maar wel ongeloof. Hierdeur word die Heilige Gees bedroef.
- 11.18 Dit is duidelik dat dit die *New Age*-beweging is wat Christus as Messias en Verlosser uit die Bybel wil verdring. Hierdeur word die pad vir die “intergeloof” oopgemaak: dit beteken dat enige iemand anders dan die Messias kan wees.

- 11.19 As die dryfveer by vertalers om 'n vertaling daar te stel, nie meer die geloof in Christus is nie, sal hulle ook nie Bybellezers tot geloof in Christus lei nie.
- 11.20 As gevolg van die ontkenning van Christus se Name in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament, kom daar dikwels verdere misverstande voor, byvoorbeeld dat Christus se letterlike en fisiese opstanding in die Nuwe Testament betwyfel word. Christus was juis, volgens die betekenis van Sy Name in die Ou Testament (naamlik: *God, Here, Messias, Seun van God, Koning, Priester en Profeet*) in staat om die dood te oorwin. Die opstanding is 'n belangrike bewys dat Christus die Seun van God is (Rom 1:4).
- 11.21 Deur die gebruik van kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament kan 'n *ander god* as die ware Bybelse God verkondig word. Die ware God het Homself nog altyd slegs deur Sy Seun geopenbaar, en Hy kon ook in die Ou Testament slegs deur Sy Seun geken word. Christus, as die *Engel of Boodskapper*, het deur Sy herhaalde verskynings op aarde ook Sy Vader bekend gemaak (vergelyk die term: *Engel van sy aangesig* – Jes 63:9 in die 1953-Vertaling; asook Matt 11:27; Joh 1:18; 14:9; Kol 1:15; Heb 1:3).
- 11.22 Die slotsom is die volgende:
- Hoe kan die kerke swyg as die “kleinletter-teologie” die oorhand sou probeer kry?
 - Besef u in watter netelige posisie leraars geplaas word wanneer hulle uit 'n Bybel moet preek waaruit Christus in 'n groot mate as Verlosser, Here, Koning en Messias verwyder is?
 - Dit blyk dat daar geen regverdiging voor bestaan om kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament te gebruik nie.

12. Die regte vertrekpunte vir die vertaalproses

Die volgende belangrike redes dui daarop dat elke Messiaanse profesie so vertaal behoort te word dat dit duidelik sal aandui dat dit direk na Christus verwys:

- 12.1 Daar is net **één** ware Evangelie. Daar is net **één** verlossingsweg. Daar is net **één** regte manier van glo. Die hele Bybel bevat net **één** verlossingsboodskap. Volgens Hebreërs 4:2 was die Evangelie aan die Ou Testamentiese mense verkondig net soos aan ons. Dit is inderdaad so, want Christus is die Boodskapper en Woord van God wat self beide die Ou en Nuwe Testament geopenbaar het.
- 12.2 Christus is reeds van alle ewigheid af deur God die Vader met die Heilige Gees gesalf. Daarom word Hy die *Gesalfde* genoem (Ps 2:2; 45:7-8; Dan 9:25-26 – 1953-Vertaling; Hand 4:25-27; Heb 1:8-9). Deur hierdie salwing is Hy aangewys en toegerus om *Koning, Priester en Profeet*, en ook ons *Verlosser*, te wees.
Nota: *Messias* (uit Hebreeus vertaal) = *Christus* (uit Grieks vertaal) = *Gesalfde*. Hierdie drie woorde het dus dieselfde betekenis.
- 12.3 Christus het van alle ewigheid af voluit in al Sy ampte funksioneer. So byvoorbeeld het Hy as Koning saam met die Vader en die Heilige Gees die skepping beplan. As Hoëpriester het Hy reeds van altyd af gebid vir die skepping wat tot stand sou kom. Ja, Hy het toe reeds vir

elkeen van ons gebid. Ons kan dit verseker weet, want as Hoëpriester was dit nog altyd Sy taak om te bid.

Die lug wat ons inasem, die grond waarop ons loop en die sterre wat ons sien, is alles daargestel deur Jesus in die Ou Testament (Joh 1:3).

- 12.4 Reeds in die Ou Testamentiese tyd het Christus die hele geestelike en fisiese skepping in stand gehou en versorg (Kol 1:17; Heb 1:3). Hy het as Koning daarvoor regeer. Christus is die *Koning van die eeue* (1 Tim 1:17).
- 12.5 Reeds in die Ou Testamentiese tyd het al die engele voor God die Vader en Christus in aanbidding neergebuig en gejuig. Hulle het al die opdragte van Christus gehoorsaam uitgevoer (Ps 103:20; Heb 1:14).
- 12.6 God is nie aan tyd onderwerp nie, want tyd is deel van die skepping.
- 12.7 Geen mens het voor Christus bestaan nie. Hy het van altyd af bestaan en Hy was nog altyd aktief.
Hieruit blyk die volgende: Dit is verkeerd om te sê dat die Ou Testament 'n *voor-Christus perspektief* het. Ons kan slegs praat van: *die tyd voor Christus se menswording*.
- 12.8 Christus is die BoodsAPPER van God, en Hy is ook die BoodsKAP van die Ou (en Nuwe) Testament. Hy was die enigste BoodsKAP van verlossing, ook reeds vir die Ou Testamentiese mense.
- 12.9 Die hoofdoel waarvoor Christus reeds in die Ou Testamentiese tyd op aarde verskyn het, was om Sy Vader te verheerlik (vergelyk Joh 14:6-13; 17:4) en om die Koninkryk van God bekend te stel (vergelyk Joh 5:24).
- 12.10 In die Ou Testamentiese tyd het Christus dikwels in visioene en manifestasies aan mense verskyn – en hierdeur het hulle Hom goed leer ken. Hy het ook in visioene aan die profete verskyn (Num 12:6-8; Eseg 1:1; Hos 12:11.).
Hieruit weet ons dat Hy ook dikwels aan koning Dawid verskyn het en boodskappe van God aan hom oorgedra het. So is byvoorbeeld die psalms bonatuurlik gegee.
- 12.11 Die Ou Testamentiese mense was reeds baie goed met Christus bekend (vergelyk Gen 3:8; Eks 14:19, 24). Mense in talle lande op aarde het daagliks gepraat van die BoodsAPPER (of Engel) van die God van Israel, en van die boodskappe wat Hy gebring het.
- 12.12 Die Ou Testamentiese mense het wel geweet dat die Messias sou kom, dat Hy in Betlehem gebore sou word (Miga 5:1), dat Hy op Dawid se troon sou sit en vir ewig sou regeer (Jes 9:5-6) en dat Hy mense se sondes op Hom sou neem (Jesaja 53).
- 12.13 Jesus Christus was die geestelike bron waaruit die Ou Testamentiese mense gevoed is (Joh 1:4-5; 1 Kor 10:1-4; Heb 11:24-26).
- 12.14 Die vraag is: “Hoe is die Ou Testamentiese mense gered?” Die antwoord is: Hulle is gered deur geloof in wie Christus is, soos dit deur Sy Name in die Ou Testament na vore kom. Hulle is gered deur die geloof dat die Messias (die Christus) God is. Deur dieselfde geloof word ons ook gered. Dit was nog altyd die saligmakende geloof.
Ons kan dit ook so stel: Die Ou Testamentiese mense moes glo in die offer wat die Messias

later sou bring, en dat die betekenis van hierdie offer reeds van toepassing was in die Ou Testamentiese tyd (vergelyk die woorde: “*ons* sondes het Hy gedra...” ens – Jes 53:4-6). Die Heilige Gees het reeds die Ou Testamentiese gelowiges hiervan oortuig. Niemand kan buite Christus om gered word nie. Die Name van Christus waarin die Ou Testamentiese mense reeds moes glo om gered te kon word, moet tog in die vertaling duidelik aangedui word!

- 12.15 Jesaja 53 handel oor *die Regverdige* (vers 11) wat ons sondes op Hom sou neem en soos ’n lam na die slagplek (die kruis) gelei sou word (vergelyk Hand 3:14; 7:52; 22:14; 1 Pet 3:18 – 1953-Vertaling). Ook Psalm 22 gee ’n duidelike beskrywing van Christus se kruisdood. Beide Psalm 22 en Jesaja 53 sluit af met ’n beskrywing wat op Christus se opstanding dui (vergelyk Ps 22:26-32; Jes 53:10-12). In Psalm 16:8-11 word van Christus se opstanding geprofeteer. In die New King James Version lees vers 10 soos volg: *...Nor will You allow Your Holy One to see corruption.* In die ou Nederlandse Bybel lees hierdie teksvers soos volg: *Gij zult niet toelaten dat uw Heilige de verderving zie.* (Vergelyk Hand 13:35.)
- 12.16 Dit is net ’n Goddelike Persoon wat die oorwinning oor die duiwel en sy magte, en sonde, sou kon behaal. Christus het aan die kruis hierdie oorwinning behaal. Dink aan die volgende: Toe Christus aan die kruis gehang het, het God die Vader die sondes van beide die Ou en Nuwe Testamentiese gelowiges op Hom geplaas. Die Vader het Hom toe verlaat (Mark 15:34) en die duiwel en al die magte van die hel het teen Hom aangestorm. Ons kan sê dat Christus toe in die hel was. Terwyl Hy daar gehang het, was Hy liggaamlik uitgeput, ook weens bloedverlies en dors. Mense het Hom bespot. Die belangrike punt is nou: Dit is net ’n Persoon wat self God is, wat onder sulke omstandighede sou kon oorwin en die satan se kop vermorsel (Gen 3:15). Waar hierdie toneel in byvoorbeeld Jesaja 53 beskryf word, moet dus noodwendig hoofletters (vir die woorde: *die Regverdige*, *Hy* en *Hom*) gebruik word. As dit nie ’n Goddelike Persoon was wat vir ons sondes sou sterf en daarmee saam die duiwel sou oorwin nie, sou niemand gered kon word nie en sou die duiwel nie oorwin gewees het nie.
- 12.17 Die betekenis van hierdie oorwinning van Christus was reeds ten volle geldig in die tuin van Eden. Die betekenis van Sy kruisdood word nie deur tyd beperk nie. Uit hierdie waarhede weet ons dat byvoorbeeld in die sin: *Ek sal vyandskap stel tussen jou saad en haar Saad* (Gen 3:15) die woord “Saad” met ’n hoofletter geskryf moet word (soos byvoorbeeld in die New King James Version, die Amplified Bible, en The Scriptures gedoen is).
- 12.18 Dit is duidelik wat die werklike *historiese konteks* was waarin die Ou Testamentiese mense geleef het. Ons kan dit soos volg saamvat:
- Hulle het die ware God leer ken deurdat Christus dikwels op aarde verskyn het.
 - Al die mense was sondaars (Jes 53:5-6, 8).
 - Hulle het ’n Goddelike Persoon nodig gehad om vir hulle sondes te sterf (Jes 53:9, 11).
 - Hulle het geweet dat dit ’n Goddelike Persoon is wat as mens gebore sou word. Jesaja 9:5 sê: *Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors...*
 - Hulle het geweet dat Hy as die Messias op aarde gebore sou word (Ps 2:2; Jes 9:5; Mal 3:1-4).
 - Hulle het geweet dat Hy, as die *Kneg van die HERE*, vir hulle sondes sou sterf (Jesaja 53).
 - Hulle is, net soos die Nuwe Testamentiese mense, uit genade alleen gered (Jes 53:9-12; 55:1, 3).

- Hulle is deur geloof, en nie eie verdienste nie, geregverdig (Gen 15:6; Rom 4:3; Gal 3:6-8).
- God die Vader en die Seun het in mense se harte gewerk deur die Heilige Gees (Ps 51:13).
- Ook in die Ou Testamentiese tyd was Christus die enigste Verlosser (Gen 3:15; Jes 43:11; Joh 14:6; 17:2).
- Die betekenis van Christus se kruisdood was reeds van toepassing in die Ou Testamentiese tyd, want God word nie deur tyd beperk nie.
Dus: dieselfde Evangelie kom voor in beide die Ou en Nuwe Testament (Heb 4:2, 6).
Dít is die werklike historiese konteks waarin die Ou Testamentiese mense geleef het!

- 12.19 Die profesieë, ja die hele Bybel, is met geweldige krag gegee. Christus, die Woord, het so sterk gespreek dat Hy in een oomblik die skepping in aansyn geroep het (Psalm 33:6, 9 – 1953-Vertaling en The Scriptures; Joh 1:1-3). Met dieselfde krag het Christus ook die Skrifopenbaring gegee. Daarom mag ons nie die Ou (en Nuwe) Testamentiese openbaring geringskat nie.
- 12.20 Christus, die Spreker van God, het beide die Ou en Nuwe Testament gegee. Dus het beide Testamente dieselfde boodskap en is daar ook ooreenstemming tussen die boodskap van die twee Testamente.
- 12.21 Die siening wat Christus (en die skrywers van die Nuwe Testament) van die Ou Testament gehad het, was nie eers later ’n bepaalde siening nie, maar was deur die hele verloop van die Ou Testament die enigste regte siening. Met ander woorde, wat Christus gesê het, was presies wat God nog altyd gesê het.
Dit is belangrik om daarop te let dat die Ou Testament self oor Christus en Sy rol daarin getuig.
Die Nuwe Testament bevestig die waarheid van Christus se rol in die Ou Testament.
Ons moet dus vir Christus en die skrywers van die Nuwe Testament presies navolg. Dit is die enigste manier om die Ou Testament korrek te verklaar. (Ons moet ook in gedagte hou dat die apostels, wat die skrywers van baie van die Nuwe Testamentiese Boeke was, deur Christus self onderrig is tydens Sy aardse omwandeling. Drie jaar lank het Hy hulle onderrig in verband met die verstaan en interpretasie van die Ou Testament. Hy het ook aan Paulus verskyn – 1 Kor 9:1; 15:8.)
Die korrekte beginsel is dus: Die Skrif moet self die Skrif verklaar.
- 12.22 Ons riglyn moet inderdaad hierdie woorde van Christus wees, naamlik: *Dit is juis die Skrif (die Ou Testament) wat oor My getuig* (Joh 5:39 – 1983-Vertaling).
Christus het aan die Emmausgangers gesê: “... *dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms* (dus die hele Ou Testament) *vervul moet word*” (Luk 24:44). Ons moet dit gehoorsaam navolg – en onthou dat Christus ook gesê het dat ons kinderlik moet glo, anders sal ons nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie (Matt 18:3).
- 12.23 Die Heilige Gees en die Skrif getuig van Christus (Luk 24:27, 44). Dit is dus logies dat daar baie direk-Messiaanse profesieë in die Ou Testament moet wees.
- 12.24 *Al* die Ou Testamentiese Bybelboeke vertel van Christus (vergelyk Luk 24:25, 27, 44) en *al* die Ou Testamentiese profete het van Christus geskryf (vergelyk Hand 3:18; 10:43; en vergelyk ook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 77-186).

- 12.25 *Al* die profete getuig dat elkeen wat in Hom glo (ook in die Ou Testamentiese tyd) vergifnis van sondes deur Sy Naam ontvang (Hand 10:43; vergelyk Heb 4:2).
- 12.26 Die profete het *vanaf God* gespreek (2 Pet 1:21 – volgens die oorspronklike teks). Die profete is deur die Heilige Gees *gedrywe* of *meegevoer* (2 Pet 1:21). Die Skrif is deur God *geïnspireer* (2 Tim 3:16) en dit beteken letterlik: *Godgeasemd*. Die woord in Griekse taal is: *Theopneustos*.
- 12.27 Die Messiaanse verwagting was verblydend (Sag 9:9; Joh 8:56).
- 12.28 Die Messiaanse profesieë was finaal en onherroeplik. God bly getrou aan Sy woord (beloftes). Die Skrif bly dus altyd nuut.
- 12.29 Van die Messiaanse profesieë geld hierdie wonderlike waarheid dat dit onvoorwaardelik gegee was. Daar was geen eis waaraan enige mens moes voldoen om dit in vervulling te laat gaan nie. Hieruit blyk die karakter van louter genade.
- 12.30 Die Messiaanse profesieë was verkondiging van God se raadsplan wat van ewigheid af vas gestaan het. Daarom is byvoorbeeld Jesaja 9:5 en Jesaja 53 in die profetiese verlede tyd geskryf. (Die term *profetiese verlede tyd* beteken dat iets so seker is asof dit alreeds gebeur het.)
Dit is so pragtig van die Ou Testament dat die heilsmomente reeds waar en seker daarin aangekondig word – en nou is die punt dat dit in Bybelvertalings vandag duidelik aangetoon moet word!
- 12.31 Die geldigheid van die profesieë hang nie af van die mens se oordeel daaroor of van sy beleving daarvan nie. Net so mag ons nie vandag die wederkoms van minder belang beskou net omdat die mensdom dit nog nie beleef het nie.
Hieruit blyk ook die beginsel dat vertaal moet word vanuit die oogpunt van dít wat God verkondig het en nie uit die oogpunt van hoe mense dit sou interpreteer nie.
Die Bybel handel nie oor die mate van die mens se begrip van die openbaring nie, maar oor die inhoud van die openbaring self, naamlik wat God gesê het. Dit is wat by die Bybellesers van vandag tuisgebring moet word.
- 12.32 Volgens Lukas 11:52 het Jesus na die *sleutel van die kennis* verwys. (Jesus het gesê dat die Fariseërs die sleutel van die kennis *weggegooi* – en 1983-Vertaling: *weggeneem* – het.) Hierdie uitdrukking beteken: Christus is die sleutel wat die Ou (en Nuwe) Testament oopsluit. Hy is die sleutel tot die verstaan van die hele Bybel. Van altyd af het mense die ware kennis van God slegs deur Jesus Christus verkry, soos in Sy Woord geopenbaar. Met hierdie kennis word die Koninkryk van God oopgesluit. Dit is die enigste ware teologie. Die enigste suiwer en ware Skrifuitleg is dit waarvan Jesus Christus die INHOUD is.
- 12.33 In die Nuwe Testament het Christus self gesê dat Jesaja 53 na Hom alleen verwys (Luk 22:37 en Jes 53:12; vergelyk Matt 8:17; Hand 8:32-35). Slegs as die vertalers bereid is om kinderlik na te volg wat Christus gesê het, sal die vertaling korrek kan wees.
- 12.34 Wat moet ons doen? Jesus het gesê: “*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand*” (Matt 22:37). Ook die Bybelvertaling moet ’n weergawe daarvan wees dat ons God liefhet en eer.

12.35 Die slotsom is die volgende:

- Die suiwer interpretasie van die Bybel wat deur eeue heen reeds getoets is, behoort duidelik aan die Bybelleesers deurgegee te word.
- Niemand wat 'n kind van die Here is, wil sien dat Christus uit Sy eie Woord verdring of wegredeneer word nie.

Nota: Vir verdere argumente waarom Christus die ereplek in die Ou Testament het, kan u die *Samevatting* lees op bladsy 263 in die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*. Verder kan u hoofstuk 7 lees in die boek: *Is Jesus in Psalms?*

13. Wat is 'n Christofanie?

13.1 *Christofanie* is 'n begrip wat telkens in hierdie voorlegging na vore kom (vergelyk punte 7.2 en 14.16).

Die onderwerp van Teofanieë en Christofanieë in die Ou Testament is al deur honderde, selfs duisende, jare in die teologie nagevors. Die woord *Christofanie* word wêreldwyd gebruik. In die Engelse taal is die woord *Christophany*.

Die woord *Christofanie* is 'n samestelling van twee Griekse woorde, naamlik *Christos* (wat *Christus* beteken) en 'n vorm van die werkwoord *phainō* (wat beteken: *om te verskyn*). Die woord *Christofanie* beteken dus: *Christusverskyning*.

Die Christusverskynings was tegelyk Godsverskynings (of Teofanieë). In wese handel die Ou Testament oor Christofanieë. Christus het op verskillende maniere aan mense verskyn, naamlik: as God in heerlikheid, of soms het Hy gelyk soos 'n man. Hy het byvoorbeeld in helder daglig verskyn, of snags. Hy het in 'n droom aan Salomo verskyn (1 Kon 3:5; vergelyk Num 12:6). Hy het aan die profete verskyn wanneer Hy profesieë aan hulle gegee het (Num 12:6-8; Eseg 1:1; Hos 12:11). Wat ons betref, kan al hierdie verskynings as Christofanieë beskryf word. Christus kon verskyn *wanneer* en *soos* Hy wou, want Hy is God.

13.2 In die Ou Testamentiese tyd het Christus in manifestasies en visioene verskyn. Die verskil hiertussen kan soos volg beskryf word: 'n Manifestasie was 'n verskyning van Christus wat met die fisiese oë deur mense waargeneem kon word, maar 'n visioen kon slegs met die geestesoë gesien word. Verder was 'n manifestasie 'n tasbare werklikheid (vergelyk Gen 32:24-30) terwyl 'n visioen nie fisies tasbaar was nie.

Die verskil in betekenis tussen die terme *manifestasie* en *visioen* kan ook anders beskryf word. Ons kan aanvaar dat die woord *manifestasie* 'n besonder kragtige en duidelike openbaarmaking van God aandui. Tog sou, in terme hiervan, elke visioen waarin Christus verskyn het ook as 'n manifestasie beskryf kon word. Dink byvoorbeeld aan hoe kragtig Christus (as die *Engel van die verbond*, Mal 3:1) op die Sinaiberg neergedaal het om die wet te gee.

Christus het ook wanneer Hy profesieë gegee het, soms in die vorm van 'n man verskyn (byvoorbeeld Amos 9:1).

13.3 Dit kan hier nuttig wees om die siening wat ons by James Borland vind, kortliks onder oë te neem. (Ons verskil slegs van sy eerste stelling wat hier volg. Die res is insiggewend.)

13.3.1 Borland beweer in sy boek: *Christ in the Old Testament* (bladsy 16-17): Die Christofanieë behels slegs die verskynings van Christus in die vorm van 'n man. Al die ander verskynings was Teofanieë.

Ons antwoord hierop: God het Homself nog altyd slegs deur Sy Seun bekend gemaak. Dit

blyk dus dat *Christofanie* 'n wyer begrip is as wat Borland voorstaan. Hier volg 'n voorbeeld: Christus het, as die Engel van God, 40 jaar lank in 'n visioen in die wolk- en vuurkolom voor die volk uit getrek in die woestyn (Eks 14:19; 23:20, 23). Dit was dus wel Christus wat hier verskyn het, al was dit nie in die vorm van 'n man nie.

13.3.2 Borland beweer (a.w. bladsy 25-26): Dit is kenmerkend dat die Christofanieë slegs aan enkelinge plaasgevind het. Christus het nooit in die vorm van 'n man aan 'n groep mense verskyn nie.

Ons nota: Hou in gedagte dat ons nie weet in watter vorm die Engel, dus Christus, by Bogim verskyn en die hele volk toegesprek het nie (Rig 2:1-5). Ons kan egter aanvaar dat Hy hier in 'n wolkkolom omhul was, aangesien Hy ook in 'n wolkkolom omhul was tydens ander geleenthede waar Hy aan die hele volk verskyn het (Eks 14:19, 24; 19:16-18).

13.3.3 Borland beweer (a.w. bladsy 68-71): Christus se manifestasies het in die vorm van 'n man geskied.

'n Voorbeeld hiervan is die volgende: Abraham se drie besoekers word as *manne* beskryf (Gen 18:2, 16, 22). In die Hebreeuse teks word die woord *'ish* hier gebruik, wat die begrip van manlikheid oordra. Die Hebreeuse woord *'ādām*, wat die besit van menslike natuur uitdruk, word nie hier gebruik nie.

Die woord *'ish* kom ook voor op ander plekke waar Christus in manifestasies in die vorm van 'n man verskyn het, naamlik in Genesis 32:24; Josua 5:13 en Rigters 13:6.

13.3.4 Borland beweer (a.w. bladsy 67): Skrifgedeeltes wat 'n positiewe aanduiding van 'n menslike vorm bevat, kom slegs enkele kere voor. Moontlik is slegs die volgende voorbeelde hiervan, naamlik:

God se verskyning aan Abraham by Mamre (Gen 18:1-33), Sy worsteling met Jakob (Gen 32:24-32), Sy konfrontasie met Bileam (Num 22:22-35), Sy opdrag aan Josua (Jos 5:13 – 6:5) en Sy verskynings aan Gideon (Rig 6:11-23) en aan Manoag en sy vrou (Rig 13:3-23).

13.3.5 Borland beweer (a.w. bladsy 72-73): “The human-form theophany seems to have been God’s characteristic manner of revealing Himself in the early days of man’s sojourn on the earth.” Skrifgedeeltes wat vermeld dat God verskyn het, en waar 'n bepaalde verskyningsvorm nie genoem word nie maar wel geïmpliseer word, is byvoorbeeld: Genesis 2:15-16, 22; 3:8; 3:21; 12:1-3, 7; 16:7-13; 17:1-22; 26:2, 24; 35:1, 9-13, en 1 Samuel 3:10. (Vergelyk: a.w. bladsy 72-84.)

13.3.6 Borland beweer (a.w. bladsy 86): God kan Homself in 'n fisiese vorm vir 'n bepaalde doel aan mense vertoon. Om so 'n manifestasie van God te sien, bring nie die dood mee nie en is ook nie teenstrydig met God se onsienlikheid nie. Skrifgedeeltes wat die onsienlikheid van God beskryf, is byvoorbeeld: Eksodus 33:20, 23; Johannes 1:18; 1 Timoteus 1:17; 6:16, en 1 Johannes 4:12. Dit dui aan hoe God in werklikheid bestaan: Hy is Gees (Joh 4:24).

13.3.7 Borland beweer (a.w. bladsy 86): “What they beheld was naturally some *physical* manifestation of the invisible God and not the very essence of His being, which no mortal could ever behold.” Skrifgedeeltes wat aandui dat mense werklik vir God gesien het, is byvoorbeeld: Genesis 16:13; 32:30; Eksodus 24:10-11 en Rigters 6:22; 13:22.

13.3.8 Borland beweer (a.w. bladsy 25): Die langtermyn doel van die Christofanieë was onder andere:

- Christus het Sy toekomstige menswording antesipeer en die komende werklikheid daarvan geprofeteer. Elke Christofanie was dus ook 'n profesie!
- Christus het Sy werk in die Ou en Nuwe Testament verbind deur in beide in menslike vorm te verskyn.

Ons antwoord hierop: Ons stem hiermee saam. Christus se verskynings in die Ou Testament was in visioene en manifestasies, maar in die Nuwe Testament het Hy werklik ons vlees aangeneem.

- 13.4 By die Jabbokspruit het Jakob een nag met 'n *Man* geveg (Gen 32:24). Dat hierdie *Man* 'n Goddelike Persoon is, blyk uit vers 30, waarvolgens Jakob gesê het: "... *ek het God gesien van aangesig tot aangesig ...*" Die woord *Man* word hier met 'n hoofletter geskryf in die 1953-Vertaling, asook in, onder andere, die New King James Version, die Amplified Bible en The Scriptures. In laasgenoemde drie vertalings word die woord *Man* ook met 'n hoofletter geskryf in byvoorbeeld Josua 5:13 en Rigters 13:6.
- 13.5 In verband met Christus se verskynings in die vorm van 'n man moet die volgende ook in gedagte gehou word: Die visioene en/of manifestasies van Christus het telkens *verskyn* of *gekom*, en het daarna weer *verdwyn* of *opgevaar* (Gen 17:1, 22; 35:9, 13; Rig 6:11, 21; 13:3, 20). Vergelyk ook Borland, a.w. bladsy 81. Visioene word ook *gesigte* genoem (Gen 15:1; Num 12:6; Eseg 1:1).
- 13.6 In die Ou Testamentiese tyd het Christus deurgaans aan die regterhand van die Vader gesit (geheers) in die allerhoogste hemele (Psalm 110:1). Vandaar het Christus in manifestasies en visioene aan mense verskyn. Wanneer Hy so verskyn het, het Hy dus steeds buite die manifestasie of visioen bestaan. (Vergelyk verder hieroor: Borland, a.w. bladsy 85.)
- 13.7 Ons beskou dit as belangrik om hier ook die volgende te noem: Selfs toe die Heilige Gees op die 70 oudstes gelê is, het daar 'n Christofanie plaasgevind (Num 11:17, 25). Ons weet dat dit Christus was wat hier in 'n visioen in 'n wolk neergedaal het, want dit kom ooreen met die toneel toe Christus (as die *Engel van die verbond*, Mal 3:1) die wet/verbond gegee het (Eks 19:18-20). Dit is wel Christus wat in die verhaal van Numeri 11 die Heilige Gees gegee het. Dit word bevestig deur die feit dat Hy ook in die Nuwe Testament die Heilige Gees uitgestort het (Matt 3:11; Hand 2:33).
Wat 'n heerlike hoogtepunt sien ons hier (in Numeri 11) waar Christus in majesteit neerdaal en ongeveer drie miljoen mense (vergelyk Num 1:1-3, 45-47) voor Hom in aanbidding neerbuig! (Vergelyk Eks 33:9-11.)
- 13.8 Wanneer ons die Christofanieë in gedagte hou, kan ons Hebreërs 1:1 beter verstaan. Hierdie teksvers lees soos volg: *Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun...* Dit beteken dat Christus in die ou tyd in visioene aan die profete verskyn het en boodskappe van God aan hulle oorgedra het. Deur die Heilige Gees het Hy openbaringe aan hulle gegee. Die profete het dan die profesieë teenoor die volk uitgespreek. In die Nuwe Testament egter het Christus self direk met enkelinge en skares gepraat. Ook uit Sy alledaagse optrede kon hulle baie van God leer.
- 13.9 Christus se aktiewe rol in die Ou Testament sien ons veral uit die talle Christofanieë wat in die Ou Testament vermeld of geïmpliseer word. Hierdie gebeure en boodskappe is opgeskrywe – in die Ou Testament! (Ons kan aanvaar dat daar in die Ou Testamentiese tyd meer Christofanieë plaasgevind het as wat in die Ou Testament opgeteken is – vergelyk Joh 21:25.)
Die heerlike onderwerp van die Christofanieë behoort tog in ons teologie voorop te staan! (Punt 14 wat hierna volg, handel verder oor die Christofanieë.)

Nota: In verband met die onderwerp van die Christofanieë kan u byvoorbeeld die volgende boeke naslaan:

- Bavinck, dr H: *Gereformeerde Dogmatiek, Band 1*. (bladsy 299-301)
- Borland, James A: *Christ in the Old Testament*, (Subtitel:) *Old Testament*

- *appearances of Christ in human form.* (184 bladsye)
- Haasbroek, Danie: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament.* (bladsy 15-22, 194-199)

14. Die Boodskapper van God in die Ou Testament

Dit is nie net in die Messiaanse profesieë wat Christus in die Ou Testament voorkom nie. Deur die hele Ou Testament tree Hy ook self aktief op.

Daar is soveel leersaam te vind in die ware rol van Christus in die Ou Testament. As ons positief ons aandag hieraan wy en dit in Bybelvertalings deurgee, sal die negatiewe (die kleinlettertjeteologie) vanself verdwyn

Kyk byvoorbeeld na hoe Christus Sy taak as die Boodskapper (Engel) van God vervul het:

14.1 Die Engel van die Here is 'n Goddelike Persoon. Dit blyk uit die volgende:

- Hy word dikwels in dieselfde Skrifgedeelte as *Here* en *God* aangedui (Gen 22:11-16; Eks 3:1-6).
- Hy het vereis dat Hyself aanbid en vereer word.

In Genesis 22 word vertel hoe Abraham vir Isak gaan offer het. Die Engel van die Here het toe uit die hemel na Abraham geroep. Die Engel van die Here het Homself aan God gelyk gestel en gesê dat Abraham Hom *vrees* (dit was 'n ingesteldheid van aanbidding) en bereid was om sy seun Isak as *offer* aan Hom te bring (dit was 'n daad van aanbidding).

Christus het twee keer in die Ou Testament mense beveel om hulle skoene uit te trek, omdat die grond waarop hulle gestaan het heilig was. Hy het hulle dus beveel om 'n aanbiddingshouding in te neem omdat hulle voor Hom gestaan het. Christus is die *Engel van die Here* wat dit vir Moses beveel het (Eks 3:2, 5) en Hy is die *Leërowerste van die Here* wat dit vir Josua beveel het (vergelyk Jos 5:13-15).

In die New King James Version word Hy in Josua 5:14 *the Commander of the army of the LORD* genoem. (Vergelyk ook Op 19:11-16.)

14.2 Christus het baie take, ook in die Ou Testament. 'n Taak wat deurgaans prominent na vore kom, is Sy taak as die Boodskapper van God. (Die woord *Engel* beteken *Boodskapper*.) Hoe Christus hierdie taak vervul het, bly aangrypend.

'n Voorbeeld van 'n persoon wat hierdeur aangegryp was, is die apostel Johannes. Hy was omtrent 90 jaar oud toe hy die Evangelie van Johannes neergeskryf het, in die dorp Efese. Die Heilige Gees het hom gelei om sy lewe lank die Ou Testament diep te oordink en te besef wat die werklike inhoud daarvan is. Wanneer hy dan onder leiding van die Heilige Gees begin skryf, begin hy deur oor Christus se funksie in die Ou Testament te jubel (Joh 1:1-5).

Hy sê: *In die begin was die Woord* (Spreker, Boodskapper, Engel), *en die Woord was by God, en die Woord was God.* Dan gaan hy voort en beskryf hoe Christus in Sy funksie as die Spreker van God so sterk opgetree het dat Hy deur slegs een bevel te gee die skepping in aanskyn geroep het. Verder noem hy dat die lewe in Christus die lig van die Ou (en Nuwe) Testamentiese mense was.

14.3 In 1 Johannes 1:1-2 word Christus genoem die *Woord*, die *Lewe* en die *Ewige Lewe*, wat reeds in die Ou Testamentiese tyd by die Vader was (vergelyk die 1983-Vertaling). Uit hierdie Name van Christus sien ons dat Hy die Boodskapper en Verlosser vir die Ou Testamentiese mense was – en ook vir ons is. Dit is kenmerkend dat die eerste Sendbrief van Johannes (net soos die Johannes-Evangelie) begin met 'n beskrywing van Christus se rol in die Ou Testament.

- 14.4 Dat Jesus Christus wel die Engel van God in die Ou Testament is, word in die Nuwe Testament bevestig. Dit is die Woord (die BoodsAPPER) wat mens geword het (Joh 1:14; 1 Joh 1:1-2).
- 14.5 Christus het van altyd af bestaan, dus was Hy die Woord reeds lank voordat Hy mens geword het. Gedurende die Ou Testamentiese tyd het Hy aktief opgetree om God die Vader se woorde (of boodskappe) aan mense oor te dra. Christus se Ou Testamentiese Naam *Engel* (of BoodsAPPER) en Sy Nuwe Testamentiese Naam *Woord* het dus dieselfde betekenis.
- 14.6 Dat Christus as die BoodsAPPER en Woord van God opgetree het, word bevestig deur die feit dat Hy die groot Profeet is (Deut 18:15-19; Joh 6:14). Hy beklee hierdie amp van alle ewigheid af.
- 14.7 Die Naam *BoodsAPPER* dra die betekenis oor dat God die Vader, reeds in die Ou Testamentiese tyd, slegs deur Sy Seun gespreek het – net soos in die Nuwe Testamentiese tyd (Joh 3:34; 7:16; 8:28-29; 12:49-50). Selfs as die Vader boodskappe aan engele gegee het, het Hy deur Sy Seun gespreek (vergelyk Op 1:1).
- 14.8 Deur die eeue heen is in die suiwer Christendom aanvaar dat die verskynings van die Engel van die Here in die Ou Testament wel verskynings van Christus was. Reeds in die Ou Testamentiese tyd was dit Christus se taak om die boodskappe van God die Vader aan mense oor te dra. Ten einde dit te doen, het Christus dikwels in visioene en manifestasies aan mense verskyn. Sodoende het Hy ook God aan mense bekend gemaak. Dit was dus Christus self wat vanuit die brandende doringbos aan Moses verskyn het (vergelyk Sy Naam “*Ek is*” in beide Testamente – Eks 3:2, 14; Joh 8:58). Dit was ook Hyself wat die Israeliëte 40 jaar lank dag en nag in die wolk- en vuurkolom deur die woestyn gelei het (Eks 14:19; 23:20, 23). Die Israeliëte was dus uiters goed met die Messias (die Christus) bekend. Tog het die meerderheid van die Israeliëte en Jode Hom verwerp – dink byvoorbeeld aan die gebeurtenis rondom die goue kalf (Eks 32:1-6) en vergelyk Handeling 7:51-54.
- 14.9 Die vertalers van die 1933/53-Vertaling het dit dus presies reg gehad: Dit was wel ’n Goddelike Persoon, naamlik die *Engel* (met ’n hoofletter) wat aan Moses, in ’n vuurvlam in ’n doringbos by Sinaiberg, verskyn het (Hand 7:29-35) en wat aan Moses die wet op Sinaiberg gegee het (Hand 7:38).
- 14.10 Die Engel van die Here was Christus se Ou Testamentiese verskyningsvorm. Die Naam *Engel van die Here* en sy wissel terme, naamlik *Engel*, *Engel van God*, *Engel van Sy aangesig* en *Engel van die verbond* (of *Verbondsengel*), kom ongeveer 60 keer voor in die Ou Testament. Hierdie is wissel terme wat telkens dieselfde Persoon, naamlik Christus, aandui. Die hoofletter *E* dui aan dat Hy ’n Goddelike Persoon is. Hy is nie ’n engel wat geskep was nie.
- 14.11 Die Hebreëuse term *Malak Jahveh* word in Afrikaans met *Engel van die Here* (1953-Vertaling: *Engel van die HERE*) vertaal. Letterlik beteken hierdie term: *BoodsAPPER van die Verbondsgod*.

- 14.12 Ten opsigte van die Naam *Engel van Sy aangesig* (Jes 63:9) sê Edward J Young die volgende: *He is actually the Lord (Yahweh) Himself. The Angel of His face is the Angel who is His face or in whom His face is made clear. In Him the Lord is Himself present.* (Vergelyk: *The Book of Isaiah*, Vol III, bladsy 481-482.) Die term *Engel van Sy aangesig* beteken letterlik: *Engel van Sy gesig*. Christus het altyd God die Vader se aangesig gesien. Christus is die BoodsAPPER wat vanuit die intieme, heerlike teenwoordigheid van die Vader in die hemel boodskappe na mense toe gebring het. So het Hy dan ook Sy Vader se gesig vir mense kom wys (vergelyk Joh 12:45; 14:9) en mense kon ook Sy Vader se teenwoordigheid, heiligheid en liefde ervaar. Christus het dus reeds in die Ou Testamentiese tyd as die *Gesig van God* opgetree. Reeds in die Ou Testamentiese tyd was Hy die Beeld van God (Kol 1:15). In die gewone lewe lyk 'n seun soos sy pa omdat hy uit hom gebore is. So kan ons ook sê dat Christus soos sy Vader lyk, omdat Hy uit Hom gebore is, van alle ewigheid af – en daarom word Christus die *Seun* van God genoem (Ps 2:7, 12; Spr 30:4; Jes 9:5; Joh 3:16). Van altyd af het Hy Sy lewe van die Vader af ontvang (Joh 5:26; 6:57). Dit bevestig dat Christus die beeld en gesig van God is (2 Kor 4:4, 6; Heb 1:3). God die Vader se Naam is in die Engel (Eks 23:20-21).
- 14.13 Christus se Name word afwisselend gebruik. So byvoorbeeld word Hy in Genesis 3:8 *HERE God* en in Genesis 18 *HERE* genoem (1953-Vertaling). In beide het Hy as God die Vader se BoodsAPPER opgetree. Christus het tegelyk ook as die Verbondsgod opgetree. *HERE* (Hebreeus: *Jahveh*) beteken *Verbondsgod* (in Engels: LORD).
- 14.14 Christus het *van die begin af* as die Woord van God opgetree (Joh 1:1). Hieruit is dit duidelik dat dit Christus was wat reeds in die tuin van Eden verskyn het om 'n boodskap van God aan Adam en Eva te bring (Gen 3:8). Reeds daar het dus 'n Christofanie plaasgevind. (Vergelyk ook: Borland, a.w. bladsy 24, 74-75.)
- 14.15 In Genesis 18 word beskryf hoe Christus en twee engele aan Abraham verskyn het. Hier het Christus die boodskap gebring dat Abraham en Sara oor 'n jaar 'n kind sou hê. In hierdie wonderlike gebeurtenis sien ons dat Christus en die engele soos gewone manne gelyk het. Christus het werklik ingekom in ons menslike bestaan: Hy en die engele het selfs kos geëet terwyl Abraham uit eerbied by hulle bly staan het. Daarna het Abraham omtrent 'n dag lank saam met Christus en die twee engele gestap (vergelyk Gen 18:16). Ons kan aanneem dat Christus en Abraham die hele tyd oppad in gesprek was. Ons weet nie waarom hulle op hierdie dag (en ook tydens ander ontmoetings) alles met mekaar gepraat het nie. Tog kan ons wonder: Het Christus nie dalk ook vir Abraham van Sy komende geboorte op aarde, kruisiging, begrafnis, opstanding en hemelvaart vertel nie? Moontlik laat dit ons Johannes 8:56 beter verstaan, waar Christus gesê het: *Abraham, julle voorvader, het hom daarvoor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly.* (1983-Vertaling) Ons weet dat Abraham vir Christus baie goed geken het, want Christus het dikwels aan hom verskyn (Gen 15:1; 17:1; 22:10-17). Abraham het baie by Hom geleer.
- 14.16 Christus het wel honderde kere aan mense verskyn. Dit beteken dat daar honderde Christofanieë (Christusverskynings) in die Ou Testamentiese tyd plaasgevind het. Hy het in visioene en manifestasies verskyn. Hier volg 'n paar voorbeelde van hoe Hy verskyn het:
- Christus het verskyn as God in heerlikheid (Eks 19:16-19), en dikwels as 'n man (Gen 18:1-2; 32:24-30; Rig 6:11, 14; 13:6, 11).

- Hy het 40 dae lank met Moses en Josua op die berg gepraat (Eks 24:10-12, 16-18; 34:28-35).
- Soms kon die hele volk Sy verskyning sien (Eks 14:19-24; 19:16-19) en soms het Hy met die hele volk gepraat (Eks 20:18-20; Rig 2:1-4).
- Hy het aan die profete verskyn wanneer Hy boodskappe van God (dus profesieë) aan hulle gegee het (vergelyk punt 7.2).
- Hy het selfs verskyn aan mense wat nie profete was nie (vergelyk Rigters 6 en 13).
- Hy het helder oordag, of snags, of in drome aan mense verskyn.
- Sy Name (byvoorbeeld: *God, Here* en *Engel van die Here*) word afwisselend gebruik in die verskillende verskynings (Gen 22:9-16; Eks 3:1-6).

14.17 Christus het in die uitvoering van Sy taak oor baie lande heen bekend geword. Wat die Ou Testamentiese konteks aanbetref kan ons sê dat Hy wêreldwyd bekend geword het. So byvoorbeeld het die wonder van Christus se optrede as die Engel van God wat 40 jaar lank voor die volk uit in die wolk- en vuurkolom getrek het, in baie lande bekend geword (Num 14:13-14). Nasies het gesidder van angs wanneer hulle van Hom gehoor het (Eks 15:13-18; Jos 2:8-11). Sy boodskappe het oral bekend geword – en baie mense uit heidennasies het gelowiges geword (Mal 1:11, 14).

Dit was inderdaad nodig dat Hy wêreldwyd bekend moes wees, want mense moes Hom tog geken het of van Hom geweet het ten einde in Hom te kon glo en gered te kon word.

14.18 In die laaste Boek van die Ou Testament kom 'n besondere Naam van Christus na vore. In Maleagi 3:1 word Hy die *Engel van die verbond* (of *Verbondsengel*) genoem. Dit bevestig dat dit Christus is wat die verbond met Abraham en die Israeliete opgerig het (Genesis 15 en 17) en ook die hele wet gegee het. Die wet is ook die *verbond* genoem (Deut 4:12-13).

Die Naam *Engel van die verbond* beteken dus: Christus is die BoodsAPPER van God wat die Ou Testament (en ook die hele Skrifopenbaring) aan ons gegee het.

14.19 Die volgende is 'n korrekte definisie van wat die Ou Testament in werklikheid is:

Die Ou Testament is die versameling van die boodskappe wat Christus van God die Vader af gebring het in die Ou Testamentiese tyd.

14.20 Elke woord van hierdie openbaring is gespreek met dieselfde krag waarmee Hy in een oomblik die heelal uit niks geskep het (vergelyk Ps 33:6, 9 – 1953-Vertaling; Joh 1:3).

14.21 Volgens Handeling 7:53 en Galasiërs 3:19 het engele die wet gegee. In die lig van bogenoemde moet ons hierdie teksverse soos volg verstaan: Hierin word die boodskappers wat die Ou Testamentiese openbaring gegee het, kollektief beskryf. Hulle word gesamentlik as 'n groep van engele gesien. Die Engel van God is in hierdie twee teksverse in die groep ingesluit. Gewone engele wat as boodskapdraers van God in die Ou Testament optree, word in onder andere Daniël 9:21; 10:5 en Sagaria 1:9; 2:3; 4:1 beskryf. Moontlik is die geval van die profeet Elia by die spruit Krit ook hierby ingesluit (1 Kon 19:5, 7). Vergelyk ook Openbaring 1:1.

Dit is belangrik om te onthou:

- dat die Engel van God die belangrikste boodskapper is, en
- dat Hy self die boodskappe aan gewone engele gegee het om aan mense oor te dra.

14.22 Dit is duidelik dat die Heilige Gees in die Bybel openbaar dat Christus se teenwoordigheid en optrede sentraal staan in die Ou (en Nuwe) Testament. Ons behoort die noukeurigste aandag hieraan te gee en opgewonde hieroor te jubel.

Enige aantasting van hierdie openbaring sal, wat ons betref, vals lering wees.

Notas:

- * Dat Christus wel die Engel van die Here in die Ou Testament is, word bevestig in byvoorbeeld die volgende werke:
Handboek Bybelse Geskiedenis: Die Ou Testament, deur prof JH Kroeze (vergelyk bladsy 88); *Bible Commentary: The Minor Prophets*, deur dr Theo Laetsch (vergelyk bladsy 409-410 – en dit verskyn ook in die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 226-228 en lees ook bladsy 2-7, 188-191); en *The Amplified Bible* – vergelyk die onderskrif by Genesis 16.
- * Die volgende is voorbeelde van verskynings van Christus waar die 1983-Vertaling kleinletters gebruik, maar die 1953-Vertaling hoofletters: *engel* (Eks 23:20, 23; Num 20:16; Jesaja 63:9), *engel van God* (Rig 13:6), *engel van die Here* (Sag 3:1, 3, 5-6) en *man* (Gen 32:24). Vergelyk ook *seun, naam* (Spr 30:4). In die 1983-Vertaling word sommige verwysings na Christus, waar Hy verskyn het, wel met hoofletters aangedui. Vergelyk byvoorbeeld: *Engel* (Gen 48:16; Hosea 12:5), *Engel van God* (Gen 21:17; 31:11; Eks 14:19; Rig 6:20; 13:9), *Engel van die Here* (Gen 16:7-11; Eks 3:2; Rig 6:11, 21; 13:17-21; Ps 34:8; 35:5-6) en *Here* (Gen 18:22). Vergelyk ook *Wysheid* (Spr 8:1, 12).

15. Wat van die sogenaamde “oudste manuskripte”?

Die moontlike verskille in die tekste van die ou Bybelmanuskripte maak geen verskil by die beoordeling van Christus se ereplek in die Ou Testament nie. Die rede hiervoor is: Sy Name kom wel in elk geval in alle Ou Testamentiese manuskripte voor. Dit moet net korrek gelees word – en ook geglo word, anders kan dit wegvertaal word.

16. ’n Saak van geloof

Om Christus se Name in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament te behou, is ’n saak van geloof.

Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Heb 11:6). Dit beteken: Sonder geloof is ’n mens buite die wil van God; en ook: as mense weier om aan Hom gehoorsaam te wees, dan het Hy nie ’n behae in hulle nie (vergelyk Heb 3:12, 18, 19; 4:2).

Hebreërs 11:6 sê verder: “... hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy *is*...” Die woord *is* het die betekenis van: *is wie Hy is* (vergelyk Eks 3:14; en Joh 8:58 in die 1953- en 1983-Vertalings). Ook in die Ou Testament leer ons wie God werklik is. Dit is ’n saak van geloof. Geloof beteken: om te erken en te bely dat God is wie Hy is.

Dit beteken ook dat ’n mens die Name van God in die Bybel erken en dit in ’n Bybelvertaling behou – ook in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. Om Sy Name in die Bybel weg te vertaal, is in stryd met die geloof wat God van die ware aanbidders vereis.

17. Bybelvertalings met die regte tendense

U kan eerstens die Ou Afrikaanse Bybelvertaling (1933/1953-Vertaling) naslaan.

Die meerderheid van die bekende Engelstalige Bybelvertalings behou wel die Goddelike Name van Christus in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. Voorbeelde hiervan is: New American Standard Bible, New King James Version, Amplified Bible, Green’s Literal Translation, New Life Version, 21st Century KJV, Holman Christian Standard Bible, en The Scriptures (laasgenoemde is ’n vertaling van die Messiaanse Jode).

Dink daaraan dat duisende teoloë oor honderde jare wel erns gemaak het met die verstaan en vertaling van die Bybel.

Verkeerde tendense in Engelstalige Bybelvertalings:

Daar is 'n paar Engelstalige Bybelvertalings wat net in sekere opsigte afwyk. Voorbeelde hiervan is die Revised Standard Version (RSV) en die New International Version (NIV). Hierin word die volgende Name van Christus reeds wegvertaal – soos blyk uit die gebruik van kleinletters in plaas van hoofletters:

Die term *My righteous Servant* verskyn hierin as *my righteous servant* (Jes 53:11); en die term *Son of Man* verskyn hierin as *son of man* (Dan 7:13).

Daar is egter ander Bybelvertalings wat feitlik oral in die Ou Testament afwyk ten opsigte van die vertaling van die Messiaanse profesieë. 'n Voorbeeld hiervan is die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983- uitgawe).

18. Aanbevelings – en die korrekte rigting in Bybelvertaling

18.1 'n Storieboek handel oor verhale wat mense self uitgedink en oorvertel het. As die profesieë, en by name die Messiaanse profesieë, in hierdie kategorie sou val, sou die gebruik van kleinletters gepas wees.

Daarteenoor is die Skrif die getroue skriftelike weergawe van die Goddelike openbaring. Die woord *openbaring* dui aan dat die inhoud hiervan bonatuurlik is, van God ontvang is, en dat mense dit nie uit hulself sou weet nie. Verder is hierdie openbaring, in beide die Ou en Nuwe Testament, gegee deur die Spreker van God, naamlik Christus self. Hy het die openbaring deur Sy Gees (die *Gees van Christus* –1 Pet 1:11) gegee. Dít is die vasstaande rede waarom hoofletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament gebruik moet word.

18.2 Die Bybellesers verstaan dit so dat daar na 'n Goddelike Persoon verwys word op plekke waar hoofletters gebruik word – byvoorbeeld vir die woorde *Koning, Priester, Profeet* en in die voornaamwoorde *Hy* en *Hom* (en ook *Sy*). Die gebruik van hoofletters lei die Bybellesers presies reg. Hierdeur verstaan hulle dat dit 'n Goddelike Persoon is wat, as die Messias, as mens gebore sou word, God sou openbaar en vir ons sondes sou sterf.

Die Bybel behoort so vertaal te word dat die boodskap van die Bybel onomwonde korrek verstaan sal word – en dit word, wat ons betref, slegs bereik as hoofletters in die Messiaanse profesieë gebruik word. As dit gedoen word, word die Skrif met eerbied reg hanteer en word geen geweld of onwetenskaplikheid op die Bybel toegepas nie. Daarteenoor, deur kleinletters te gebruik, word die Skrifboodskap geweld aangedoen en word die Bybellesers, wat ons betref, beslis op 'n dwaalweg gelei, weg van Christus af.

18.3 Aan Christus kom die ereplek in die Ou Testament in werklikheid meer toe as wat selfs in die 1953-Afrikaanse Bybelvertaling die geval is. 'n Mens kom tereg tot hierdie konklusie wanneer verskillende Bybelvertalings met mekaar vergelyk word – soos byvoorbeeld in die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, gedoen is.

Neem dus die voorstel (punt 1.2) asseblief ernstig op!

18.4 Wat is tans die aangewese rigting om te kies?

Die vertalers het 'n ideale geleentheid om Christus meer na vore te bring as wat selfs in die 1953-Vertaling die geval is.

Kom ons neem die boek Psalms as voorbeeld. In die 1953-Vertaling is slegs drie psalms as direk-Messiaans vertaal, naamlik Psalm 2, 45 en 110 (maar in die 1983-Vertaling is geen psalm as direk- Messiaans vertaal nie).

In die New King James Version word sewe psalms as direk-Messiaans vertaal. Dit blyk uit die volgende tabel:

Psalm 2:2, 6-7, 12	<i>Anointed, King, Son</i>	vgl. Hand 4:25-27; 13:33; Heb 1:5
Psalm 16:8-11	<i>Holy One</i>	vgl. Hand 2:25-28, 31; 13:35
Psalm 22:1-32	<i>Me, My</i> (met hoofletters)	vgl. Matt 27:35, 39, 46
Psalm 45:2, 6-8, 11-12	<i>King, God</i>	vgl. Heb 1:8-9
Psalm 72:1	<i>Son</i>	
Psalm 110:1	<i>Lord</i>	vgl. Matt 22:44; Mark 12:36; Luk 20:42
Psalm 132:10, 17-18	<i>Anointed</i>	

Let op dat hierdie Name van Christus van die begin af die inhoud van die profesieë was – en dat dit dus nie net uit aanhalings van hierdie teksverse in die Nuwe Testament blyk nie.

- 18.5 Nie net in die Messiaanse profesieë nie, maar ook by verskynings van Christus in die Ou Testament, behoort Sy Name deurgaans met hoofletters geskryf te word. (Vergelyk die notas onder punt 14.22.)
- 18.6 Die Bybelvertalers kan dit gerus oorweeg om telkens die woord *Engel* (dus waar die woord op Christus dui) met die woord *Boodskapper* (let wel, met 'n hoofletter) te vertaal. Dit sal die Bybellesers help om beter te begryp wat werklik in die Ou Testament aangaan. In Maleagi 3:1 is die term *Engel van die verbond*, byvoorbeeld in die New King James Version en die Amplified Bible met die term: *Messenger of the covenant*, vertaal. In The Scriptures word die woord *Angel* deurgaans nie gebruik nie, maar slegs die woord *Messenger*.
- 18.7 Die aangewese weg is ook om die Verbondsnaam van God in die Ou Testament (*Jehovah* of *Jahveh*) met vier hoofletters (*HERE*) te skryf – soos dit in die 1953-Vertaling gedoen is, en in baie Engelstalige vertalings met *LORD* vertaal is.
- 18.8 Waar die vervulling van die Ou Testamentiese profesieë in die Nuwe Testament beskryf word, behoort ook hoofletters gebruik te word. So byvoorbeeld behoort die woord *Profeet* met 'n hoofletter geskryf te word in byvoorbeeld Johannes 6:14; 7:40 (vergeelyk Deut 18:15-19). Dit is hier tereg met 'n hoofletter geskryf in byvoorbeeld die 1983-Vertaling en die New King James Version. Verder behoort byvoorbeeld die volgende met hoofletters geskryf te word: die woord *Vader* in Jesaja 63:16 (wat ongelukkig in die 1983-Vertaling met 'n kleinletter geskryf is) en die woord *Rots* in 1 Korintiërs 10:4 (soos dit in die New King James Version gedoen is).

19. Versoeke aan die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Aangeheg vind u 'n kopie van die versoeke wat gerig word aan die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika – sien **BYLAAG 2**. Dit is vir alle Christene van belang om hiervan kennis te neem, en daarom word dit hierby aangeheg. **BYLAAG 3** sluit aan by BYLAAG 2, punt 4.

20. Kom ons bly getrou by die waarheid staan

Kom ons en die vertalers, as Christene, gaan moedig voort om Christus se posisie in die Ou Testament (en die hele Bybel) te eer, te beskerm en te verkondig. Ons moenie aan Christus se eer afbreuk doen nie, maar liever onthou dat die oorwinning uiteindelik Syne sal wees – net soos dit eeue gelede reeds in Psalm 2 opgeteken is: “...die vorste hou saam raad teen die *HERE* en teen sy *Gesalfde (Christus)*...” Maar: “Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle.”

Christus het ons beveel om Sy Woord te bewaar en Sy Naam nie te verloën nie (Op 3:8). In 2 Timotheus 3:16 sê Paulus: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot...weerlegging (om dwaling te bestry).”

Kom ons weerlê die dwalinge in verband met Christus deur die Skrif self te laat spreek!

Onthou: Daar is net **één** ware Evangelie.

Ons vertrou dat u die ernstige en goeie bedoeling wat ons met hierdie voorlegging het, sal insien – en sal gebruik in dieselfde gesindheid as waarin dit geskryf is. Dit is geskryf slegs met die bedoeling om die Koninkryk van God ten beste te dien. Hierdie voorlegging is ’n oproep aan almal om die Skrif hoog te ag, vir wat dit werklik is – en daarop ag te gee soos God vir Josua beveel het (Jos 1:8).

Dit is teen geen mens gerig nie. Dit is geskryf uitsluitlik om die waarheid van die Woord van God te dien, en om belydenis van ons geloof in die Drie-enige God en in Jesus van Nasaret as die mens se enigste Verlosser, weer te gee.

Ons versoek al die lesers van hierdie voorlegging vriendelik om vir die saak voorbidding te doen.

Met beste wense,

Prof PW Hoek
(Oud-voorsitter: Raad van die
Universiteit van Pretoria)

Ds Danie Haasbroek
Posbus 914606
Wingate Park
0153
Tel/Faks: (012) 345 2753
Sel: 076 689 3079
E-pos: daniehaasbroek@gmail.com

Notas vooraf:

- 1 Verwys na die voorafgaande gedeelte, die nota onder punt 8.7.
- 2 Die beswaarskrif (of gravamen) wat hierna volg, is deur ds Mike Smuts, snr, opgestel. Die beswaarskrif het voor die Wes-Kaapse sinode van die Ned. Geref. Kerk gedien, wat van 13 tot 23 Oktober 1987 vergader het. (Vergelyk: *Agenda* bladsy 878 – 882, en *Handelinge* bladsy 139.)

DS MIKE SMUTS TEEN NUWE BYBELVERTALING

GRAVAMEN INGEDIEN BY DIE SINODE VAN DIE NED. GEREFORMEERDE KERK IN S.A.
EN WEL TYDENS SY SITTING TE KAAPSTAD IN OKTOBER 1987

SAAK: DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING, IN BESONDER MET VERWYSING NA JESAJA HOOFSTUK 53

Ingedien deur: Ds MJ Smuts

Eerwaarde Voorsitter en Broeders

Oor hierdie aangeleentheid het ek die koninklike weg gevolg deur die saak eers aan die Kerkraad van die gemeente waarvan ek lidmaat is, voor te lê en wel op 3 Junie 1985.

Die Kerkraad het egter nie sy weg oopgesien om 'n mening oor die saak uit te spreek nie en het my aangeraai om 'n Gravamen aan die eerskomende Sinode voor te lê.

Omdat ek besef dat u sakelys swaar gelaai is, vra ek nederig om verskoning dat ek u aandag vir hierdie saak, wat vir my dringend van aard is, te vra.

Indien ek nie van mening is dat daar 'n moontlikheid is dat die eer van Christus dalk deur die NAB vertaling van Jesaja 53 geraak mag word, sou ek u nie gepla het nie. Ek wil dus die vertrouwe uitspreek dat hierdie Gravamen wel deur die Sinode in ontvangs geneem sal word.

1. Algemene opmerking:

Indien u die 1933-Afrikaanse Bybelvertaling met die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (NAB) vergelyk, sal dit u opval dat die sterk en duidelike aksent op die Messiaanse profesieë in 'n groot mate in die NAB verlore gegaan het. Indien die Sinode bevind dat hierdie stelling van my korrek is, is dit 'n vraag of die eer van Christus nie hierdeur in gedrang kom nie. (Vergelyk Jes 52:12 tot Jes 53:1-12, asook Jes 42:1-7; Jes 49:5-7; Jes 50:4-10 ens.)

2. Jesaja 52:12 tot Jesaja 53:1-12

Om so min moontlik die tyd van die Sinode in beslag te neem, sal ek my net tot bogenoemde Skrifgedeeltes beperk.

- 2.1 Volgens die 1933-Vertaling slaan Jesaja 53 slegs op Christus Jesus. In die bogenoemde vertaling word die persoonlike naamwoorde in vers 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11 en 12 telkens met 'n hoofletter "H" aangedui, d.w.s. dit dui op die Christus. Dieselfde geld vir Jesaja 52:13-15. Hierteenoor word al hierdie persoonlike naamwoorde, behalwe waar die persoonlike naamwoord die eerste woord in 'n sin is, in die NAB met 'n kleinletter "h" aangedui. Die rede wat die vertalers hiervoor aangee, is dat afgesien van 'n verwysing na die Messias dit ook op ander persone kan slaan. Hulle sê dat "My dienaar" (kleinletter "d") in Jesaja 52:13 ook op iemand anders as Christus kan dui. Die 1933-Vertaling hierteenoor lees "my Kneg", let wel: hoofletter "K".
- 2.2 In die Verklarende Afrikaanse Bybel is daar 'n voetnota aan Jesaja 53 wat soos volg lui: "Hierdie merkwaardige 'Ewangelie van die Ou Testament', wat ongeveer vyftien keer in die Nuwe Testament aangehaal word, vorm die hoogtepunt en in 'n sekere sin die dieptepunt van die Ou Testamentiese Messiaanse verkondiging. Nêrens elders in die Ou Testament word die karakter van die soendood van die Messias so skerp geteken nie."

Opmerking: Daar is net een soendood vir sondaars gesterf en dit is deur Christus Jesus. Hier kan tog nie ruimte gemaak word vir iemand anders – 'n koning of 'n profeet – se soendood nie.

- 2.3 Die 1933-Vertaling gee Jesaja 53:11 soos volg weer: "deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak, en Hy sal hulle skuld dra." LW: hoofletter "R" en hoofletter "H".

Die NAB lees soos volg: "My dienaar, die regverdige, sal mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra." LW: kleinletter "r" en kleinletter "h". Dus dit kon ook iemand anders gewees het as Christus.

Hierteenoor leer die hele Woord van God dat geen mens regverdig is nie. Byvoorbeeld Romeine 3:10, "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie." (Vergelyk Ps 14:3; Ps 53:2-4; Pred 7:20; Rom 3:23 ens.)

Niemand anders as Christus kan sondaars regverdig maak nie. Geen mens behalwe die Seun van die mens, kan die straf van sondaars dra nie, want elke mens is self 'n strafwaardige sondaar. Hierdie eer kom Christus alleen toe. Dit is tog die belydenis van ons kerk.

- 2.4 Die 1933-Vertaling gee Jesaja 53:5 soos volg weer: "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." LW: Telkens die hoofletter "H". Dit wys op Christus. Hierteenoor vind ons in die NAB telkens die kleinletter "h" in vers 5. Dit kan dus op iemand anders slaan.

Weer eens – niemand anders as Christus was vir ons sondes "deurboor" of vir ons ongeregtighede "verbrysel", of het ons "straf" gedra, of kon vir ons sondige toestand "genesing" bring nie. Ook vir die verbondsvolk van die Ou Testament kon niemand anders dit doen nie.

Golgota word vir ons hier so duidelik geteken. Die bekende Delitzsch stel dit baie raak soos volg: "It looks as if it had been written beneath the cross upon Golgotha, and was illuminated by the heavenly brightness..." p. 303, van sy kommentaar op Jesaja 52 en Jesaja 53.

- 2.5 In die 1933-Vertaling lees Jesaja 53:6b soos volg: “maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.” LW: Weer eens die hoofletter “H”. Die NAB verskil hiermee en gebruik ’n kleinletter “h”. Let daarop dat in vers 6a die profeet verklaar dat ons almal soos skape gedwaal het – almal – dus daar was nie een mens wat nie gedwaal het en dus geen ander mens wat ons ongeregtighede op hom kon neem nie, nie vir die mense van daardie tyd en ook nie daarna nie. Dit geld slegs vir Christus.
- 2.6 In die 1933-Vertaling in vers 7 lees ons: “Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos ’n lam wat na die slagplek gelei word ... ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.” Telkens hoofletter “H”. Slegs Christus is die Lam van God. Die NAB het ook hier voorsiening gemaak vir iemand anders. Telkens weer kleinletter “h”s.
- 2.7 In die NAB lees ons in vers 9 soos volg: “Hy het ’n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood, al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.” Telkens kleinletter “h”.

Hier is ’n duidelike teenstelling tussen “goddeloses” en “sondaars” aan die een kant en iemand wat nooit misdaad gepleeg het nie en nooit vals was nie. Dit kan net van Christus gesê word.

- 2.8 Die slotvers van Jesaja 53 stel dit wonderlik mooi en glashelder. Die NAB stel dit soos volg: “Hy sal saam met die magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het”. ’n Mooi vertaling maar telkens weer kleinletter “h”, om langs Christus vir iemand anders voorsiening te maak.
- Hier het ons te make met iemand wat as misdadiger beskou was, d.w.s. hierdie persoon was nie ’n misdadiger nie maar hy was so beskou. Dit slaan duidelik op Christus wat dan ook vir sy oortreders gebid het. Nog ’n maal staan hier dat hierdie persoon die sondes van baie op Hom geneem het. Slegs Christus kon dit doen.
3. Dit is opvallend dat wanneer die vertalers van die NAB se Nuwe Testament uit Jesaja 53 aanhaal, hulle deurgaans hoofletter “h”s gebruik i.p.v. die kleinletters. So word die erkenning gegee dat dit net op Christus slaan, byvoorbeeld Matteus 8:17, “So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: ‘Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra’.”

Christus het self verklaar: “Ek sê vir julle; die Skrifwoord wat sê: ‘En Hy is as misdadiger beskou’, moet aan My bewaarheid word, want wat op My betrekking het, gaan nou in vervulling.” (Luk 22:37). Kan dit duideliker?

- 4 Toe Filippus hom aangesluit het by die hoë amptenaar van Etiopië, was laasgenoemde juis besig om uit Jesaja 53:7 te lees. Die amptenaar vra vir Filippus: “Sê vir my asseblief, van wie praat die profeet hier, van homself of van iemand anders?” (Hand 8:34). Die daaropvolgende vers lees: “Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig.”
5. OPSOMMEND: Broeders

Kan daar van enige iemand anders as Christus gesê word dat:

- 5.1 hy as regverdige ander regverdig maak? So nie is Jesaja 53:11 nie korrek vertaal nie. (NAB)
- 5.2 hy as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir sy oortreders gebid het? So nie is Jesaja 53:12 in die NAB nie reg vertaal nie.

- 5.3 die Here ons almal se sondes op hom laat neerkom het of selfs net die sondes van die ou verbondsvolk? So nie is Jesaja 53:6 in die NAB nie reg vertaal nie.
- 5.4 hy ter wille van ons deurboor is, ja verbrysel is vanweë ons sondes en die straf wat vir ons die vrede bring op hom geneem het? So nie is Jesaja 53:5 in die NAB nie korrek vertaal nie.
- 5.5 hy ons krankhede op hom geneem het en ons smarte gedra het? So nie is Jesaja 53:4 in die NAB nie korrek vertaal nie.
6. Mag ons beweer dat Christus as ons enigste Middelaar, as die enigste Lam van God, as die enigste Regverdige voor God, hierdie eer met iemand anders kan deel?
7. Vriendelike versoek aan die Sinode:
- 7.1 Sal die Sinode dit asseblief oorweeg om hierdie ernstige saak na een van sy tydelike kommissies te verwys om sodoende die sinode in die geleentheid te stel om 'n oorwoë mening oor die saak uit te spreek.
- 7.2 Indien so 'n kommissie my beswaar as gegrond beskou en die Sinode gaan daarmee akkoord, sal die Sinode dan asseblief die saak langs die regte kanale probeer laat regstel, byvoorbeeld met die volgende herdruk van die NAB.
- 7.3 Indien die Sinode toegee dat hierdie hele saak, naamlik van die duidelike beklemtoning van die Messiaanse inhoud in die Ou Testament, reggestel behoort te word, sal u die verantwoordelike persone vra om na die hele Christologie, of Messiaanse inhoud van die Ou Testament, opnuut te kyk en om sodoende te sorg dat die volle eer aan Christus toekom.
8. Slot

Dankie dat u as lede van die Sinode my geduldig aangehoor het.

Met die hoogste agting

MIKE SMUTS

Emeritus leraar

Lidmaat van die Welgelegen-gemeente.

DIE BESLUIT VAN DIE SINODE:

Hierdie gravamen (beswaarskrif) is verwys na die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Wes-Kaapse en/of Algemene Sinode.

'n Kommissie van SKLAS (die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake) van die Wes-Kaapse sinode, het toe 'n verslag van 16 bladsye opgestel. Dit was bekend as die "uitvoerige verslag". Uit hierdie verslag het SKLAS toe 'n verkorte verslag saamgestel om as sy aanbeveling voor die sinode van 1991 te dien.

In SKLAS se verslag is die bogenoemde beswaarskrif van ds Smuts afgekeur. Hierdie aanbeveling van SKLAS is deur die Wes-Kaapse sinode van 1991 aanvaar en bekragtig. (Vergelyk die 1991-Sinode se *Agenda* bladsy 64-66, en *Handelinge* bladsy H47-H48, H170, 23, 25.)

Die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) se argumente:

Om die bogenoemde beswaarskrif te weerlê, het SKLAS (volgens sy verkorte verslag in die Agenda) onder andere die volgende argumente voorgehou:

1. *SKLAS het beweer:* “Dit is belangrik om daarop te let dat die titel ‘Messias’, wat afgelei is van ’n Hebreuse woord wat beteken ‘om met die hand te bestryk’, ‘om met olie te salf’, nêrens in die Ou Testament met die persoon van die toekomstige Heiland en Saligmaker in verband gebring word nie. Hierdie spesifieke toepassing vind ons wel by die latere Jodedom en in die Nuwe Testament (Joh 1:41-42; 4:25).”
Ons antwoord hierop soos volg:
Dit is ’n vasstaande openbaring van God wat ook in die Ou Testament opgeteken is: Christus is van alle ewigheid af deur God die Vader met die Heilige Gees gesalf tot drie ampte, naamlik *Koning, Priester en Profeet*, en om ons *Verlosser* te wees (Ps 2:2; 45:7-8; Dan 9:25-26; Hab 3:13 – 1953-Vertaling; Hand 4:25-27; Heb 1:8-9).
Dink ook hieraan: Die Ou Testamentiese gelowiges is tog gered deurdat Christus hierdie ampte reeds in die Ou Testamentiese tyd beklee het. Verder moes die Ou Testamentiese mense dit weet en glo om gered te kon word.
(Vergelyk ook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 38-44 en 206-213.)
2. *SKLAS het beweer:* “In die Ou Testament is daar nêrens ’n afgeronde en volledige tekening van die Persoon en werk van die komende Messias nie. Sy beeld skuil veelal agter simbool en profesie. Eers in die lig van die Nuwe Testament is dit moontlik om ’n ‘getuienis aangaande Christus’ in die Ou Testament te ontdek.”
Ons antwoord hierop soos volg:
Eerstens: SKLAS het nie in aanmerking geneem dat Christus self deurgaans in die Ou Testament aktief was nie. Hy het voluit funksioneer en die Ou Testament getuig deurgaans daarvan.
Tweedens: SKLAS het nie in gedagte gehou wat die ware aard van profesie is nie. God is almagtig sterk en Hy was dus in staat om te sê wat Hy direk oor Sy Seun wou openbaar.
Ons kan dit ook so stel: Christus, as die Spreker van God, was in staat om te sê wat Hy oor Homself geopenbaar het.
Derdens: Die argument dat ons eers vanuit die Nuwe Testament ’n getuienis aangaande Christus in die Ou Testament kan ontdek, is reeds in hierdie voorlegging onder punte 7.7 tot 7.15 beantwoord.
3. SKLAS wou verder die “piramide-model” voorstaan. Hulle beweer dat daar ’n groot aantal indirek-Messiaanse tekste in die Ou Testament voorkom. Dan sê hulle: “... en eers in ’n verwyderde verband sien dit op Christus.”
(Ons nota: Christus word in terme van hierdie voorstelling die “spits van die piramide” genoem.)
Ons antwoord hierop soos volg:
Christus is nie net die spits van hierdie piramide nie. Hy is ook die fondament en oprigter daarvan. Hy is die *Skepper* van die Ou Testament. Hy is ook van die begin tot einde die *Here*, die *Boodskapper* en die *Boodskap* daarvan.
Ons moet dit dus liever vermy om aan die Ou Testament as ’n piramide te dink.
(Vergelyk verder die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 43-50.)

4. *SKLAS het beweer*: “Die gebruik van die kleinletter ‘d’ beteken nie dat die Messias uit hierdie (‘dienaar van die Here’ – gedeeltes in die boek Jesaja) uit wegvertaal is nie. Hy is wel daarin teenwoordig maar dan op ’n Ou Testamentiese manier, in die sin dat die messiaanse funksie in die tyd van Jesaja verweef was met Israel en al sy funksionariese se roeping om ‘dienaars’ van die Here te wees. In Christus word al die drade van hierdie funksiemodelle saamgetrek.”

Ons antwoord hierop soos volg:

Die Ou Testament (net soos die Nuwe Testament) is deur die Heilige Gees geïnspireer (2 Tim 3:16) en dit is ’n feit wat SKLAS nie in sy verslag vermeld nie.

Die Heilige Gees getuig van altyd af van Christus, en Hy word tereg die *Gees van Christus* genoem (1 Pet 1:11; vergelyk 2 Sam 23:2) wat deur die profete getuig het. Dit is dus logies dat daar baie direk-Messiaanse profesieë in die Ou Testament moet wees.

In die *Kneg (Dienaar) van die HERE* – profesieë (Jes 42:1-7; 49:1-13; 50:4-10 en 52:13 – 53:12) is daar ’n ruim aantal aanduidings dat hierdie gedeeltes oor ’n bonatuurlike Persoon handel – en dat dit nie na die volk Israel, of Moses, of Kores, of wie ook al kan verwys nie. Daar is ook besliste aanduidings dat hierdie Skrifgedeeltes oor ’n Goddelike Persoon handel, want Hy word genoem *die Regverdige* wat self *nooit gesondig het nie* en wat in staat is *om ander regverdig te maak* (Jes 53:9, 11).

Die woord *Kneg* of *Dienaar* moet dus in hierdie gedeeltes met ’n hoofletter geskryf word.

(Vergelyk ook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 143-149 en 251-257.)

VERSOEKE WAT GERIG WORD AAN DIE UITVOERENDE HOOF VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

Pretoria
12 Mei 2008

Geagte ds Kritzinger

Die Bybelgenootskap het aan die publiek die geleentheid gegee om skriftelike voorleggings in te dien in verband met die nuwe Bybelvertaling wat tans onderneem word. Na aanleiding daarvan het ons 'n konsep-voorlegging voorberei, wat ons gewysig het nadat ons prof Combrink se brief van 17 Maart 2008 ontvang het.

Nadat elke vertaler en die persone van die Bybelgenootskap betrokke by die 2016-Bybelvertaling die voorlegging vir 6 weke in besit kon hê, en ons insette en kommentaar daarop hanteer het, beoog ons om die voorlegging te laat druk. Daarvan sal 120 eksemplare gestuur word aan prof Combrink in sy hoedanigheid as Hoof: Vertaling en Teksvorsing, by die Bybelgenootskap, met die versoek dat elke Bybelvertaler 'n kopie sal kry. Kopieë sal ook aan die streekantore van die Bybelgenootskap gestuur word. Vergelyk verder die aangehegte lys, getitel: *Ontvangers van Pakkette*.

Die volgende is spesifieke vrae waarop ons graag pertinente antwoorde wil hê. Dus versoek ons u, as uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap, vriendelik om so spoedig moontlik aan ons antwoorde op die volgende vrae te verskaf:

1. In onder andere Die Hervormer, amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, se uitgawe van 1 Mei 2006, is gerapporteer dat die Bybel weer opnuut in Afrikaans vertaal gaan word, en dat dit na verwagting ongeveer 2016 gereed sal wees. Hierdie besluit is finaal geneem tydens die vergadering van die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (die BSA), gehou in Februarie 2005. Daar is reeds 120 medewerkers deur verskillende kerke vir hierdie taak aangewys.

Dit blyk daaruit dat ook die Rooms Katolieke Kerk, benewens verskillende ander kerke, betrek is.

Kan dit waar wees dat die Roomse Kerk by ons Bybelvertaling betrek word? Al sou die Rooms Katolieke vertalers hoofsaaklik beperk wees tot die vertaling van die apokriewe boeke, het hulle tog inspraak op wyer terrein wat, wat ons betref, nie gewens is nie.

Nota:

In u posisie sal u seker bewus wees van Pous Benediktus XVI se gesindheid ten opsigte van Protestantisme, soos gerapporteer in Londen se Telegraph van 11 Julie 2007, en aangehaal in The Philadelphia Trumpet van Oktober 2007. Hierdie aangehaalde gedeelte verskyn onder die subopskrif: *Protestants not even a "church"*:

In July, London's *Telegraph* reported, "Christian denominations outside Roman Catholicism are either defective or are not full churches of Jesus Christ, the Vatican has reaffirmed. A 16-page document released by the Congregation for the Doctrine of the Faith, which Pope Benedict XVI once headed, described Orthodox churches as true churches, but said they are suffering from a "wound" since they do not recognize the primacy (state of being first!) of the pope.

"The document, approved by Pope Benedict, went on to say the "wound is still more profound"

in Protestant denominations. “Despite the fact that this teaching has created no little distress... it is nevertheless difficult to see how the title of ‘church’ could possibly be attributed to them,” it said... “While there was nothing doctrinally new in the document, it nevertheless prompted swift criticism from Protestants, Lutherans and other Christian denominations.”

(Hier volg die redakteur van The Philadelphia Trumpet, van Oktober 2007, se kommentaar:)

But the criticism was anemic compared to the pope’s scathing condemnation of their religions. The reason Protestants revolted in the first place was the corruption inside the Roman Catholic Church.

The pope can’t see how the Protestants could even have the title of “church” attributed to them! Quite an outrage coming from a church with such a bloody history.

This document criticized Orthodox churches almost as severely.

Other religions have a history of being afraid to criticize a powerful Catholic Church. That situation is only going to get worse as the Catholic Church rapidly grows in power and influence.

(Tot sover die aanhaling uit The Philadelphia Trumpet.)

2. (Ten opsigte van die 2016-Afrikaanse Bybelvertaling:) Ons is bewus daarvan dat die *Kerklike Advieskomitee: Die Afrikaanse Bybelvertalings-projek* (ABV-projek) hierdie projek koördineer en ongeveer 40 lede het wat ’n wye spektrum Afrikaanse kerke verteenwoordig. Hieruit is die *Begeleidingskomitee: Die ABV-projek* benoem wat 13 lede het en prakties die vertalingsproses moet begelei. Van albei hierdie komitees is prof Bernard Combrink die voorsitter en prof APB (Andries) Breytenbach die ondervoorsitter.

Dit is vir alle Christene in ons land en die buurstate van belang om te weet watter persone by die vertalingsproses betrek is, of daarby betrek gaan word.

Is hierdie inligting al gepubliseer? Hoe kan die publiek hierdie inligting bekom?

3. Beide pastoor Manie van den Heever en prof Combrink het bevestig dat die besluit reeds geneem is dat, in die beplande nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, kleinletters gebruik gaan word in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. Dit beteken ook dat Christus se Name weer daaruit gaan verdwyn (soos dit in die 1983-Vertaling gebeur het).

Is hierdie besluit duidelik aan alle Afrikaanse kerke gestel dat Christus weer uit Sy eie Woord wegvertaal gaan word?

4. Prof Andries Breytenbach is die ondervoorsitter van die *Kerklike Advieskomitee: Die ABV-projek*.

Ons kan aanneem dat hy in ’n groot mate leiding neem met die vertaling van die Ou Testament. (Die voorsitter, prof Bernard Combrink, is ’n Nuwe Testamentikus.)

Soos ons dit vertolk, kom prof Breytenbach se standpunt daarop neer dat die Messiaanse profesieë in die Ou Testament geen direkte verwysing na Christus bevat nie. Sy siening hieroor is vervat in Die Hervormer se uitgawe van 1 September 2004 wat by hierdie voorlegging as **BYLAAG 3** ingesluit is.

Ons kan net wonder hoeveel persone met soortgelyke oortuigings aan die Bybelvertaling deelneem. (Ons is bewus daarvan dat die Bybelgenootskap vooraf ’n wye spektrum Afrikaanse kerke genooi het om vertalers uit hulle eie geleedere te benoem.)

5. Ons weet dat die Bybel die Woord van God is, wat leer:
- dat Christus die alleen-Verlosser is,
 - dat die Ou en Nuwe Testament ’n eenheid is,
 - dat daar nie so iets bestaan soos ’n “selfstandige Ou Testament los van Christus nie”, en
 - dat die letterlike en fisiese maagdelike geboorte, kruisiging, begrafnis, opstanding, hemelvaart en wederkoms van Jesus Christus, die letterlike en volkome vervulling van die Messiaanse profesieë in die Ou Testament is.

Waarom sou die vertalers die moontlikheid toelaat dat, deur die gebruik van kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament, hierdie waarhede in twyfel getrek kan word?

6. Dit is belangrik om te weet watter brontekste gebruik word.

Sal dit nie dalk ’n doel dien indien voor in die beplande (2016) Bybel genoem word watter Hebreeuse en Griekse manuskripte as grondteks (bronteks) vir die vertaling dien nie? Moet dit nie nou reeds bekend gemaak word nie?

7. Die opdrag van die Bybelgenootskap aan die vertalers van die beplande Afrikaanse Bybelvertaling, is om ’n bronteks-georiënteerde vertaling daar te stel.

Gaan die vertaling aan sy doel kan beantwoord indien kleinletters in die Messiaanse profesieë gebruik word? Ons glo dat deur die gebruik van kleinletters, die boodskap en bedoeling in die bronteks verwarrend weergegee sal word en twyfel sal verwek.

Wat is u kommentaar?

8. Die saak wat in hierdie brief geopper word, raak die kern van die Evangelie en van ons geloofslewe.

Daarom stel ons die volgende vrae:

- Is u oortuig daarvan dat die lidmate kleinletters verkies wanneer na Christus in die Ou Testament verwys word?
- Is u oortuig daarvan dat die lidmate ’n nuwe Bybel wil hê waarin Christus uit die Messiaanse profesieë in die Ou Testament wegvertaal is?
- Is al die betrokke kerkdenominasies se lidmate in verband met die bogenoemde sake ingelig en geraadpleeg?

Hoe fundamenteel hierdie vrae is, word bevestig in Johannes 5:39, waar Jesus Christus self gesê het: “... *dit is juis die Skrif* (die Ou Testament) *wat oor My getuig.*” (1983-Vertaling)

9. Ons is van oortuiging dat die groot meerderheid van die Afrikaanssprekende Protestantse Christene hoofletters verkies in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament. Is dit nie ’n belangrike rede waarom die 1953-Vertaling steeds in groot aanvraag is nie?

10. U sal bewus wees daarvan dat in die Hebreeuse taal, weens sy skryfvorm, nie hoof- of kleinletters gebruik word nie. Die woorde wat die Name van Christus in die Hebreeuse teks weergee, kom wel in al die brontekste voor. Die kritiese punt is om dit vir die Afrikaanse publiek van vandag verstaanbaar te maak. Dit is tog van basiese belang dat Christus reg geïdentifiseer word in die Bybel.

Dit is gebruikelik in ons samelewing dat mense se name met hoofletters geskryf word as ’n vorm van eerbied.

Behoort oneindig groter eerbied nie aan Christus se Name bewys te word nie?

Ons wil graag so spoedig moontlik antwoorde op hierdie vrae verkry. Indien u nie saamstem met die inhoud van die voorlegging nie, moet u asseblief die spesifieke weerleggings daarvan aan ons stuur.

Sien ook **BYLAAG 4**, getitel: *Tydperk verleen aan die Bybelvertalers en die Bybelgenootskap*.

Wees asseblief verseker daarvan dat ons met hierdie skrywe slegs bedoel om die beste vir die Koninkryk van God te soek. Ons wil graag hê dat hierdie vertaling aan die ware boodskap van die Skrif reg sal laat geskied.

By voorbaat dank

Prof PW Hoek

Ds Danie Haasbroek

(Uittreksel uit Die Hervormer, uitgawe van 1 September 2004)

IN GESPREK MET PROF ANDRIES BREYTENBACH

(Die volgende vrae is deur die redakteur van Die Hervormer in 'n onderhoud aan hom gestel:)

U het in die Hervormde Kerk perspektiewe geopen vir 'n ander verstaan van die Ou Testament toe u daarop gewys het dat die sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament nie na Christus verwys nie. Hoe sal u die strekking van dié argument kortliks verduidelik?

Die hele saak van *Messiaanse tekste* in die Ou Testament berus volledig op die verwysings na Ou-Testamentiese gedeeltes wat ons in die Nuwe Testament aantref. Nuwe-Testamentiese skrywers se gebruik van Ou-Testamentiese tekste is beslissend bepaal deur die feit dat dit in die Joodse akademiese wêreld van daardie tyd algemene gebruik was om die Heilige Geskrifte *uit te lê* of te *interpreteer* deur woorde op die klank af aan te haal buite die verband waarin hulle staan, deur gebeure en instellings waarna in die Geskrifte verwys word tipologies en allegories van toepassing te maak op die eie tyd, ensovoorts. So 'n manier van uitleg of interpretasie van die Skrif beteken altyd dat die een wat dit doen die woorde iets anders laat sê as wat dit in die oorspronklike konteks beteken het. Dit bring ook altyd 'n seleksie van die aangehaalde teks mee. So byvoorbeeld word die helfte van Hosea 11:1 in Matteus 2:15 aangehaal en van toepassing gemaak op Josef en Maria se verblyf in Egipte. In Hosea 11:1 (*Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit Egipte geroep.*) gaan dit egter sonder enige twyfel oor die volk Israel. Dieselfde kan gesê word van Paulus se allegoriese interpretasie van die verhaal van Sara en Hagar in Galasiërs 4:21-31. Dit is baie duidelik dat die apostel in sy argument met die Galasiërs die verhaal totaal iets anders laat sê as wat dit in Genesis sê.

Teoloë het hierdie dilemma probeer oplos deur te veronderstel dat daar in die teks van die Ou Testament 'n dieper betekenis skuil as wat op die oog af sigbaar is. Dit word trouens al in Efesiërs 5:31 en 32 in soveel woorde gesê. Die hele saak van 'n sogenaamde *dieper betekenis* lewer egter baie ernstige vrae op: Waarom sou slegs enkele verse en selfs dele van verse 'n dieper (dit veronderstel ook voller, ryker, beter) betekenis hê, terwyl die res van die Ou Testament dit nie het nie? Waarom sou God dan die ryker betekenis verborge hou vir eeue en dit eers aan die lig bring na die koms van Christus? Meer nog, waarom sou ons die Ou Testament nog enigszins lees indien sy voller en ryker betekenis verborge is, terwyl ons daardie selfde betekenis duidelik uitgespel kry in die Nuwe Testament, en wel op so 'n wyse dat selfs 'n kind dit kan verstaan?

Dit is duidelik dat die argument van 'n *dieper betekenis* die Ou Testament ontkragtig en oorbodig maak. Daarom meen ek dat ons gewoon moet aanvaar dat die skrywers van die Nuwe Testament kinders van hulle tyd was wat in hulle verkondiging van Jesus van Nasaret as die Messias, van Joodse uitlegmetodes gebruik gemaak het en dat hulle dit gedoen het omdat die enigste Heilige (en dus gesagvolle) Skrif van die eerste Christene die Ou-Testamentiese geskrifte was. Ons kan in die geloof die saak wat hulle stel (byvoorbeeld die maagdelike geboorte in Matteus 1:18-25) aanvaar, maar ons hoef nie die kommunikasiestrategie wat hulle volg (byvoorbeeld om Jesaja 7:14 as *bewys* aan te haal) na te sê nie. Daarby moet ons in ag neem dat God in Jesus van Nasaret baie mèer gegee het as die messiasse wat in die Ou Testament verwag is. Ons kan God nie dankbaar genoeg wees nie dat Hy nie vir die wêreld 'n koning soos Dawid gegee het nie, maar die koning van die wêreld, en dat Hy nie aan ons 'n *seun van Dawid* gegee het nie, maar sy eie Seun.

Die verband tussen die Ou en die Nuwe Testament kom telkens in die hedendaagse kritiese teologiese vraagstelling opnuut na vore. Hoe sien u dié verband?

Daar is 'n sekere kontinuïteit tussen die Ou en die Nuwe Testament, maar daar is veral ook 'n diskontinuïteit: Volgens die Ou Testament is God se bemoeienis met die wêreld primêr op Israel, sy uitverkore volk, gerig; vra Hy in terme van die Sinai-verbond gehoorsaamheid aan sy wet en voorskrifte oor die offer van diere; kan die mens sy teenwoordigheid ervaar in die tempel in Jerusalem; ensovoorts. Volgens die Nuwe Testament is elkeen wat in sy Seun glo, deel van sy uitverkore volk; verwag Hy geen offers van diere meer nie; is Hy teenwoordig op enige plek waar mense tot Hom bid in die naam van Jesus; ensovoorts. Só gesien is daar dus baie min verband tussen die Ou en die Nuwe Testament.

Vroeër is daar gepoog om die verband tussen Ou en Nuwe Testament te verklaar vanuit 'n beloftevervullingskema: Wat ons in die Ou Testament lees, sou volgens dié skema voorspellings of beloftes wees van God se volle openbaring in die Nuwe Testament. Die belangrikste argument hierteen is dieselfde as by die vorige vraag: As die Ou Testament beloftes is en die Nuwe Testament die vervulling daarvan, het ons die Ou Testament nie meer nodig nie.

Vir my lê die verband tussen die twee Testamente op 'n ander vlak. Dit lê op die vlak van belydenis: Ons glo en ons bely dat die Ou Testament en die Nuwe Testament getuig van die een lewende God in sy verhouding met mense. Die oneffenhede tussen die twee Testamente bring mee dat ons nie 'n sluitende sisteem het waarin ons God en sy werk onder die mense kan tuisbring nie. En dit is goed so, want as God presies in een van ons sisteme sou inpas, sou ek baie bekommerd wees.

(Tot sover die aanhaling uit Die Hervormer van 1 September 2004.)

Reaksie hierop: In Die Hervormer se uitgawe van 15 Oktober 2004 is prof Breytenbach soos volg beantwoord:

Geagte Redakteur

In sy gesprek met die redakteur van Die Hervormer (1 September) stel prof APB Breytenbach sy standpunt dat die Messiaanse tekste in die Ou Testament nie na Christus verwys nie. Ek meen dat hy hom aan die volgende mistastings skuldig maak:

1. Die inspirasie van die Heilige Gees geld blykbaar nie as 'n uitgangspunt om die Skrif te verklaar en die psalms te berym nie, want nêrens in die gesprek verwys hy na die Heilige Gees en Sy werk nie.
2. Die Ou-Testamentiese mense het nie die lering van die Ou Testament in verband met Christus nodig gehad nie – naamlik dat Hy in die Messiaanse psalms (byvoorbeeld Ps 2, 45 en 110) as Gesalfde (of Messias), Seun (van God), God, Koning en Here verkondig word. Hulle kon dan blykbaar sonder geloof in hierdie waarhede gered word. (Hierdie Name van Christus is ook uit die nuwe psalmberyming verwyder.)
3. Verder impliseer hy dat die Nuwe Testament die Ou Testament verkeerd interpreteer. Hiermee verklaar hy ook dat ons nie die gesag van die Nuwe Testament kan aanvaar nie. Hierteenoor stel ek graag die volgende: Die ware Bybelse geloof het ook vir die Ou-Testamentiese mense berus op Christus, die Messias. Aan die Ou-Testamentiese mense is die Evangelie immers verkondig net soos aan ons (Heb 4:2). Niemand kon in die Ou-Testamentiese tyd na die Vader toe kom behalwe deur Christus nie (vergelyk Joh 14:6). Die Ou-Testamentiese mense moes tog Christus se Name en sy funksie uit die Ou Testament leer ken het ten einde daarin te kon glo!

Prof PW Hoek

Verdere beredenering van die bostaande onderhoud met prof Breytenbach (en die numerering loop aan:)

4. Prof Breytenbach beweer: “Die hele saak van Messiaanse tekste in die Ou Testament berus volledig op die verwysings na die Ou Testamentiese gedeeltes wat ons in die Nuwe Testament aantref.”

Hierteenoor stel ons die vraag: Hoe is die Ou Testamentiese mense gered as hulle niks van Christus geweet het nie? Dan kon hulle mos nie in Hom as die Verlosser geglo het nie. Dan moes hulle op ’n ander manier salig geword het. Die feit is egter dat Jesus gesê het: *Niemand* (dus ook nie die Ou Testamentiese mense) *kom na die Vader behalwe deur My nie* (Joh 14:6). (Vergelyk ook in die voorlegging, punte 7.11 en 7.12.)

5. Prof Breytenbach beweer: “Daarom meen ek dat ons gewoon moet aanvaar dat die skrywers van die Nuwe Testament kinders van hulle tyd was wat in hulle verkondiging van Jesus van Nasaret as die Messias, van Joodse uitlegmetodes gebruik gemaak het ...”

Die volgende opmerkings gee, wat ons betref, die regte perspektief:

- Die Joodse uitlegmetodes is deur die destydse Fariseërs en skrifgeleerdes gebruik, en nie deur die skrywers van die Nuwe Testament nie.
- Is dit nie die kerk van alle eeue se belydenis dat die Heilige Gees die Skrif geïnspireer het, en dus die skrywers van die Ou en Nuwe Testament gelei het nie? (Vergelyk byvoorbeeld 2 Tim 3:16.)

6. Die indruk word verkry dat prof Breytenbach van oortuiging is dat die Ou Testament nie ’n bepaalde Messias verkondig wat sou kom nie. Hy praat net van “messiasse wat in die Ou Testament verwag is”. Daarteenoor staan die waarheid van die Skrif vas, naamlik: die Ou Testament verkondig net een bepaalde Messias wat sou kom. Dit blyk byvoorbeeld uit die volgende:

6.1 Dit is ’n Goddelike Persoon wat as mens op aarde gebore sou word (Jes 9:5; vergelyk Matt 1:23).

6.2 Hy sou in Betlehem gebore word (Miga 5:1). In Matteus 2:3-6 word gemeld dat dit die owerpriesters en skrifgeleerdes se oortuiging was dat die Christus in Betlehem gebore sou word.

6.3 Om gered te kon word, moes die Ou Testamentiese mense glo in hierdie Goddelike Persoon, die Messias, en in die offer wat Hy sou bring deur Homself aan die dood oor te gee (Jesaja 53).

6.4 Deur Christus se verskynings, byvoorbeeld as die Engel (Boodskapper) van die Here, het die Ou Testamentiese mense die geleentheid gehad om Hom te leer ken en in Hom (en Sy boodskappe) te glo. Die Messias was reeds die Lewe en die Lig van die Ou Testamentiese mense (vergelyk Joh 1:4; en 1 Joh 1:2-3 in die 1983-Vertaling). Hy was wêreldbekend in die Ou Testamentiese tyd.

6.5 Dit was juis die *Engel van die verbond* (die Boodskapper van God wat die wet/verbond gegee het) wat as mens, en dus as die beloofde Messias, gebore sou word (Mal 3:1). Johannes die Doper sou die boodskapper wees wat Sy openbare optrede sou aankondig (Mal 3:1; Matt 11:10).

Hieruit is dit duidelik dat die Engel van die Here die Messias is wat as Goddelike Persoon na die aarde (na Sy *tempel*, Sy kerk, Sy kinders – Mal 3:1) sou kom – volgens die Ou Testament!

Volgens die Ou Testament is dit dus die *Gesalfde*, *Koning* en *Seun* (Ps 2:2, 6-7, 12) en *Here* (Ps 110:1; Mal 3:1) wat as mens gebore sou word. Dit is dus dieselfde Goddelike Persoon wat as *Here* aan die regterhand van die Vader gesit het, wat later self na die aarde

toe sou kom – en dus as mens op aarde gebore sou word (Ps 110:1; Mal 3:1).

Volgens Daniël 9:25-26 sou die *Gesalfde* (Messias) kom. Die tyd van Sy koms word hier in simboliese terme beskryf.

(Vergelyk ook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 38-44, 206-213.)

6.6 Christus het self in die Ou Testament aangekondig dat 'n bepaalde Messias sou kom. Dit blyk uit die volgende: Christus, as die Spreker van God, het die Ou (en Nuwe) Testament gegee. Hy weet presies wat Hy in die Ou Testament geopenbaar het. Dit het Hy in die Nuwe Testament presies reg verklaar (vergeelyk Luk 24:44; Joh 4:25-26; vergeelyk 1 Joh 2:22).

6.7 Paulus het die Ou Testament gebruik om te bewys dat Jesus die Christus is (Hand 17:2-3; 26:22, 23; 28:23; vergeelyk Joh 6:14; 7:40-41; Hand 18:28).

Hierdie betekenis en boodskap het die Ou Testament nog altyd self gehad. Die Nuwe Testament bevestig hierdie waarheid. Hierdie waarheid kan nooit deur enige iets vernietig word nie, ook nie deur die gebrekkige begrip van mense nie.

Beide Testamente het dieselfde Outeur, beide verkondig dieselfde Evangelie, en beide verkondig dieselfde Messias (Christus). Die Nuwe Testament bied dus die enigste korrekte verklaring van die Ou Testament. Dit wat die Nuwe Testament verklaar, is die presiese betekenis wat die Ou Testament nog altyd gehad het.

7. Prof Breytenbach se siening blyk onder andere ook uit sy opmerking: “(God het) nie aan ons die *seun van Dawid* gegee nie, maar sy eie Seun.”

Ons antwoord soos volg: Die Bybel sê egter dat God aan ons beide gegee het: die *seun van Dawid* (ten opsigte van Sy vleeslike afstamming en geboorte, Matt 1:1; 22:41-45; Hand 2:30; Rom 1:3) en *Sy eie Seun* (wat van altyd af God is). Met Christus se vleeswording is albei nature tog in Hom verenig!

8. Prof Breytenbach beweer: “Vroeër is daar gepoog om die verband tussen Ou en Nuwe Testament te verklaar vanuit 'n beloftevervullingskema Vir my lê die verband tussen die twee Testamente op 'n ander vlak. Dit lê op die vlak van belydenis.”

Hierteenoor antwoord ons soos volg: Prof Breytenbach het in dieselfde onderhoud beweer: “... ons (moet) nie die Bybel lees deur die bril van die belydenisskrifte nie.” (Vergelyk in hierdie voorlegging, punt 9 se inleiding.) Weerspreek hy homself?

Aanvaar prof Breytenbach die beloftevervullingskema ten opsigte van die Messiaanse profesieë in die Ou Testament? Hy beweer: “Wat ons in die Ou Testament lees, sou volgens dié skema voorspellings of beloftes wees van God se volle openbaring in die Nuwe Testament. Die belangrikste argument hierteen is dieselfde as by die vorige vraag: As die Ou Testament beloftes is en die Nuwe Testament die vervulling daarvan, het ons die Ou Testament nie meer nodig nie.” Verwerp hy dan al die Ou Testamentiese profesieë oor Jesus Christus? Dink hy dat die Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament 'n *ander* betekenis het as wat die Nuwe Testament daaraan toesê?

* Die Skrif leer die volgende:

Die Nuwe Testament interpreteer die Ou Testament deurgaans *direk-Messiaans!* 'n Voorbeeld hiervan is die feit dat teksgedeeltes uit Jesaja 53 agtien keer in die Nuwe Testament aangehaal word, en elke keer dui dit sonder enige twyfel op Christus alleen. (Vergelyk BYLAAG 1, asook die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, hoofstuk 9.)

Waarskynlik die enigste twee uitsonderinge op hierdie reël, is juis die twee voorbeelde wat hy noem, naamlik Matteus 2:15 en Galasiërs 4:21-31. Hierdie twee Skrifgedeeltes kan as allegoriese of metaforiese verwysings beskou word.

Waarom gebruik hy die twee uitsonderinge vir sy siening oor die verklaring van die Ou Testament? Waarom moet die paar honderd direk-Messiaanse verwysings in die Nuwe Testament, na Christus in die Ou Testament, buite rekening gelaat word? (Daar is wel ook baie indirek-Messiaanse profesieë in die Ou Testament.)

- Impliseer prof Breytenbach dat die 18 verwysings in die Nuwe Testament na Jesaja 53, 'n misbruik van die Ou Testament was?
- Impliseer hy dat Christus die Ou Testament wanvertolk het – en dit om Homself te regverdig? Geld dit ook vir die skrywers van die Nuwe Testament wat Jesaja 53 aanhaal?
- Waar, volgens hom, funksioneer Christus dan wel in die Ou Testament?
- Wat van al die duisende beloftes in die Ou Testament: van seën en straf, van die ewige lewe en die ewige verdoemenis, en van waarskuwings waaruit die mense van vandag lering moet ontvang?
- Heg hy geen waarde aan al die profesieë wat in die afgelope 2000 jaar vervul is nie, en ook aan die eindtydprofesieë wat nog vervul moet word nie?

Kan die Ou Testament, weens die vervulling in die Nuwe Testament, oorbodig word? Nooit nie! Kyk na die volgende:

- Die vervulling maak die beloftes ryker omdat die beloftes nou ook in die lig van die vervulling gesien kan word.
- Ook uit die Ou Testament word die Evangelie duidelik, naamlik hoe die Ou Testamentiese mense (ook u en my voorouers) gered kon word (lees Heb 4:2, 6), en ook ons.

9. Laastens wil ons vir hom daarop wys dat die woord *geheimenis* (Grieks: *mustérion*) in Efesiërs 5:32 nie wil sê dat die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament 'n geheimenis (misterie) is nie. Die verband waarin hierdie woord in Efesiërs 5 voorkom, dui slegs daarop dat die verhouding tussen man en vrou 'n geheimenis is wat heenwys na die verhouding tussen Christus en Sy kerk. Dit sê dus nie dat die aanhaling wat in Efesiërs 5:31, 32 voorkom uit Genesis 2:24 (in verband met die skepping van man en vrou) 'n geheimenis in die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament uitbeeld nie.

Dit is verseker so dat die meerderheid gereformeerde teoloë Efesiërs 5:31, 32 ook so verstaan. Hier volg 'n voorbeeld: William Hendriksen sê in sy kommentaar op Efesiërs (*Banner of Truth*-reeks) dat hy die volgende as die beste beskrywing hiervan vind: “Clearly Paul means to say that the comparison to the union of Christ and the church is the mystery.”

Hierdie siening van hierdie teks het niks met die Roomse standpunt (wat hul sakrament van die huwelik op hierdie teks grond) te doen nie.

* * * * *

Tydperk verleen aan die Bybelvertalers en die Bybelgenootskap

1. Daar is moeite gedoen om seker te maak dat die Bybelgenootskap en die vertalers van die nuwe (2016) Afrikaanse Bybelvertaling, voor publikasie van hierdie voorlegging, hieroor ingelig word. Dit is (in manuskripvorm en CD) vir twee tydperke aan hulle voorgelê, naamlik vir vyf weke (11 Februarie – 17 Maart) en weer vir 6 weke (12 Mei – 23 Junie 2008). Dit is in beide gevalle gestuur aan prof B Combrink, as voorsitter van die *Begeleidingskomitee: Afrikaanse Bybelvertalings-projek*. Vir die tweede tydperk is ’n kopie van die manuskrip ook aan ds Kritzinger, die uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap, gestuur. Die versoek is spesifiek gerig dat hulle die voorlegging beskikbaar moes stel aan alle persone wat by hierdie Bybelvertalingsprojek betrokke is.

Die doel hiermee was die volgende:

- Hierdeur is ’n tydperk verleen aan almal wat die voorlegging moes kry, om skriftelik en spesifiek te reageer indien hy/sy sou voel dat hy/sy te na gekom word of enige publikasie deur hom/haar of die uitgewers of medeskrywers daarvan.
- Aan al die vertalers en betrokkenes is geleentheid gegee om kommentaar te lewer voordat die voorlegging gepubliseer word. Ons het onderneem om na afloop van die tydperk, insette en kommentaar te oorweeg en daarna die voorlegging te publiseer.

Ons het wel van die twee genoemde persone, namens die instansies wat hulle verteenwoordig, terugvoer verkry.

2. Vir die Bybelgenootskap en die Begeleidingskomitee se gebruik is reeds op 11 Februarie aan hulle ’n kopie van elk van die volgende gestuur:
 - Die toepaslike gedeeltes uit die Agendas en Handeling van die Wes-Kaapse sinodes van 1987 en 1991 (vergelyk BYLAAG 1) en van die Noord-Transvaalse sinode van 1987 (vergelyk in die voorlegging, punt 8).
 - Die “uitvoerige verslag” van SKLAS van die Wes-Kaapse sinode, wat voor die 1991-sinode opgestel is.
 - Ds Mike Smuts, snr, se studiestuk, *Kan Jesaja 53 op iemand anders slaan as net op Jesus Christus alleen?* Dit kan as ’n aanvulling by ds Smuts se beswaarskrif wat in BYLAAG 1 verskyn, beskou word.
 - ’n Kopie van die onderhoud wat die redakteur van Die Hervormer met prof APB Breytenbach gevoer het, soos vervat in die uitgawe van 1 September 2004, amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk (vergelyk punt 9 se inleiding, asook BYLAAG 2 punt 4, en BYLAAG 3).

(Na bogenoemde word verwys in ons voorlegging.)

3. ’n Kopie van elk van die items onder punt 2 genoem, word saam met die gedrukte voorlegging-boekie gestuur aan die sentrale kerkkantore van elk van die kerke wat meewerk aan die nuwe (2016) vertaling.

Neem asseblief kennis van die volgende:

- Indien enige persoon of instansie enige van die stukke onder punt 2 genoem, wil bekom, tree asseblief met Danie Haasbroek in verbinding.
- Die vertalingskommissie van die ABV-projek stel voortaan die vertaalde gedeeltes beskikbaar op die webblad www.nuwekerkbybel.co.za met die oog op kommentaar van die publiek.

Bronnelys

- Bavinck, dr H
Borland, James A
Gereformeerde Dogmatiek. Deel 1. JH Kok, Kampen. 1928
Christ in the Old Testament. (Subtitel:) *Old Testament Appearances of Christ in human form.* Mentor series. Christian Focus Publications. 1999.
- d'Assonville (sr) VE
Grosheide, dr FW
Haasbroek, Danie
Die Psalms sing van Christus. Marnix, FEARIE Glen. 2005.
De Psalmen. Deel 1 en 2. JH Kok NV Kampen. 1952.
Christus moet weer die ereplek kry in die Ou Testament. (’n Studiestuk) NG Sendingpers, Bloemfontein. 1988.
- Haasbroek, Danie
Die Wonder van Jesus is die Ou Testament. Gedruk vir DH Trust. Wingate Park, Pretoria. Uitgawes: 2001, 2006, 2008.
- Haasbroek, Danie
Haasbroek, Danie
Is Jesus in Psalms? Gedruk vir DH Trust. 2003.
The Wonder of Jesus in the Old Testament. Printed for DH Trust. 2004.
- Hunt, Dave
A Woman Rides the Beast. Harvest House Publishers, Eugene, Oregon 97402. 1994.
- James, Rev Joel
Choosing a Bible Translation. (Reeks van 5 preke op CD.) Grace Fellowship Pretoria, Posbus 39263 Garsfontein Oos 0060. 2006.
- Janse van Rensburg, Johan
Kroeze, prof dr JH
Prediking uit die Ou Testament. Bybelmedia, Wellington. 2007.
Handboek Bybelse Geskiedenis: Die Ou Testament. Interkerklike Uitgewerstrust. HAUM, Pretoria Potchefstroom Kaapstad. 1965, 1969.
- Laetsch, dr Theo
Bible Commentary: The Minor Prophets. Concordia Publishing House, Saint Louis, Missouri. 1956.
- Lockyer, Herbert
All the Messianic Prophecies of the Bible. Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan. 1973.
- Mc Dowell, Josh
Evidence that demands a Verdict. Historical Evidences for the Christian Faith. Campus Crusade for Christ Inc. 1972, 1995.
- Ridderbos, dr J
De Profeet Jesaja. Deel 1 en 2. Korte Verklaring der Heilige Schrift. JH Kok NV Kampen. Deel 1: 1971; Deel 2: 1972.
- Smuts, ds MJ
Kan Jesaja 53 op iemand anders slaan as net op Jesus Christus alleen? Studiestuk soos opgestel deur ds MJ Smuts, Helderberg. Maart 1992.
- Thomas, WH Griffith
Wegener, Günther S
How we got our Bible. Dallas Seminary Press Edition. 1984.
In die begin was die Woord. Afrikaanse uitgawe deur Human en Rousseau (Edms) Bpk. 1961, 1991.
- Young, Edward J
The Book of Isaiah. Vol 1 – 3. William B Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan. 1965, 1969, 1972.
- Young, Edward J
The Prophecy of Daniel. William B Eerdmans Publishing Co. Grand Rapids, Michigan. 1949. Sewende druk: 1970.

Bybelvertalings:

Bijbel (dit is die ou Nederlandse Bybel, 1900 uitgawe, herdruk in 1919)
Die Bybel (in Afrikaans): 1933/53 uitgawe
Die Bybel – Nuwe Vertaling: 1983 uitgawe
King James Version
New American Standard Bible

New International Version
New King James Version Revised Standard Version The Amplified Bible
The Living Bible
The Scriptures

Nie-amptelike Bybelvertalings:

Die Boodskap. Redakteurs: Jan van der Watt en Stephan Joubert. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging. 2002.

Die Bybel: Nuwe Lewende Vertaling. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging. 2006.

Verklarende Bybels:

Die Bybel A-Z. Redakteur: Jan van der Watt. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging. 2003.

Die Bybel in Praktyk. Redakteurs: Wil Vosloo en Fika J van Rensburg. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging. 1993, 1996, 2001, 2007.

Die Bybellenium Eenvolumekommentaar. Redakteurs: Wil Vosloo en Fika J Van Rensburg. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging. 1999.

Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, Deel II. (Job tot Maleagi.) Onder redaksie van Prof Dr B Gemser, Prof Dr AS Geysler, ens. Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms) Bpk, Kaapstad. 1958.

Leefstyl-Bybel vir Vroue. Eindredakteur: Prof Christina Landman. Lux Verbi.BM. 2003.

24/7 Bybel vir die Lewe. Eindredakteurs: Nico Simpson en Ewald van Rensburg. Lux Verbi.BM, Wellington. 2006.

Liedereboeke:

Liedboek van die Kerk. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad. 2001.

Saamgestelde bundels:

- *In die Skriflig.* Tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging. Hoofredakteur: Prof JM Vorster. Jaargang /Vol 40; No 4; Des/Dec 2006. Navorsingsartikel deur JL Helberg (dit is prof Jaap Helberg, emeritus-professor in Ou Testament aan die NWU). Onderwerp: *Die messiaanse aard van psalms: Hoe dit 'n Nuwe Testamentiese lees, vertaling en omdigting van die psalms raak.*
- *Woorde wat ver kom, Deel I.* (Subtitel:) *Die literatuur van die Ou Testament.* Redakteurs: FE Deist en WS Vorster. (Medewerkers: HL Bosman, JJ Burden, JH le Roux, JA Loader.) Tafelberg Uitgewers, Kaapstad. 1986.
- *Working together for the Word.* (Subtitel:) *Celebrating 40 years of fruitful co-operation.* United Bible Societies. Zurich House, East Park, Crawley RH10 6AS, United Kingdom. 2005. Webtuiste: www.biblesociety.ie

Beswaarskrifte:

- * (Gravamen ingedien deur ds Danie Haasbroek teen die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Sien hiervoor:) *Agenda vir die Tiende Gewone Vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal van die Ned. Geref. Kerk. Sinodale Sentrum Pretoria, 8 tot 18 September 1987. Handeling van die Tiende Gewone Vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal van die Ned. Geref. Kerk, te Sinodale Sentrum Pretoria, 8 tot 18 September 1987.*
- * (Gravamen ingedien deur ds Mike Smuts, snr, teen die Nuwe Bybelvertaling. Sien hiervoor:) *Skema van werksaamhede – voorgelê aan die Veertigste Vergadering van die Hoogerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, op Dinsdag 13 Oktober 1987 op 9.30 vm en volgende dae, in die Ned. Geref. Kerksentrum, Kaapstad. Handeling van die Veertigste Vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gehou in Kaapstad van 13 tot 24 Oktober 1987.*
- * *Die “uitvoerige verslag” van SKLAS (wat in opdrag van die Wes-Kaapse sinode van 1987 opgestel is in verband met die gebruik van hoof- of kleinletters in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament).*
- * *Skema van werksaamhede. Voorgelê aan die een-en-veertigste Vergadering van die Hoogerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, op Dinsdag, 15 Oktober 1991 om 09.30 vm en volgende dae, in die Hugenote-Gedenksaal, Kaapstad. Handeling van die een-en-veertigste vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gehou in Kaapstad van 15 tot 23 Oktober 1991.*

Kerklike Tydskrifte:

Die Hervormer. Uitgawes van 1.09.2004; 15.10.2004; 15.02.2006 en 1.05.2006.

Die Kerkpad (dit is ’n semi-kerklike maandblad binne die GKSA). Uitgawes van Julie 2003, Januarie 2004 en Mei 2005.

Kerkbode. Uitgawe van 27.10.2006.

Ander Tydskrifte:

The Philadelphia Trumpet. Redakteur: Gerald Flurry. Uitgawe: Oktober 2007. Webtuiste: www.thetrumpet.co.za

* * * * *